

HOOFSTUK 4

GESINSVOORLIGTING* IN SUID-AFRIKA: 'N HISTORIESE OORSIG (1933-2000)

1. DOEL MET DIE HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk is primêr om deur middel van navorsing, inligting te versamel rakende Gesinsvoorligting in Suid-Afrikaanse skole voor die jaar 2000 wat as agtergrond kan dien vir die ontwerp van 'n Gesinsopvoedingsprogram vir skole in Suid-Afrika. Daar sal ondersoek ingestel word na Gesinsvoorligting in die voormalige onderwysdepartemente van Suid-Afrika. Ondersoek sal ook ingestel word na die kontemporêre Interim Kernsillabus van die Departement van Onderwys ten einde vas te stel watter tekortkominge daarin voorkom met die oog op die ontwerp van 'n nuwe program.

Om die bogenoemde primêre doelstelling voldoende te vervul, is dit nodig om op die volgende aspekte in die navorsing te fokus:

- Die doelstelling met Gesinsvoorligting in die voormalige onderwysdepartemente.
- Wie verantwoordelik was vir die vasstelling van die kurrikulum.
- Die verskillende benaminge van die programme.
- Hoe Gesinsvoorligting in skole se roosters gefigureer het.
- In hoe 'n mate ouers by die Gesinsvoorligtingsprogramme betrek was.
- Die hoedanighede waarvoor onderwysers moes beskik om Gesinsvoorligting te onderrig.

*Alhoewel die tema van hierdie ondersoek die term *Gesinsopvoeding* gebruik, sal daar in hierdie hoofstuk ter wille van duidelikheid van die term *Gesinsvoorligting* gebruik gemaak word. *Gesinsvoorligting* is die term wat deur die voormalige Onderwysdepartemente gebruik is.

- Die programinhoud wat in die voormalige onderwysdepartemente vir Gesinsvoorligting voorgeskryf was.

2. INLEIDING

2.1 'n Historiese oorsig van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel

Vanweë die rasgebaseerde politieke stelsel was daar voor 1994 in Suid-Afrika 'n onderwysstelsel waarin die voorsiening van onderwys vir elke bevolkingsgroep deur 'n eie onderwysdepartement hanteer was.

Die verskillende bevolkingsgroepe se onderwys sake binne die grense van die RSA was voor 1994 deur die volgende departemente gadministreer (Department of National Education 1993:1):

- Departement van Onderwys en Kultuur,
Administrasie: Volksraad (vir Blankes);
- Departement van Onderwys en Kultuur,
Administrasie: Raad van Verteenwoordigers (vir Kleurlinge);
- Departement van Onderwys en Kultuur,
Administrasie: Raad van Afgevaardigdes (vir Indiërs) en
- Departement van Onderwys en Opleiding en Onderwysdepartemente van die volgende Selfregerende Gebiede: Gazankulu, KaNgwane, Kwazulu, KwaNdebele, Qwaqwa en Lebowa (vir Swartes).

Die Departement van Nasionale Opvoeding was die oorkoepelende onderwysdepartement wat die Minister van Nasionale Opvoeding bygestaan het in die bepaling van die nasionale onderwysbeleid, welke beleid deur die Ministers van bogemelde departemente uitgevoer moes word.

Onderwys in die Onafhanklike Gebiede naamlik Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (hierna genoem TBVC-State), was deur die Onderwysdepartemente van hierdie state (TBVC-State) voorsien (Department of National Education 1993:1).

2.1.1 Historiese verloop van die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel

2.1.1.1 Onderwys vir Blankes

Voor September 1994 is onderwys vir Blankes deur vyf departemente gadministreer. Die vier provinsiale onderwysdepartemente het alle onderwys voorsien behalwe dié wat deur die wet as hoër onderwys omskryf is. Die destydse Departement van Nasionale Opvoeding was verantwoordelik vir hoër onderwys wat buitengewone onderwys en onderwys vir tegniese kolleges, teknikons en universiteite ingesluit het. Ingevolge die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1983 (Wet 110 van 1983), was alle onderwys aan Blankes onder die beheer van die Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad (Department of National Education 1993:1).

Na die proklamering van die 1983-Grondwet het die vier voormalige provinsiale onderwysdepartemente as subdepartemente tot 1994 onder die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, voortbestaan (Department of National Education 1993:1).

2.1.1.2 Onderwys vir Kleurlinge

Voor 1910 was onderwys vir Kleurlinge hoofsaaklik in die hande van sendinggenootskappe en kerke (Behr 1988:12-13). Na 1910 het die provinsiale onderwysdepartemente onderwys aan Kleurlinge voorsien. Die beheer oor onderwys vir Kleurlinge is vanaf Januarie 1964 kragtens die Wet op Onderwys vir Kleurlinge van 1963, (Wet 47 van 1963), na die Departement van Kleurlingsake oorgedra. Ingevolge hierdie Wet het die verantwoordelikheid vir alle onderwys vir Kleurlinge, uitgesonderd tersiêre onderwys, by die Departement van Kleurlingsake berus. Na die inwerkstelling van die Verteenwoordigende Kleurlingraad, het die Administrasie van Kleurlingsake tot stand gekom wat die administrasie van Kleurlingonderwys

oorgeneem het. Na 1 Junie 1980 het die nuut totstandgekome Departement van Kleurlingsake en na 1 Oktober 1980 die Departement van Binnelandse Sake, die Administrasie van Kleurling-onderwys deur 'n direktoraat vir onderwys behartig (Department of National Education 1993:1,2).

Alle onderwys vir Kleurlinge was kragtens die 1983-Grondwet tot 1994 onder die beheer van die Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Verteenwoordigers (Department of National Education 1993:1,2).

2.1.1.3 Onderwys vir Indiërs

Tot en met die oorname van Indiëronderwys deur die Departement van Indiërsake in 1965, was die provinsiale onderwysdepartement (hoofsaaklik die Natalse Provinsiale Administrasie) vir Indiëronderwys verantwoordelik. Vanaf 1 Oktober 1980 was onderwys die verantwoordelikheid van die direktoraat van Indiëronderwys in die Departement van Binnelandse Aangeleenthede.

Sedert die inwerkingtreding van die 1983-Grondwet was alle onderwys vir Indiërs onder die beheer van die Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes (Department of National Education 1993:2).

2.1.1.4 Onderwys vir Swartes

Tussen 1904 en 1953 was die administrasie van onderwys van Swartmense in die gesamentlike hande van kerke en die provinsiale onderwysdepartemente, alhoewel die finansiering daarvan geleidelik die verantwoordelikheid van die Sentrale Regering geword het. Die verantwoordelikheid vir Swart onderwys is op 1 Januarie 1954 aan die Sentrale Regering oorgedra (Department of National Education 1993:2).

Sedert 1968 is die administrasie van onderwys vir Swartes geleidelik gedesentraliseer na streke en die Selfregerende Gebiede. In elkeen van die Selfregerende Gebiede is 'n departement van onderwys wat in die gebied vir alle onderwys behalwe universiteitsonderwys verantwoordelik was, ingestel. Tussen 1976 en 1982 het vier

van die Selfregerende Gebiede, naamlik Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (TBVC-State) onafhanklike state geword en het die voorsiening van onderwys op alle vlakke (met die uitsondering van die universiteit van Fort Hare) die verantwoordelikheid van die onderskeie regerings geword. Tot voor 1994 het die Minister van Onderwys en Opleiding alle onderwys vir Swartmense in die RSA geadministreer (Department of National Education 1993:2).

Vervolgens sal daar 'n studie gemaak word van Gesinsopvoeding in skole soos dit voor 1994 in die afsonderlike onderwysdepartemente gefigureer het.

3. GESINSVOORLIGTING IN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR, ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

3.1 GESINSVOORLIGTING IN KAAPLAND

3.1.1 Inleiding

Die sillabus vir Gesinsvoorligting in Kaapland was tweeledig van aard. Voorsiening is gemaak vir 'n Kernprogram om die minder intieme aspekte van die gesinslewe te behandel, en ook vir 'n Opsionele Program vir die behandeling van die meer intieme aspekte met betrekking tot gesins- en geslagsopvoeding. Laasgenoemde program was aan individuele leerlinge of kleiner groepe leerlinge*, geslagte apart, aangebied. Gesinsvoorligtingonderwysers kon die program op so 'n wyse aanbied dat dit by die besondere behoeftes van die betrokke gemeenskap, skool en leerling kon aansluit (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:2).

In die beskikbare literatuur word melding gemaak van die doel met Gesinsvoorligting,

*Alhoewel die terme "leerling" en "onderwyser" met die terme "leerder" en "opvoeder" deur die huidige Departement van Onderwys vervang is, sal daar in hierdie hoofstuk van die terme "leerling en onderwyser" gebruik gemaak word soos dit in die amptelike dokumente van die voormalige Onderwysdepartemente verskyn.

ouerbetrokkenheid, onderwyseropleiding, bydrae van buite-instansies en die programinhoud. Daar word egter nie melding gemaak van die periodetoewysing nie.

3.1.2 Vasstelling van die kurrikulum

Die destydse Direkteur van Onderwys, mnr. F.S. Meyer, het 'n komitee, genoem die Breë Komitee, aangestel om 'n Gesinsvoorligtingsprogram gedurende die jare 1975 tot 1977 vir Kaaplandse skole te ontwikkel. In Februarie 1978 is die program tydens oriënteringskursusse aan die hoofde en personeel van skole in Wes-Kaapland bekend gestel (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:1).

3.1.3 Doelstellings

Die Onderwysowerheid van Kaapland was van mening dat die oorkoepelende doel van Gesinsvoorligting die uiteindelijke behoud van die gesinslewe is. Die onderwysowerheid het geglo dat die Gesinsvoorligtingsprogram, wanneer dit versigtig, taktvol en met oortuiging aangebied word, 'n teenvoeter kan bied teen negatiewe invloede op die gesin en so 'n bydrae kan lewer om die gesinslewe te verstewig. Deur Gesinsvoorligting kan die leerling voorberei word vir ouerskap, sy gesin leer ken, die prosesse wat in die gesin plaasvind leer verstaan en ook sy eie plek objektief in die gesin, sien. Die program kan tot stabiliteit en sekuriteit in gesinne lei wat daartoe kan bydra dat die kind die goed omskrewe morele en godsdienstige kodes sal aanvaar en begryp (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:1,2, Liebetrau 1989:1,2).

Die Breë Komitee het die doelstellings vir die Gesinsvoorligtingsprogram in Kaapland, soos volg omskryf (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:1,2, Liebetrau 1989:1,2):

- a. Die bevordering van 'n positiewe persoonlikheidsontwikkeling en karaktervorming van die kind deur planmatige, deurlopende voorligting.
- b. Die aanleer van sinvolle estetiese, morele en godsdienstige lewenswaardes wat

- sal bydra tot die ontwikkeling van 'n eie gebalanseerde lewensbeskouing.
- c. Leiding aan die leerling om te besef dat sy persoonlikheidsontwikkeling ten nouste saamhang met sy daaglikse doen en late en bepaal word deur die keuses wat hy uitoefen en die lewensdoel wat hy nastreef.
 - d. Hulpverlening aan ouers om hulle opvoedingstaak te vergemaklik, te steun en aan te vul, met inagneming van die individualiteit van die kind en sy natuurlike skaamheid aangaande intiem persoonlike sake.
 - e. Hulpverlening aan ouers wat hulle nie opgewasse voel om die meer intieme aspekte van die gesinslewe aan hul kinders oor te dra nie, deur voorligting op gespesialiseerde wyse, aan die hand van die Opsionele Program in samewerking met die ouers, aan te bied.
 - f. Die skepping van 'n gunstige klimaat in die gesin wat effektiewe kommunikasie tussen ouer en kind bevorder en dit vir die ouer makliker maak om sy voorligtingstaak te verrig.
 - g. Bevordering van noue samewerking tussen ouer, skoolhoof, onderwyser en ander belanghebbendes wat sal bydra tot die ontwikkeling van gesonder persoonlike verhoudinge binne en buite die gesinsverband.
 - h. Die kweek van 'n positiewe gesindheid teenoor die gesin as die hoeksteen/kern van 'n gesonde volksbestaan.
 - i. Aanbieding van die program volgens die besondere behoeftes van die betrokke gemeenskap, skool en leerling.
 - j. Die oordra van aanvaarde Christelike lewenswaardes, naamlik dat die mens 'n verantwoordelike wese is wat deur 'n ewige God geskape is, met 'n bepaalde en betekenisvolle lewensdoel, en 'n verpligting teenoor sy medemens en sy Skepper.

3.1.4 Ouerbetrokkenheid

Die Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop (1978b:4) was daarvan oortuig dat die sukses van die Gesinsvoorligtingsprogram afhang van die doeltreffende kommunikasie tussen ouers en die skool. Die ouers is beskou as die primêre opvoeders en die skakeling tussen die

ouers en die onderwyservoorligter is een van die hoekstene van die Gesinsvoorligtingsprogram.

In die inligtingstuk “Gesinsvoorligting: Wenke aan die Skoolhoof” van die Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop (1978b:1) is dit duidelik gestel dat die ouers ten nouste betrokke by die skool moes wees wanneer ’n Gesinsvoorligtingsprogram beplan word. Die skoolhoof en betrokke personeel moes al die netwerke waaroor die skool beskik ten volle benut en noue skakeling met die skoolkomitee en ouer-onderwysersverenigings soek en oueraande en huisbesoeke benut.

3.1.5 Ouervergaderings

Ouervergaderings was vroeg in die eerste kwartaal gereël net nadat die onderwyser wat vir die betrokke klas die program gaan aanbied, sy werkbeplanning gereed gehad het. Skriftelike uitnodigings vir die vergadering was aan ouers gestuur.

Die doel met die ouervergaderings was om kommunikasie tussen ouers en leerlinge te bewerkstellig en te handhaaf. Die program was daarop gemik om die verwydering wat tussen ouers en kinders mag bestaan, te verklein. Ouers het ’n program ontvang en is aangemoedig om dit ’n gewoonte te maak om gesprekke wat in die klaskamer begin is by die huis voort te sit. Op hierdie wyse kon die ouer op die hoogte bly van wat in die kind se gemoed aangaan (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:12; Liebetrau 1989:11).

Die volgende het plaasgevind by so ’n byeenkoms:

- a. Ouers en voorligter gesels oor die voorgenome program nadat laasgenoemde die program aan die ouers geskets het.
- b. Die ouer kry ’n aanduiding van die tydintervalle waarin sekere dele van die program behandel gaan word.
- c. Die ouers ontvang ’n kopié van die werkbeplanning van die onderwyser indien hulle dit verlang.

- d. Dele van die Onderwysersgids kan self aan die ouers voorgelees word of indien die behoefte bestaan, kan dele daarvan gekopiëer word vir ouers vir studie-doeleindes.
- e. Die ouers ontvang insae in die bronnelys wat deel uitmaak van die Onderwysersgids.
- f. Die onderwyser dui vir die ouers aan watter dele van die program sal neig om oor te gaan tot intieme gesprekke wat nie in die gemengde klasgroep bespreek sal kan word nie. Ouers ontvang leiding ten opsigte van antwoorde wat tuis op vrae van kinders verskaf sal moet word. Waardevolle leesstof word vir hierdie doel aanbeveel.
- g. “Die hoofsaak is om die ouers te oorreed om die gesprek wat in die klaskamer begin het, by die huis voort te sit” (Liebetrau 1989:11).
- h. Die ouers ontvang leiding ten opsigte van die Departement se standpunt met betrekking tot die natuurlike geslagskaamheid van kinders en die noodsaaklikheid daarvan om dit te bewaar en te behou.
- i. Die onderwyser verduidelik ook die beginsel van die Opsionele Program wat net met die skriftelike toestemming van elke ouer vir ’n kind aangebied mag word. Die versekering word gegee dat alles moontlik gedoen sal word om ook die geslagskaamheid van die kind te respekteer.
- j. By hierdie byeenkomste word net die ouers van die leerlinge van een klas saamgetrek om die maksimum betrokkenheid en deelname te verseker (Department van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:5,6).

3.1.6 Bydrae van buite-instansies

Volgens die onderwysdepartement was dit ook sinvol om by geleentheid, van verantwoordelike persone van buite die onderwys gebruik te maak om leerlinge oor sekere aspekte van die program te kom toespreek en om leerlinge te help wat seksueel gemolesteer of verkrag was. Skole moes geleenthede skep vir professionele mense soos medici, verpleegsters, predikante, maatskaplike werkers en regsgeleerdes. Hierdie persone het nie alleen die skole besoek nie, maar het ook met ouers tydens

ouer-onderwyservergaderings gepraat (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978b:5, Liebetrau 1989:4).

3.1.7 Die Gesinsvoorligtingonderwyser

Die skoolhoof van elke skool was oorhoofs verantwoordelik vir die doeltreffende en sinvolle implementering van die Gesinsvoorligtingsproram. In die keuring van onderwysers vir Gesinsvoorligting het die skoolhoof gelet op die mate waarin die onderwyser met die kinders kan kommunikeer en of die onderwyser vertrou by leerlinge en ouers kon inboesem. 'n Eie gebalanseerde persoonlikheid en lewe is as voorvereiste gestel (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:6).

3.1.8 Onderwyseropleiding

Die Kaaplandse Onderwysdepartement het geen voorsiening gemaak vir die opleiding van onderwysers in Gesinsvoorligting tydens hul basiese opleiding nie. Die rede hiervoor was volgens die onderwysdepartement dat alle onderwysers nie geskik was vir die aanbieding van Gesinsvoorligting nie. Streng keuring het plaasgevind en alleenlik gekeurde onderwysers was deur middel van indiensopleidingskursusse vir hierdie groot taak opgelei.

Indiensopleidingskursusse was vir drie tot vier dae aangebied in samewerking met die J.F.A. Swartz-Onderwysleierskap Ontwikkelingsprojek van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Sowel gekeurde onderwysers as skoolhoofde wat primêr verantwoordelik was vir die program moes die kursus bywoon (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:6).

3.1.9 Programinhoud

Die Gesinsvoorligtingsprogram het uit twee heeltemal afsonderlike komponente bestaan, naamlik (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:7 – 11; Liebetrau 1989:14-24):

- a. die Kernprogram wat op algemene Gesinsvoorligting toegespits was en
- b. die Opsionele program wat feitlik uitsluitlik aan intieme Geslagsvoorligting gewy was, maar wat net met die toestemming van die ouers/voog aangebied kon word.

3.1.9.1 Inhoud van die Kernprogram vir Gesinsvoorligting

Die volgende inhoud was voorgeskryf:

3.1.9.1a Standaard 5

Leer jouself ken

- Waarom is dit belangrik om jouself te ken?
- Wat is *persoonlikheid*?
- Watter faktore beïnvloed jou *persoonlikheid*?
- Kan *persoonlikheid* verbeter word?

Vriendskappe

- Waardes.
- Kwaliteite wat die sluit van vriendskappe bevorder.

Groei tot volwassenheid

- Wat word werklik bedoel met “grootword?”
- Watter spesiale probleme kan ons hinder in die proses van groei tot volwassenheid?

Gedragkode

- Reg versus verkeerd.
- Die neem van morele beslissings.
- Godsdiens, karakter en gewete.

Funksies van die gesin

- Die funksies van die gesin verander namate die gemeenskap verander – tradisionele funksies van die gesin.
- Die gesin vandag.

Gesinsverhoudings

- Spanning in die gesin.
- Spanning tussen ouer en kind.
- Broer-suster-verhoudings.

3.1.9.1b Standaard 6

Aanpassing op skool

- Wat kan die skool doen om 'n leerling 'n aangename, gesonder persoonlikheid te laat ontwikkel en om karakterontwikkeling by leerlinge te bevorder?
- Waarom gaan ons skool toe?
- Is onderwysers en leerlinge natuurlike vyande?

Fisiese veranderinge

- Sinvolle herhaling van die aspekte van fisiese verandering wat die vorige jaar behandel is.

Lewensfilosofie

- Die begrip *reg* en *verkeerd* – etiese en religieuse waardes.
- Die betekenis en doel van die lewe.
- 'n Lewensfilosofie en omgewingsinvloede.

Probleemoplossing

- Hoe los 'n mens persoonlike probleme op?

Uitgaan

- Waardes.
- Oorwegings by uitgaan, byvoorbeeld ouderdom, tipes uitgaan, etiket.
- Persoonlike voorkoms, verantwoordelikhede van seun en van dogter, waarheen?
- Keuse van 'n maat.
- Moet ouers se mening ten opsigte van uitgaan in ag geneem word?

3.1.9.1c Standaard 7

Groei na volwassenheid

- Wat is die eienskappe van emosioneel-ryp en goedaangepaste persone?
- Beskik ons oor al hierdie eienskappe?

Herhaling van uitgaan

- Waardes.
- Etiket.
- Houding van gesin ten opsigte van uitgaan.

Vas uitgaan

- Waarom vas uitgaan?
- Voordele van vas uitgaan.
- Nadele van vas uitgaan.
- Die verbreking van 'n vaste verhouding.

Uitgaan en standarde (norme)

- Norme en die belangrikheid daarvan.
- Die toon van emosies van toegeneentheid.
- Persoonlike norme en gewildheid.
- Redes vir 'n morele kode in die gemeenskap.

- Standaard van gedrag.

Afwykende gedrag tydens adolessensie

- Alkohol: drinkgewoontes.
- Dwelmmisbruik.

Hoe 'n gesin aanpas by probleme en na oplossings soek

- Probleme kan opgelos word.
- Gesonde verstand kan soms 'n probleem oplos.

3.1.9.1d Standaard 8

Oriëntasie en hersiening

- Hersien kortliks wat gedurende die junior sekondêre fase behandel is.
- Begin oriëntasie ten opsigte van senior sekondêre fase.

Uitgaan

- Uitgaan lei tot die keuse van 'n maat.
- Vas uitgaan of kys gaan somtyds verlowing vooraf.

Menslike geslagtigheid

- Die plek van geslagtelikheid in ons lewens.
- Manlikheid en vroulikheid.
- Veranderde manlike en vroulike rolle in die moderne samelewing.
- Gedragskodes eie aan die twee geslagte.

Verlowing

- Voordele en verantwoordelikhede van 'n verlowing.
- Verbreking van 'n verlowing.

Huwelik

- Sekulêre beskouing oor die huwelik – 'n blote kontrak.
- Die Bybelse grondslae vir die huwelik:



- 'n Instelling van God.
- Tussen onderskeie geslagte.
- Aangetrokkenheid tot mekaar: 'n Geheiligde gawe.
- Die huweliksband is onbreekbaar behalwe op Bybelse gronde.

Die suksesvolle huwelik

- Faktore wat oorweeg moet word.
- Elemente van groei in liefde.

Is ek gereed vir 'n huwelik?

- Volwassenheid.
- Wetlike aspekte.
- Lewensaspirasies of doelstellings.

Eienskappe van die ideale gesin

- Jou gesin is soos ander gesinne.
- Geen twee gesinne is presies eenders nie.
- Watter soort gesin wil jy eendag hê?

3.1.9.1e Standaard 9

Kommunikasie

- Rypheid vir die huwelik.
- Stelsels van intellektuele en emosionele kommunikasie.
- Kommunikasieprobleme.

Die huwelikslewe dag vir dag

- Die probleem van huisvesting.
- Hantering van finansiële sake.

Egskeiding

- Algemeen – voorkoms, ens.
- Oorsake.

- Moontlike gevolge.
- Probleme na skeiding.

Verantwoordelikhede van die gesin

- Beskermende funksie.
- Die gesin as middelpunt vir die kweking van ideale en gesindhede.
- Demokrasie in die gesin.

3.1.9.1f Standaard 10

Funksies van die gesin

- Die gesin is die medium vir wedersydse liefde en kameraadskap tussen man en vrou.
- Elke gesin het uitvoerende pligte ten opsigte van tyd, finansies, voorligting en besluite.
- Die bou van 'n gesin.

Lewensfilosofie

- Watter druk word op 'n huwelikspaar uitgeoefen wat hulle noodsaak om 'n standpunt in te neem ten opsigte van sosiale sake? Byvoorbeeld geloof, politiek, sosiale groepe, ensovoorts.
- Reëls vir konstruktiewe geskille.

Uitbreiding van die gesin

- Gesinsbeplanning.
- Voorgeboortelike versorging; verantwoordelikhede van die vader.
- Die koste van 'n baba.
- Die nodige aanpassings.
- Die tyd en aandag wat 'n baba verg.

Kinderversorging

- Wat is die basiese beginsels van kindersorg?
- Wat is die basiese beginsels van kinderontwikkeling?

- Hoe kan die ouer deel in die lewe van sy kind?
- Hoe leer 'n ouer vir sy kind 'n sin vir waardes?
- Hoe beïnvloed geskille tussen ouers die kinders?
- Hoe dissipleneer 'n ouer sy kind?
- Hoe kan 'n ouer weet dat hy sy kinders lief genoeg het?
- Hoe leer 'n ouer sy kind omtrent seks?

Die kwaliteit van gesinslewe

- Die kwaliteit van gesinslewe word bepaal deur die morele en emosionele stabiliteit van die ouers. Hulle moet oor die vermoë beskik om lief te hê. Emosionele wanaanpassings sal nie net die huwelik benadeel nie, maar ook die verhouding tussen ouer en kind.

3.1.9.2 Inhoud van die Opsionele Program vir Gesinsvoorligting

In Kaapland het daar nie 'n vaste, voorgeskrewe sillabus vir die Opsionele Program bestaan nie. Die aanbieder het hom laat lei deur die vrae van die leerlinge (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:11).

Hierdie program moes verkieslik individueel aan leerlinge aangebied word ooreenkomstig elkeen se bepaalde behoeftes en probleme. Met die toestemming van die ouers kon die leerling op 'n afgesonderde plek wat vir hierdie doel geskik is, na bandopnames luister wat in sy besondere behoefte voldoen. Indien nodig kon die leerling verder met die onderwyser gesels om so klarigheid in sy gemoed te kry. Die vertrouensverhouding tussen onderwyser en kind het bepaal in watter mate die kind hom vry voel om sy probleem te bespreek.

Waar meer as een leerling dieselfde probleem opgeklaar wou hê, het dit ook gebeur dat klein groepies leerlinge saam met die onderwyser aan besprekings deelneem. Volgens die voorskrif van die onderwysdepartement moes die groepies, geslagte apart, baie klein gehou word en daar moes gewaak word teen 'n algemene gepraterij.

3.1.9.3 Die vraebus

Die vraebus is 'n hulpmiddel wat baie in die Gesins- en Geslagsvoorligtingskursusse gebruik was. Elke leerling was gevra om 'n stukkie papier in die bus te plaas – of hy nou 'n vraag gehad het of nie. Dit het die moontlikheid verminder dat leerlinge wat wel vrae gestel het, geïdentifiseer sou word. Dit het leerlinge aangemoedig om vrae te stel oor wesenlike probleme wat hulle gehinder het. Deur hierdie tegniek kundig te gebruik, kon die onderwyser vrae wat buite die besprekingsveld val of wat onverstaanbaar is, ignoreer. Die onderwyser kon verskeie vrae saam groepeer en verduidelik dat dit gedoen word om tyd te bespaar. Leerlinge wie se vrae te persoonlik was om in die klas bespreek te word, is na die Gesinsvoorligtingonderwyser of die onderwysersielkundige of enige ander bevoegde persoon verwys om 'n onderhoud te reël.

Die vraebus is naby die middel of einde van die kursus gebruik, want as dit te vroeg gebruik was, sou die meeste vrae oor sake handel wat later bespreek moes word. Die vraebus het by die eerste paar lesings wel waarde gehad indien die onderwyser 'n aanduiding wou hê van waarin die leerlinge belanggestel het om hom sodoende te help met sy aanbieding.

3.1.10 Kernmomente

Volgens die Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop (1978a:11-12) is die volgende uitstaande kernmomente in die Gesinsvoorligtingsprogram soos dit aangebied was vir die Kaaplandse skole:

- Die skakeling met die ouerhuis.
- Die Gesinsvoorligtingsprogram is 'n tweeledige program wat voorsiening maak vir sowel die Kernprogram as die Opsionele Program.
- Kommunikasie tussen ouers en leerling moet bewerkstellig word en gehandhaaf word.
- Ouers moet gemotiveer word om die geslagsonderrig van hulle kinders self te behartig.

- In die skool word Gesinsvoorligting alleenlik aangebied met die skriftelike toestemming van die ouers.
- Die Kernprogram word aan groepe leerlinge aangebied, terwyl die Opsionele program nie in klasverband aangebied word nie.
- Die goue reël vir beide komponente van die program is dat die intiemer aspekte van die geslagslewe nooit in 'n groeps gesprek in die klaskamer toegelaat word nie.
- Die Departement huldig en handhaaf 'n meer konserwatiewe benadering ten opsigte van Gesinsvoorligting. “Die Departement se raad in dié verband is om liever aan die konserwatiewe kant te sondig...” (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:11).
- Die jongmens met die mooi, gesonde gees moet nie beswaar word met al die moontlike sieklike afwykings wat bestaan nie – bring eerder aan hom die positiewe en voorkomende fasette.
- Gesinsvoorligting is nie 'n individuele poging nie, maar veel eerder 'n spanpoging, “'n vertrouwe faktor tussen leerlinge en onderwyser, ouer en onderwyser en skoolhoof en onderwyser...” (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:11).
- Die produk van opvoeding is nie meetbaar nie, “tog moet diens van die hoogste gehalte jaar na jaar in hierdie besondere opvoedkundige program gelewer word sonder dat dit op 'n materialistiese wyse geëvalueer kan word, want hoe meet 'n mens die verbetering van die kwaliteit van die gesinslewe van 'n volk binne die bestek van een jaar of selfs vyf jaar? Daar is net een persoon in die skool wat hierdie geesdrif aan die gang kan hou as die nuwigheid verby is en slegs die onopgeloste probleme oorbly – dit is die Skoolhoof!” (Departement van Onderwys, Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop 1978a:15).

3.1.11 Gevolgtrekkings

In die programinhoud van die Kernprogram was daar gefokus op die bevordering van leerlinge se kennis, vaardighede en houdings. In die laer klasse (Standaard 5, 6, en 7) was veral aandag geskenk aan die bevordering van positiewe persoonlikheidsontwikkeling en karaktervorming by die leerling deurdat onderwerpe soos

persoonlikheid, selfkennis en gedragskodes behandel was. Pertinente aandag was geskenk aan die geestelike asook die normatiewe aspekte van die kind. Die aanleer van morele en godsdienstige lewenswaardes het hoë prioriteit geniet en daar was besonder klem gelê op die ontwikkeling van 'n eie gebalanseerde Christelike lewensbeskouing.

Uit 'n bestudering van die leerinhoud blyk dit ook dat aandag geskenk was aan die ontwikkeling van lewensvaardighede deurdat gefokus was op die aanleer van vaardighede soos verantwoordelike besluitnemingsvaardighede, probleemoplossingsvaardighede (in die gesin), kommunikasievaardighede en interpersoonlike vaardighede. Leerlinge was voorberei om goeie gesinsverhoudings en verhoudings met die teenoorgestelde geslag aan te knoop.

In die senior klasse (Standaard 8, 9 en 10) was hoofsaaklik aandag geskenk aan die voorbereiding van die kind vir 'n eie gesinslewe eendag in die toekoms. Leerlinge was stelselmatig vanaf die vroeë adolessensie vir die huwelik voorberei, deurdat onderwerpe soos uitgaan, geslagtelikheid, verlowing, die huwelik, kommunikasie in die huwelik, huwelikslewe en egskeiding behandel was. Dit is verder duidelik dat leerlinge voorberei was vir die aanvaarding van verantwoordelikheid teenoor die self sowel as teenoor ander, hetsy dit die versorging van kinders is of die ondersteuning van ouers, broers of susters.

Dit wil voorkom asof die Opsionele Program en die Vraebus effektief gebruik kan word om individuele leerlinge se behoeftes en probleme aan te spreek. Met hierdie benaderings kan 'n vertrouensverhouding tussen leerkrag en leerling opgebou word en hoef leerlinge nie te vrees dat hulle uitgeken sal word nie. Die individuele besprekings van die onderwyser met elke leerling is egter onprakties in groot klasse. Die wyse waarop samewerking tussen ouers en die Gesinsvoorligtingsonderwyser bewerkstellig was, blyk vandag nog 'n effektiewe benadering te wees.

Dit is opvallend dat die programinhoud vanuit 'n Christelike perspektief benader was. In die kontemporêre onderwyssituasie is die meeste skole multikultureel van aard en word daar deur die Departement van Onderwys (1995:5) van die onderwyser verwag

om die diverse religieuse samestelling van die klas by die aanbieding van die inhoud in ag te neem.

3.2 GESINSVOORLIGTING IN DIE ORANJE-VRYSTAAT

3.2.1 Inleiding

In die Oranje-Vrystaat is Gesinsvoorligting in 1985 vir die eerste keer in skole geïmplementeer. In 1993 is die sillabus vir Gesinsvoorligting deur die destydse Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement (hierna genoem OVS Onderwys-departement) hersien en het die benaming daarvan verander na Persoonsopvoeding. Met die hersiene sillabus is slegs verandering ten opsigte van die inhoud aangebring.

Uit die beskikbare literatuur blyk dit asof die sillabus vir Gesinsvoorligting vanaf Standaard 6 tot Standaard 10 aangebied was en die sillabus vir Persoonsopvoeding vanaf Standaard 2 tot Standaard 10 (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1985:1,2, Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1993a:1, Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1993b:1). Vervolgens sal die genoemde twee sillabusse bespreek word.

3.2.2 Vasstelling van die kurrikulum

In die skole van die Oranje-Vrystaat het daar geen algemene amptelike beleid vir Gesinsvoorligting in skole bestaan nie. Die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement het in 1985 'n sillabus vir Gesinsvoorligting proefondervindelik in 'n paar skole geïmplementeer. In 1987 is hierdie sillabus uitgebrei na alle skole in die Oranje-Vrystaat. Hierdie sillabus het 'n wye veld gedek en het voorsiening gemaak vir besprekings oor 'n groot aantal onderwerpe (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1985:1-2, Van Rooyen 1987:141).

3.2.3 Buite-instansies

Waar die skoolhoof 'n behoefte geïdentifiseer het, kon 'n buite-instansie genooi word om die leerlinge toe te spreek oor 'n sensitiewe aangeleentheid, byvoorbeeld tiener-

swangerskappe. Die praatjies was beskou as suiwer 'n reëling tussen die bepaalde skoolhoof en die instansie. Die Onderwysdepartement het geen mate van kontrole daaroor uitgeoefen nie (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1985:3).

3.2.4 Doelstellings

Die volgende doelstellings het vir Gesinsvoorligting gegeld (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1985:4):

1. Om in 'n tydperk van snelle verandering jongmense te help om 'n positiewe, Christelike lewensfilosofie daar te stel wat aan hulle waardes sal leer wat verder sal strek as blote reëls.
2. Om hulle deur middel van voorligting wat op die grondbeginsels van liefde en verantwoordelikheid teenoor God en die medemens gebaseer is, te lei tot positiewe selfaanvaarding en persoonlikheidsontwikkeling.
3. Om die leerlinge te help om genoegsame kennis omtrent hulle fisiese, psigiese en emosionele groei op te doen om die spanningsdruk wat as gevolg van hierdie veranderinge mag ontstaan, te verwerk.
4. Om by die leerlinge 'n positiewe gesindheid te kweek teenoor die gesin as fondament van 'n gesonder volksbestaan.
5. Om die wonder van die Goddelike instelling van die huwelik wat op sy beurt die hoeksteen van 'n gesonde gesinslewe is, aan hulle oor te dra.
6. Om die leerlinge te help om die aanslag van die massamedia met behulp van 'n vaste Christelike waardesisteen krities te evalueer en te hanteer.
7. Om dit vir die lede van die gesin makliker te maak om op 'n openlike, gesonde wyse te kommunikeer.
8. Om laasgenoemde te bevorder, moet daarna gestrewe word om noue samewerking tussen die skool en die ouergemeenskap te bewerkstellig om sodoende die kind te lei tot volwassewording op alle terreine.
9. Die uiteindelijke doelstelling moet dan wees om die kinders so te lei dat hulle, wanneer hulle self ouers is, beter daartoe in staat sal wees om hulle kinders op alle lewensterreine voor te gaan.

3.2.5 Periodetoewysing

Die Direkteur van Onderwys het die Breë Komitee aangewys om die saak van periodetoewysing te ondersoek. Ten einde reg te laat geskied aan die komplekse opgawe van Gesinsvoorligting het die Breë Komitee aanbeveel dat agtien periodes per jaar per standerd aan Gesinsvoorligting bestee moet word. Hierdie agtien periodes is aan die begin van die jaar geïdentifiseer en op die jaarrooster aangedui (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1985:4).

3.2.6 Onderwysersopleiding

Voor 1985 was Gesinsvoorligting nog nie ingesluit by die basiese opleiding van onderwysstudente aan departementele onderwyskolleges nie. Sedert die begin van 1985 is indiensopleidingskursusse vir die opleiding van onderwysers in Gesinsvoorligting deur die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement in samewerking met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangebied. Vakadviseurs het ook hulp en raad aan onderwysers voorsien (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1985:3).

Keuring vir indiensopleiding was baie streng. By keuring het persoonskwaliteite en nie kwalifikasies nie, 'n rol gespeel. Belangstellende onderwysers was genooi om aansoek te doen. Nadat keuring deur die hoof gedoen is, het 'n tweede keuring deur die hoofkantooramptenare van die Onderwysdepartement plaasgevind. Daar is tot vyf onderwysers per skool opgelei ten einde in die behoefte van die totale skool te voorsien. Weens die hoë prioriteit wat die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement aan Gesinsopvoeding gegee het, is veral skoolhoofde en adjunkhoofde vir indiensopleiding gekeur (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1985:3).

3.2.7 Programinhoud van Gesinsvoorligting

Die volgende onderwerpe is met die leerlinge behandel (Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement 1985:5-10):

3.2.7.1 Standaard 6

Liggaamlike veranderinge in die tienerjarige is 'n natuurlike verskynsel wat met puberteit begin en eindig met geslagtelike volwassenheid

- Probleme wat met puberteit geassosieer word.

Maak die leerlinge bewus van die invloed wat die omgewing het op die vaslegging van waardes, 'n eie lewensfilosofie en dus ook op die persoonlikheid

- Hoe waardes gevorm word.
- Waarom waardes nodig is.
- Waardes en vriendskappe.
- Die invloed van waardes en lewensfilosofie.
- Lewensbeskouing en omgewingsinvloede.

Skoling in probleemoplossing

- Kenmerke van probleme.
- Soorte probleme.
- Gevolge van moeilike of onopgeloste probleme.
- Negatiewe metodes van probleemoplossing.
- Stappe in die probleemoplossingsproses.

Uitgaan is 'n aanvaarbare manier om lede van die teenoorgestelde geslag te leer ken

- Hoe word uitgegaan?
- Die wenslikheid van uitgaan.
- Etiket by uitgaan.

3.2.7.2 Standaard 7

Emosionele volwassenheid

- Strewe na volwassenheid is universeel.
- Kenmerke van die emosioneel onvolwasse persoon.
- Hoe groei 'n mens tot emosionele volwassenheid?

Help leerlinge om op 'n verantwoordelike wyse met alkoholiese drank om te gaan

- Wat is alkoholiese drank?
- Watter effek het alkohol op die liggaam?
- Alkohol en menslike gedrag.
- Effek van dranksugtigheid op die gesinslewe.
- Hoe ontstaan alkoholisme?
- Rehabilitasie van die alkoholis.
- Wat is verantwoordelike drankgebruik?

Om dwelmgebruik by die jeug te voorkom

- Wat is dwelmmiddels?
- Watter gevolge het die inname van dwelmmiddels?
- Waarom gebruik mense dwelmmiddels?
- Hoe word wetgewing ingespan om dwelmgebruik te voorkom?
- Rehabilitasie.

Uitgaan is 'n aanvaarde manier om lede van die teenoorgestelde geslag te leer ken

- Kort oorsig van paragraaf 1 wat in Standaard 6 behandel is.
- Skets die waarde van uitgaan.
- Skets die voorwaardes van uitgaan.

Bewusmaking van die rol van vas uitgaan in die ken-mekaar-proses

- Wat is vas uitgaan?
- Voordele van vas uitgaan.
- Nadele van vas uitgaan.
- Verbreking van 'n vaste verhouding.

Nakoming van norme ten opsigte van uitgaan

- Vryheid verg groter verantwoordelikheid.

Toon aan dat probleme in enige gesin ontstaan en dat aanvaarbare oplossings hiervoor gevind kan word

- Die positiewe waarde van goeie gesinsverhoudings.

- Verskillende soorte probleme wat in gesinsverband kan voorkom.
- Verduidelik hoe gesinsprobleme opgelos kan word.

3.2.7.3 Standaard 8

Uitgaan (vervolg)

- Die doel van uitgaan.
- Vaste vriendskapsverhoudings gaan verlowing soms vooraf.

Bring tuis wat die rol van verlowing as voorstadium tot die huwelik is

- Die doel van verlowing.
- Verloof wees is nie getroud wees nie.
- Seremoniële deel van die verlowing.
- Tydsduur van die verlowing.
- Verbreking van 'n verlowing.

Gereedheid vir die huwelik

- Finansiële gereedheid.
- Persoonlike rypheid.
- Wetlike aspekte.

Keuse van 'n huweliksmaat

- Waardes. Persoonlikheidsverskille.
- Kulturele en godsdienstige verskille.
- Intellektuele verskille.
- Ouderdomsverskille.

Voorwaardes vir 'n suksesvolle huwelik

- Volgehoue inspanning.
- Kennis van die geslagslewe.
- Aanpassing by skoonfamilie.
- Korrekte rolverwagtinge.

'n Huwelik is nie bloot 'n wetlike kontrak nie, maar 'n Goddelike instelling

- Die sekulêre beskouing omtrent die huwelik.
- Bybelse grondslae van die huwelik.

3.2.7.4 Standerd 9

Verduidelik die rol van goeie kommunikasie as basis vir 'n suksesvolle huwelik

- Wat is kommunikasie?
- Elemente van kommunikasie.
- Die noodsaaklikheid van goeie kommunikasie.
- Kommunikasievaardighede.

Die huwelik dag vir dag

- Probleme van jonggetroudes met huisvesting.
- Take eie aan 'n huishouding.
- Finansies in die huwelik.

Egskeiding

- Inleiding.
- Oorsake van egskeiding.
- Die gevolge van egskeiding.
- Stappe om 'n wankelrige huwelik van verbrokkeling te red.

Verantwoordelikhede van die gesin

- Die gesin as wetlike instelling geniet sekere regte.
- Die gesin het egter ook sekere verantwoordelikhede.
- Dit is veral binne die gesin waar die positiewe ontwikkeling van morele en geestelike waardes plaasvind.
- Die gesin het 'n sosialiseringfunksie.

3.2.7.5 Standerd 10

Kommunikasie

- 'n Lewensfilosofie.
- Gesonde kommunikasie in die huwelik is belangrik.
- Meningsverskille en onenigheid kom in die huwelik voor.
- 'n Geskil moet konstruktief opgelos word.
- Oorsake van konflik.
- Kommunikasievaardighede.
- Nie-verbale kommunikasie.
- Kommunikasiestyle.
- Reëls vir die oplossing van konstruktiewe geskille.

Uitbreiding van die gesin

- Gesinsbeplanning.
- Redes vir gesinsbeplanning.
- Voorgeboortelike versorging en die rol van die vader.
- Die koste verbonde aan 'n baba.
- Die nodige aanpassings.

Kinderversorging

- Basiese beginsels van kindersorg.
- Basiese beginsels van kinderonwikkeling.
- Hoe kan die ouer deel in die lewe van sy kind?
- Hoe leer 'n ouer vir sy kind 'n sin vir waardes?
- Watter invloed het geskille tussen ouers op hulle kinders?
- Hoe dissipleneer 'n ouer sy kind?
- Hoe kan 'n ouer weet dat hy sy kinders lief genoeg het?
- Hoe leer 'n ouer sy kind omtrent seks?

3.2.8 Gevolgtrekkings

Dit wil voorkom asof leerlinge in Standaard 6 en 7 geleer was om genoegsame kennis omtrent hulle fisiese, psigiese en emosionele groei op te doen om die spanningsdruk wat as gevolg van veranderinge in hierdie tydperk mag ontstaan het, te verwerk. Leerlinge was gelei om probleme wat tydens puberteit mag ontstaan te identifiseer en te deurdink. Leiding was ook aan leerlinge gegee ten opsigte van 'n aanvaarbare ingesteldheid en optrede, ten einde goeie menseverhoudings te stig. In hierdie verband is aandag geskenk aan die nakoming van norme en waardes wanneer verhoudings met vriende en die teenoorgestelde geslag (uitgaan) gestig word. Leerlinge was voorberei teen die gevare van alkohol- en dwelmmisbruik.

In die senior klasse (Standaard 8, 9 en 10) is aandag geskenk aan die voorbereiding van die kind vir 'n eie gesinslewe eendag in die toekoms. Net soos in Kaapland was leerlinge vanaf die vroeë adolessente tydperk voorberei vir die huwelik deurdat aandag gegee was aan onderwerpe soos uitgaan, keuse van 'n huweliksmaat, verlowing en voorwaardes vir 'n suksesvolle huwelik. Leerlinge was ook voorberei om verantwoordelikheid binne die gesin te aanvaar en ook om 'n positiewe gesindheid teenoor ander gesinslede te kweek. Dit is verder ook duidelik dat die leerlinge geleer was dat die huwelik 'n Goddelike instelling is. Die inhoud was slegs vanuit 'n Christelike perspektief benader. Dit blyk dat ander kulture in hierdie verband nie in ag geneem was nie.

3.2.9 Programinhoud van Persoonsopvoeding

Die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement het in 1993 die sillabus van Gesinsvoorigting hersien en die naam van die vak vanaf *Gesinsvoorigting* na *Persoonsopvoeding* verander. Uit die beskikbare literatuur blyk dit dat die sillabus vir Persoonsopvoeding vanaf Standaard 2 tot en met Standaard 10 aangebied was. Die volgende programinhoud is in die onderskeie standerds voorgeskryf (OVS Onderwysdepartement 1993a:1-12, OVS Onderwysdepartement 1993b:1-19).

3.2.9.1 Standaard 2

Die fisieke self

- Bewuswording, begrip en aanvaarding van eie liggaamlikheid.

Die psigiese self

- Bewuswording van eie potensiaal.

Die sosiale self

- Ontwikkeling van 'n eie identiteit.

Die waarde self

- Vestiging van 'n aanvaarbare waardestelsel.

Die gesin

Verskillende vermoëns van gesinslede

- Sterk en swak eienskappe kan op verskillende maniere positief gebruik word.
- Sukses het verskillende betekenis vir mense.
- Binne die gesin moet die werklikheid van elke lid se vermoëns op akademiese, sport- en kultuurgebied aanvaar word.
- Die aanvaarding van die finansiële vermoëns van die gesin.

Die samestelling van die gesin

- Hoe ons dink en voel omtrent elkeen in die gesin: moeder, vader, ander kinders, stief- en enkelouer.
- Wedersydse respek.

Die invloed en die status van elke lid van die gesin

- Verantwoordelikheid: lede; oudste; enigste.
- Die voor- en nadele van 'n enigste kind.

Verantwoordelikhede teenoor jou gesin

- Verrig van take; inagneming van ander.
- Hulp teenoor die verskillende gesinslede.

- Regte en voorregte binne die gesin.

Die gelukkige gesin

- Begrip vir mekaar; gesamentlike beplanning.
- Hantering van verskille; stel van eise.
- Gesinstrots.

3.2.9.2 Standerd 3

Die fisieke self

- Bewuswording, begrip en aanvaarding van eie liggaamlikheid.

Die psigiese self

- Stigting en onderhouding van verhoudings.
- Vriendskappe.
- Hantering van sosiale gebruike en misbruike (rook).

Die waarde self

- Vestiging van 'n aanvaarbare waardestelsel.

Die gesin

Die ontstaan van die gesin

- Wat is nodig vir die ontstaan van 'n gesin: vader, moeder, liefde, 'n huis.
- Familieooreenkomste byvoorbeeld oorerwing.
- Begrip vir die wonder van reproduksie by plante en diere.
- Groter afhanklikheid van die menslike baba as van diere.
- Die wonder van die gesin.

Interpersoonlike verhoudinge

- Verhoudinge tuis: pa/ma; pa/seun; pa/dogter; ma/seun; ma/dogter; broers/susters.
- Hoe pas ek in by die gesin?
- Vriendskappe by die skool: korrekte optrede tussen seuns/dogters.



- Konsiderasie.
- Gedrag teenoor mekaar – wat is aanvaarbaar?

3.2.9.3 Standaard 4

Die fisieke self

- Bewuswording, begrip en aanvaarding van eie liggaamlikheid.

Die psigiese self

- Bewuswording van die emosionele self.

Die sosiale self

- Identiteit.
- Verhoudings. Stigting en onderhouding van verhoudings.
- Hantering van sosiale gebruike (alkohol).

Die waarde self

- Goeie maniere.

Die gesin

Verhoudinge binne die gesin

- Ek en my ouers.
- Ek en my broers/susters.
- Ek as enkelkind.
- Ek as oudste-/middelste-/jongste kind.
- Ek en ander huisgenote (nie-gesinsgenote).

3.2.9.4 Standaard 5

Die fisieke self

- Versorging van die liggaam.



Die psigiese self

- Bewuswording van die emosionele self.

Die sosiale self

- Die stigting en onderhouding van verhoudings.

Die waarde self

- Vestiging van 'n aanvaarbare waardestelsel.

Die gesin

Waardes en norme binne die gesin

- Geestelike, morele en etiese waardes binne die gesin.
- Na watter fliks, video's kyk ons?
- Na watter musiek luister ons?
- Die hulp van ouers in die neem van morele besluite en beslissings.

Wanverhoudinge binne die gesin

- Wat veroorsaak spanning binne die gesin?
- Spanninge tussen pa/ma, ouer/kind, broer/suster.
- Spanninge veroorsaak deur verkeerde maats.

3.2.9.5 Standaard 6

Die psigiese self

- Vestiging van 'n positiewe selfbeeld.

Die sosiale self

- Vestiging van 'n eie identiteit.
- Die uitkenning van en identifisering met die portuurgroep.
- Die bewuswording en hantering van 'n afwyking wat fisiek manifesteer.

Die sosiale self

- Hantering van sosiale gebruike (rook).

Die waarde self

- Vestiging van 'n waardestelsel.

Die gesin

Die gesin as eenheid

- Kwaliteit van die suksesvolle gesin byvoorbeeld kommunikasie, verantwoordelikhedsin en dienslewering.
- Verantwoordelikhede van die ideale gesin:
 - Beskermende funksie.
 - Kweking van ideale en gesindhede.
- Eenheid binne die gelukkige gesin.
- Die gesin in 'n veranderende samelewing.
- Bydrae van die kind tot 'n gelukkige gesin.

Voorhuwelikse vriendskappe

- Vriendskappe.
- Uitgaan – 'n aanvaarbare manier om lede van die teenoorgestelde geslag te leer ken
 - Hoe word uitgegaan?
 - Die wenslikheid van uitgaan.
 - Etiket by uitgaan.

Egskeiding

- Kennisname van die verskynsel en die implikasies daarvan.
 - Aanvaarding en hantering van die gevolge van 'n egskeiding op die kind byvoorbeeld verandering van die rol van die ouers, finansies, woonplek, verlies van sekuriteit/sosiale status, ontoereikende dissipline, oer-afwesigheid, ensovoorts.

3.2.9.6 Standerd 7

Die psigiese self

- Ontwikkeling van die selfbeeld en selfkonsep.

Die sosiale self

- Hantering van sosiale gebruike (alkohol).

Die waarde self

- Vestiging van 'n waardestelsel.

Die gesin

Probleme in enige gesin

- Die positiewe waarde van goeie gesinsverhoudings.
- Verskillende soorte probleme wat in gesinsverband kan voorkom.
- Verduidelik hoe gesinsprobleme opgelos kan word.

Gesinsverhoudinge

- Interpersoonlike verhoudinge binne die gesin.
- Gesag en dissipline binne gesinsverband:
 - Vereistes vir goeie gesagsuitoefening.
 - Ontwikkeling van 'n gedragskode.

Die rol van die gesin in 'n veranderde samelewing met die oog op toekomstige keuses

- Permissiewe samelewing bv. pornografie, pers-sensuur, ensovoorts.
- Grense van vryheid.

Voorhuwelikse vriendskappe

Die rol van vas uitgaan in die kenmekaarproses

- Wat is "vas uitgaan"?
- Voordele van vas uitgaan.
- Nadele van vas uitgaan.
- Verbreking van die verhouding.
- Groter verantwoordelikheid.

Nakoming van norme ten opsigte van uitgaan

- Vryheid verg groter verantwoordelikheid.

Enkelouerskap

Kennisname van die verskynsel en die implikasies daarvan

- Verlies aan vriendskap, liefde en sekuriteit.
- Verlies aan identifikasiefiguur.
- Hertoesegging van huislike take en verantwoordelikhede.
- Ekonomiese probleme.

3.2.9.7 Standaard 8

Die psigiese self

- Ontwikkeling van die selfbeeld en selfkonsep.

Die sosiale self

- Die stigting en ontwikkeling van toereikende interpersoonlike verhoudings.
- Hantering van sosiale gebruike en misbruike (dwelms).

Die waarde self

- Emosionele volwassenheid.

Die gesin

Gesinsverhoudinge

- Ondersteuning binne die gesin in die hantering van emosies, selfhandhawing en problemsituasies.
- Ontwikkeling van 'n gedragskode binne die gesin byvoorbeeld morele beslissings, reg/verkeerd, ensovoorts.

Gesinsrolle

- Rolverdeling in 'n veranderende gemeenskap.
- Die gebalanseerde interaksie binne die gesin.

Wanverhoudings binne die gesin

- Gesinsgeweld/gesinsmoord.
- Drank- en dwelmmisbruik.

- Spanningsdruk en negatiewe emosies.

Voorhuwelikse vriendskappe

Uitgaan

- Die doel van uitgaan.
- Oorwegings by uitgaan bv. ouderdom, groep of pare, etiket, waarheen, keuse van maat, ens.
- Die eise wat gestel word aan 'n vaste verhouding.
- Die rol van die ouers.

Kwaliteite wat vaste vriendskappe bevorder

- Betroubaarheid, wedersydse respek, aanvaarding, geregverdigde kritiek, ensovoorts.

Ware liefde

- Wat is ware liefde?
- Kenmerke van ware liefde.
- Bestaan die een en enigste liefde?
- Ware liefde versus seksuele aantrekkingskrag.

Negatiewe invloede op verhoudings

- Jaloesie, besitlikheid, misgunning van lewensruimte, ensovoorts.

Persoonlikheidsverskille

- Byvoorbeeld optimis/pessimis; egoïs/altruïs; idealis/realis.

Temperamentsverskille

- Bespreek die vier basiese temperamentsverskille naamlik flegmaties, melankolies, sanguinies en choleries.

Bring tuis wat die rol van verlowing is

- Die doel van verlowing.
- Verloof wees is nie getroud wees nie.



- Tydsduur van die verlowing.
- Verbreking van 'n verlowing.

Hersamegestelde gesin

Stiefverhoudings

- Veranderde gesinsrolle.
- Veranderde gesinsverhoudinge.
- Veranderde identifikasiefigure.
- Veranderde waardesisteme.

3.2.9.8 Standaard 9

Die psigiese self

- Selfstandige denke.

Die sosiale self

- Hantering van sosiale gebruike en misbruike.

Die waarde self

- Verantwoordelike besluitneming.

Die gesin

Aspekte binne die gesin

Voorregte

- Die gesin as wetlike instelling geniet sekere voordele.

Verantwoordelikhede

- Die gesin het sekere verantwoordelikhede.

Ontwikkeling van morele en geestelike waardes binne die gesin

- Kenmerkende eienskappe van die ideale gesin waarin hierdie ontwikkeling kan plaasvind.

Sosialiseringsfunksie van die gesin

- Sosialiseringsfunksie waardeur die kind leer om aan die morele standaarde, rolverwagtinge en eise vir aanvaarbare gedrag van die betrokke samelewing te voldoen.
- Gesin as skakel tussen die gesin en die gemeenskap.
- Graad, tipe en kwaliteit van interaksie in die gesin vir die ontwikkeling van die persoonlikheid (voorlesing deur ouers).

Verliesbegeleiding

- Hantering en oorkoming van ernstige verlies byvoorbeeld verlating, egskeiding, verwerping, gevangenisskap, werkloosheid, ensovoorts.

Voorhuwelikse vriendskappe

Sosiale kontak

- Byvoorbeeld tienerpartytjies, sokkies, ensovoorts.
- Verantwoordelike deelname.
- Norme/reëls vir bogenoemde.
- Wanpraktyke byvoorbeeld dwelms, drankmisbruik, ensovoorts.

Die huwelik

Kommunikasie as basis vir 'n suksesvolle huwelik

- Wat is kommunikasie?
- Elemente van kommunikasie.
- Die noodsaaklikheid van goeie kommunikasie.
- Eienskappe van die kommunikasieproses.
- Kommunikasievaardighede binne die huwelik.

Egskeiding

Oorsake

- Onvoorbereidheid vir die huwelik.
- Onvolwassenheid van een of beide huweliksgenote.
- Botsende huweliksverwagtinge (of rolverwagtinge).

- Skeiding as gevolg van militêre diens of beroep.
- 'n Onrealistiese, romantiese beeld van die huwelik.
- Die invloed van verskillende agtergronde en waardesisteme.
- Die inmenging van ouers, skoonouers, familie.
- Onvermoë om te volhard.
- Egskeiding word sosiaal meer aanvaar.
- Die nuwe egskeidingswet maak egskeiding makliker.
- Tienerhuwelike: te jonk trou.

Wetlike implikasies

- Koste-aspek.
- Toesig oor minderjarige kinders.
- Herverdeling van eiendom/besittings.
- Onderhoud.

Moontlike gevolge

- Verandering in die rol van die ouers.
- Moontlike verandering van woonplek.
- Aanpassing op finansiële gebied.
- Ouer/ouers soek na nuwe lewensmaat.
- Moontlike aanpassing by stieffamilie.
- Verlies aan sekuriteit.
- Sosiale status van gesin is in gedrang.
- Invloed op die ontwikkeling van die minderjariges.

Stappe om 'n wankelrige huwelik van verbrokkeling te red

- Begin by selfondersoek.
- Kommunikeer oor die probleme (man/vrou).
- Soek professionele hulp byvoorbeeld by 'n leraar, huweliksberader, kliniese/voorligtingsielkundige.



3.2.9.9 Standaard 10

Die psigiese self

- Psigiese volwassenheid.

Die sosiale self

- Veranderde sosiale leefwêreld na skool.

Die waarde self

- 'n Lewensfilosofie.

Die ontwikkeling van 'n eie lewensbeskouing.

Die gesin

Uitbreiding van die gesin

- Gesinsbeplanning.
- Redes vir gesinsbeplanning.
- Voorgeboortelike versorging en die rol van die vader.
- Die koste van 'n nuwe baba.
- Die nodige aanpassings.

Gesinsfunksies

- Vaardighede met betrekking tot kinderopvoeding en versorging byvoorbeeld
 - Kommunikasie.
 - Toekomsgerigtheid.
 - Verantwoordelikeheidsin.
 - Selfbeeldverbetering.

Voorhuwelike vriendskappe

Saamwoon

- Implikasies van saamwoon.
- Sekulêre beskouing van saamwoon.
- Christelike beskouing van saamwoon.

Die huwelik

Keuse van 'n huweliksmaat

- Waardes.
- Persoonlikheidsverskille.
- Kulturele verskille.
- Intellektuele verskille.
- Ouderdomsverskille.
- Godsdienstige verskille.

Gereedheid vir die huwelik

- Finansiële implikasies.
- Volwassenheid.
- Wetlike implikasies.

Riglyne vir 'n suksesvolle huwelik

- Sekulêre beskouing van 'n huwelik.
- Christelike grondslae vir die huwelik.

Voorwaardes vir 'n suksesvolle huwelik

- Volgehoue inspanning.
- Kennis van die geslagslewe.
- Aanpassing by die skoonfamilie.
- Korrekte rolverwagtinge.

Kommunikasie in die huwelik

- Belangrikheid van gesonde kommunikasie.
- Meningsverskille en onenigheid in die huwelik.
- Konstruktiewe oplossing van 'n geskil.
- Oorsake van konflik.
- Nie-verbale kommunikasie.
- Kommunikasiestyle.
- Reëls vir die oplossing van konstruktiewe geskille.

Voorbereiding vir ouerskap

- Gereedheid vir ouerskap.
- Gesinsbeplanning.

3.2.10 Gevolgtrekkings

Uit 'n bestudering van die leerinhoud is dit duidelik dat daar deurlopend gefokus was op die verryking van die kind se onmiddellike gesinslewe en ook op die voorbereiding van die kind vir 'n eie gesinslewe eendag in die toekoms. Vele basiese aspekte van gesinslewe (byvoorbeeld gesinsrolle, samestelling van die gesin, gesinstrots, verdraagsaamheid, funksies van die gesin, ensovoorts.) was reeds vanaf Standaard 2 aan leerlinge geleer. In Standaard 9 en 10 was pertinente aandag geskenk aan die voorbereiding van die kind vir die huwelik.

Aandag was geskenk aan die aanleer van sosiale vaardighede soos kommunikasievaardighede, interpersoonlike vaardighede, besluitnemingsvaardighede, asook vaardighede in die hantering van verlies, spanning en gesinsprobleme. Dit is verder duidelik dat daar gefokus was op die bevordering van positiewe gesindhede ten einde goeie gesinsverhoudinge te handhaaf. Hiermee saam was norme en waardes aan die kind voorgehou om die kind te lei tot die vestiging van persoonseenskappe wat hoog aangeslaan word soos betroubaarheid, selfrespek en respek vir ander en regverdigheid. Hierteenoor was leerlinge ook geleer om negatiewe persoonseenskappe te kan identifiseer, soos seksueel onverantwoordelike gedrag, jaloesie, besitlikheid, pessimisme en egoïsme. Leerlinge was ook voorberei vir die aanvaarding van verantwoordelikheid teenoor gesinslede en ander buite die gesin.

In die literatuur is dit duidelik dat spesiale aandag geskenk was aan egskeidings deurdat leerlinge gewys was op die oorsake, gevolge en die wetlike implikasies daarvan. Aandag was ook geskenk aan aktuele onderwerpe soos alkohol- en dwelmmisbruik, stiefverhoudings, hersamegestelde gesinne, enkel-ouergesinne, gesinsgeweld en gesinsmoord.

3.3 GESINSVOORLIGTING IN DIE TRANSVAAL

3.3.1 Inleiding

Die behoefte aan Gesinsvoorigting is vir die eerste keer in Suid-Afrika in 1933 uitgespreek toe die Transvaalse Onderwys Kommissie (1933:1,2) onder leiding van die destydse voorsitter, Dr. Willem Nicol, 'n opdrag aan Dr. Louis Franklin Freed gegee het om die moontlikheid van Gesinsvoorigting in die skole van Suid-Afrika te ondersoek. Uit hierdie ondersoek het Gesinsvoorigting nie in skole gerealiseer nie.

In 1979 het die Transvaalse Onderwysdepartement (hierna genoem die TOD) 'n navorsingspan aangestel om ondersoek in te stel na die behoefte aan Gesinsvoorigting in skole. In die navorsing is 'n definitiewe behoefte aan Gesinsvoorigting geïdentifiseer. Die noodsaaklikheid aan die betrokkenheid van die TOD by Gesinsvoorigting is soos volg gestel (Transvaalse Onderwysdepartement 1979:2):

- Die TOD is onregstreeks gemoeid met egskeidings in die gesin omdat die slagoffers kinders is wat in TOD-skole opgeneem word.
- Die TOD is ook regstreeks betrokke by die skoolpligtige asook die nie-skoolpligtige meisie wie se onderrigprogram vanweë 'n buite-egtelike swangerskap kortgeknip word.
- Die TOD het regstreeks te doen met die negatiewe gevolge van egskeidings by ouers op die skoolprestasies en gedrag van die leerlinge.
- Die TOD is 'n onlosmaaklike betrokke by die problematiek van verhoudinge en het 'n opvoedingsverantwoordelikheid daarin aangesien die kind in sy verhouding tot die medemens midde-in die opvoeding staan.

Volgens die bogenoemde navorsing kon die kundige onderwyser wat self 'n Christelike en nasionale lewensbeskouing handhaaf 'n geleentheid in die aanbieding van Gesinsvoorigting sien om inligting (met betrekking tot opvoeding in die gesin) in die regte konteks ten opsigte van menseverhoudings, religiositeit, waardes en norme te plaas. Daar is verder gemeld dat

- elke opvoedingstaak wat daarop gemik is om die kind na volwassenheid te lei, ook daarop ingestel is om hom of haar op te voed om 'n manlike of vroulike taak as volwassene te vervul;
- opvoeding tot volwassenheid ook opvoeding tot volwaardige huweliksvennoot in gesinsverband impliseer sodat Gesinsvoorigting in wese geïntegreer is in elke vak wat aan die kind die behoorlike voorhou.

Uit die beskikbare literatuur blyk dit dat daar in 1985 'n sillabus vir Gesinsvoorigting in die TOD aan skole voorsien is. Inligting wat verband hou met die vasstelling van die kurrikulum, doelstellings, die Gesinsvoorigtingsonderwyser en indiensopleiding is verskaf. Die inhoud van die sillabus was ingedeel in drie hoofkomponente naamlik: Opvoedkundige leiding (Graad 1 tot Standerd 5), Geestesweerbaarheid (Standerd 6 tot 10) en Beroepsvoorigting (Standerd 6 tot 10) (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:11-16).

In 1988 is bogenoemde sillabus hersien en vernuwinge is aangebring. Behalwe vir vernuwing in die inhoud word ook melding gemaak van aspekte soos lesbeplanning en aanbieding, periodetoewysing en ouerbegeleiding. Pertinente aandag was geskenk aan tienerswangerskappe.

3.3.2 Vasstelling van die kurrikulum

In 1985 het die destydse Direkteur van Onderwys, mnr. J.D.V. Terblanche 'n Ad Hoc-Komitee van die Transvaalse Onderwysdepartement (1985:1) aangestel om die Gesinsvoorigtingsillabus te verfyn en uit te bou.

Navorsing deur die Ad Hoc-Komitee het daartoe aanleiding gegee dat

- die behoefte aan Gesinsvoorigting by leerlinge en ouers geïdentifiseer is;
- die doelstellings en doelwitte met Gesinsvoorigting dienooreenkomstig geformuleer is sodat daar ten beste in hierdie behoeftes voorsien kon word;
- die finale program vir Gesinsvoorigting in skole opgestel is;

- keuringskriteria bepaal is aan die hand waarvan personeel by 'n skool gekeur kan word vir Gesinsvoorligting;
- aanbevelings gemaak kon word rakende
 - oriënterings- en streekkursusse vir die opleiding van die personeel;
 - die ondersteuning van swanger dogters; en
 - die organisasie van Gesinsvoorligting in elke streek;
- die Adjunk-Superintendente van Onderwys: Gesinsvoorligting
 - oorhoofs verantwoordelik was vir die implementering van die Gesinsvoorligtingsprogram in die streek;
 - self dele van die program aanbied soos ooreengekom met die skool;
 - beplan, organiseer en kursusse vir die geselekteerde personeel in samewerking met die Superintendent van Onderwys aanbied.

3.3.3 Doelstellings

Die doel met Gesinsvoorligting was om 'n gelukkige, ewewigtige en gebalanseerde gesinslewe te bevorder. Gesinsvoorligting was primêr gerig op die bevordering van 'n gesinslewe waar kinders opgevoed en begelei word om eendag as volwassenes hulle roeping as man en vrou, vader en moeder, te vervul. Gesinsvoorligting het met die totale mens, maar veral met die fisiese, morele, etiese en religieuse aspekte van die mens se opvoeding te doen gehad (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:8; Transvaalse Onderwysdepartement 1988:7).

In die lig van die gemelde doelstellings sou daar gepoog word om

- die kind deur begeleiding in staat te stel om op verantwoordbare wyse stelling te kan inneem ten opsigte van sy persoonlike lewe om sodoende op sinvolle wyse aan die hand van 'n Bybelse waardesistiem in 'n dinamiese samelewing, sy roeping te kan vervul;
- die ouer te ondersteun in die daarstelling van gesonder opvoedingsverhoudinge met die kind asook ten opsigte van die hantering van bepaalde vraagstukke wat ouers met die opvoeding van kinders belewe;

- dogters te adviseer tot verantwoordelike besluitneming indien 'n ongewenste swangerskap sou plaasvind.

3.3.4 Standpunte en benadering tot Gesinsvoorligting

Die TOD se benadering tot Gesinsvoorligting het op die volgende standpunte berus (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:9, Transvaalse Onderwysdepartement 1988:8):

1. Die gesinslewe is die ideale situasie vir gesinsopvoeding.
2. Die skool het 'n belangrike aanvullende funksie om te voorsien in die behoeftes wat in 'n veranderde en snel veranderende samelewing ontstaan en het as taak dus ook die ondersteuning van die kind en die ouer, waar laasgenoemde die primêre taak ten opsigte van Gesinsvoorligting het.
3. Geslagsopvoeding is onteenseglik die voorreg en plig van die ouer. Dit begin by geboorte en betrek die mens in al sy fasette en verhoudings.
4. Geslagtelikheid (manlikheid/vroulikheid) is deel van menswees en deur God gegee om by te dra tot die skeppende dryfkrag en vermoëns van die mens tot vervulling van sy unieke rol as man of vrou.
5. Vanweë die komplekse aard van die Gesinsvoorligtingsprogram funksioneer dit as 'n selfstandige program. Ander skoolvakke ondersteun en bevestig die werk wat in die Gesinsvoorligtingsprogram gedoen word en lewer volgens 'n eie aard en sillabus 'n belangrike deelbydrae tot Gesinsvoorligting.

3.3.5 Verantwoordelikheid van die skoolhoof vir die implementering van die Gesinsvoorligtingsprogram

In elke skool was die skoolhoof oorhoofs verantwoordelik vir die doeltreffende en sinvolle implementering van die Gesinsvoorligtingsprogram. Skoolhoofde moes ooreenkomstig faktore soos die goedkeuring van ouers en beskikbaarheid van tyd in die skoolrooster besluit of Gesinsvoorligting by 'n skool aangebied moes word of nie.

Die Departementshoof Opvoedkundige Leiding moes

- onder leiding van die Hoof en in samewerking met die Adjunk-Superintendente van Onderwys, die Gesinsvoorligtingsprogram vir die skool beplan en organiseer;
- die werk van die verskillende personeellede verantwoordelik vir die aanbieding van die program koördineer (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:10, Transvaalse Onderwysdepartement 1988:8);
- slegs persone wat op die betaalstaat van die Transvaalse Onderwysdepartement was gebruik vir die aanbieding van lesse. Buite persone was nie toegelaat om lesse aan te bied nie.

Die TOD het ook van elke personeellid verwag om, vanweë sy betrokkenheid met die leerling, verantwoordelik te wees om

- probleme by leerlinge te identifiseer en sodanige leerlinge te verwys na die onderwyser wat vir Gesinsvoorligting verantwoordelik is of na die Departementshoof Opvoedkundige Leiding;
- hom- of haarself op die hoogte te bring met die beginsels en doelstellings van die Gesinsvoorligtingsprogram en dit deur sy/haar voorlewing te bevorder (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:8,9).

3.3.6 Die Gesinsvoorligtingonderwyser

By elke skool in die Transvaal was personeel (verkieslik 'n man en 'n dame) geselekteer vir opleiding in Gesinsvoorligting. By seleksie moes die volgende kriteria in ag geneem word (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:10, Transvaalse Onderwysdepartement 1988:9):

1. Verkieslik, maar nie noodwendig nie, 'n getroude persoon wat reeds kinders het.
2. 'n Gesonde Christelike lewens- en wêreldbeskouing.
3. Ten minste 5 jaar onderwyservaring.

4. Vermoë om 'n egte vertrouensverhouding met leerlinge te kan stig en handhaaf.
5. Positiewe houding en gesindheid ten opsigte van eie geslagtelikheid.
6. Agting vir die menswaardigheid van elke individuele leerling en sy ouers.
7. Vermoë om die regte klimaat vir sensitiewe besprekings te skep.
8. Soepelheid en vaardigheid in die hantering van groepe (seuns en dogters gesamentlik of afsonderlik).
9. Vermoë om waar nodig, ook ouers te kan begelei in hierdie verband.
10. Vermoë om sinvolle groepsinteraksie te laat plaasvind.
11. Kennis van sosiale veranderings wat plaasvind, 'n belangstelling in Gesinsvoorligting en 'n bereidwilligheid om verder hierin opgelei te word.

3.3.7 Onderwysersopleiding

Indiensopleidingskursusse vir die opleiding van onderwysers in Gesinsvoorligting is deur middel van streekkursusse aangebied. Vakadviseurs het ook hulp en raad aan onderwysers voorsien (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:10, Transvaalse Onderwysdepartement 1988:10).

3.3.7.1 Doelstellings met indiensopleidingskursusse in Gesinsvoorligting

Die volgende doelstellings was met die kursusse beoog (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:12)

- om deur voorbereide referate en suksesvolle besprekings onderwyspersoneel te oriënteer ten opsigte van die beginsels, doelstellings, benadering en inhoud van die Gesinsvoorligtingsprogram;
- om deur motivering en positiewe gesindheidsvorming asook kennisuitbreiding, onderwyspersoneel aan te spoor tot die aanbieding van 'n geslaagde Gesinsvoorligtingsprogram in skole wat uiteindelik sal meewerk tot 'n gelukkige, verrykende en gebalanseerde gesinslewe, hetsy deur die begeleiding van kinders of die ondersteuning van ouers;
- om die betrokke onderwyspersoneel te motiveer tot verdere selfstudie in al die

afdelings van Gesinsvoorligting;

- om te beklemtoon dat Gesinsvoorligting, in 'n Christosentriese onderwysstelsel, altyd vanuit die grondmotief aangebied moet word en uiteindelik by die breë onderwysdoelstellings moet aansluit.

3.3.7.2 Doelwitte met indiensopleidingskursusse in Gesinsvoorligting

Die doelwitte met indiensopleidingskursusse was om (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:11)

- die betrokke onderwyspersoneel te oriënteer en op te lei in die filosofie en voorgeskiedenis van Gesinsvoorligting;
- die persoonskenmerke wat nodig is vir 'n onderwyser om 'n suksesvolle gesinsvoorligter te wees, te bespreek, tesame met die geweldige verantwoordelikheid wat daarmee saamhang;
- die programinhoud bekend te stel en te verduidelik;
- die vakdidaktiese wat so eie is aan Gesinsvoorligting te verduidelik en daardeur die personeel voor te berei op die werklike praktykmaking met die implikasies daarvan, veral ten opsigte van die hantering van sensitiewe onderwerpe;
- om die betrokkenheid van die Adjunk-Superintendente te verduidelik;
- om die onderwyspersoneel in te lig en op te lei in die vaardighede en tegnieke wat nodig is vir 'n suksesvolle ouerleidingsprogram.

3.3.8 Programinhoud van Gesinsvoorligting

Die programinhoud is ingedeel in drie komponente naamlik: Opvoedkundige Leiding (Graad 1 tot Standaard 5), Geestesweerbaarheid (Standaard 6 tot 10) en Beroepsvoorligting (Standaard 6 tot 10) (Transvaalse Onderwysdepartement 1985:11-16).

3.3.8.1 Opvoedkundige Leiding

Die volgende inhoud is voorgeskryf:

a. Graad 1

- God is groot en goed.
- My hulp is van die Here...

b. Graad 2

- Beleefdheid teenoor maats en ander volwassenes.
- Hulpvaardigheid tuis (tuiswerke).
- God is groot en goed.
- My hulp is van die Here...
- Gehoorsaamheid.
- Respek vir lewe.

c. Standerd 1

- Die skoonheid van die plante, voëls en diere (om bewondering vir die grootsheid van die skepping te wek).
- God is groot en goed.
- Hy hulp is van die Here...
- Gehoorsaamheid.

d. Standerd 2

- Maats - Klasmaats, my beste maat.
- Gedrag - Watter gedrag verwag my ouers/skool van my?
- Huiswerk - Onderskei tussen huiswerk (skoolwerk) en tuiswerk (takies vir ouers tuis).
- Gesin - My ouers weet beter as ek (waardes en norme).
- Verantwoorde- - Kan ander (ouers, maats, onderwysers) op my
delikhede staatmaak?
- My liggaam - Die liggaam is geskape en toegerus vir 'n groot
verskeidenheid gesonde aktiwiteite.

- Help mekaar - Mense help mekaar (gesin, skool, samelewing).
- Gesondheid - Wie waak oor my gesondheid?

e. Standaard 3

- Vryetyds- - Wat word bedoel? Waarom? Aktiewe en
besteding passiewe vorms.
- Vriendskap - Waarom vriende maak? My maat is nie my vyand nie,
vertroue.
- Reëls - Orde in die skepping. Noodsaaklikheid van orde. My
eie aandeel: kamer, huis, klaskamer.
- Gedrag - Watter gedrag verwag my ouers, maats en onderwysers
van my?
- Ankers en - Ankers en bakens in my lewe.
bakens
- Verantwoor- - Watter verantwoordelikheid het ek ten opsigte van
delikheid myself, my ouers, skool?
- My liggaam - My liggaam ten aansien van sport en kulturele
aktiwiteite.
- Spanwerk - Mense woon en werk saam (interafhanklikheid).

f. Standaard 4

- Vriende - Soorte. Hoe om vriende te maak en te behou.
- My ouers en my vriende.
- Ek kies my maats.
- My ouers is my beste vriende.
- Gedrag - Watter eise stel ek aan myself?
- Om 'n dame/heer te wees (innerlike dissipline).
- Verantwoor - Wat beteken verantwoordelik wees?
delikheid
- My liggaam - My liggaam ten aansien van my skoolwerk - waarde van
liggaamsdele in arbeidsverrigting.

- Arbeid - Werk tradisioneel deur mans/dames gedoen (huidige tendense).
- Werk wat in die natuur beoefen word.

- g. Standaard 5**

- Vryetyds- - Wat beteken dit om te ontspan?
besteding - Hoe ontspan 'n mens?
- Aktiewe en passiewe ontspanning.
- Groepdeelname.
- Vriendskap - Seun-meisie verhoudings.
- Keuse van vriende op sekondêre skool.
- Moet my maats baie ouer of jonger wees as ek?
- Hoe 'n maat is ek?
- Herstel van gebroke vriendskap.
- Gedrag - Ek as ambassadeur van my ouerhuis, skool, land.
- Om 'n dame/heer te wees.
- Keusemaking - My ouers kies en besluit nog saam met my.
- Mag ek van my ouers verskil? Op watter wyse?
- Verantwoor- - Hoe aanvaar ek nuwe verantwoordelikhede?
delikheid - Gesindheid, houding.
- My liggaam - My liggaam en my toekoms.
- Rol en betekenis in arbeid.
- Toekoms- - Wie help ons om ons toekoms te beplan?
beplanning - Hoe beplan 'n mens jou toekoms?
- Verantwoor- - Selfkennis – my persoonlikheid en geskikthede.
delike keuse- - Keusemoontlikhede en waarheen dit lei.
making
- Besoedeling - Geestelik: swak maats, swak leesstof, swak musiek.

3.3.8.2 Geestesweerbaarheid

a. Standaard 6 en 7

Menseverhoudings

- Goeie maniere as grondslag vir goeie verhoudings.
- Die groep as verskynsel; die aard en wese daarvan; die gesin as primêre groep; bande wat bind en faktore wat skei, reëls en dissipline in die groep.
- Die Bybel, godsdiens, die gesin, die kerk, die volk, die kultuurgemeenskap, vriende as stabiliserende en koersgewende faktore in die lewe van die jeugdige.

Lewenswaardes

- Gesag en vryheid; alle gesag kom uit die hand van God en die gesagvoerder bly aan Hom verantwoordelik;
- die plek en funksie van gesag in elke stadium van die mens se lewe;
- geleidelike ontwikkeling tot selfstandigheid;
- verantwoordelikheid waarmee selfstandigheid beoefen moet word;
- vryheid en beperkings van binne en buite;
- my vryheid en dié van ander;
- plig en vryheid;
- vryheid as die vrug van volwassenheid en gebondenheid.

b. Standaard 8 tot 10

Burgerskap

- Reëls en wette in die gesin, die skool, die span, die groep, die gemeenskap en die staat.

Menseverhoudings

- Die jeugdige (tiener), basiese kenmerke, selfstandigheidsdrang, groeppvorming, betekenis en belangrikheid van hegte vriendskap, verhouding tot ouers, volwassenes, die ander geslag.

- Die jeugdige en godsdiens, bydrae tot gemeenskapsdiens en volksdiens en behoud van norme.
- Die huwelik, huweliksgereedheid, huwelikswette, die keuse van 'n huweliksmaat, faktore wat die huwelik bestendig, gevolge van ontbinding.
- Die gesin as fondament van 'n kerngesonde volk, kinderversorging en opvoeding, skoon- en grootouers, beplanning van finansies, vakansies, vrye tyd en gesinsaktiwiteite.

Persoonlike probleme

- Probleme as alledaagse verskynsel in die lewe van elke mens, denkbeeldige en werklike probleme, die waarde van probleme in die vorming van die mens, die helende waarde van hulpverlening met ander se probleme.
- Die oplossing van probleme deur:
nugtere denke, ontleding van die feite, die inwin van raad, positiewe optrede, 'n blymoedige benadering.

Lewensingesteldheid

- As bepalende faktor op elke terrein.
- Die Christelike lewensbeskouing soos vergestalt in ons gesinslewe, ons gemeenskapslewe, die onderwys, ons wetgewing, ons staatkunde, die Westerse kultuur, ons geskiedenis, hede en toekomsstrewes.

3.3.8.3 Beroepsvoorligting (Standaard 6 tot 10)

Die verhouding tussen beroepslewe en gesinslewe

- Die betekenis van opvoeding in die verwerwing van 'n positiewe arbeidsgesindheid.
- Die beroeps vrou.
- Die gevolge van 'n afwesige vader in die opvoeding.
- Die verband tussen die beroepslewe en huweliksprobleme.
- Die sosiale lewe van ouers binne 'n besondere sosio-ekonomiese beroepsgroep.

3.3.9 Gevolgtrekkings

Dit wil voorkom asof daar met die komponente vir Opvoedkundige Leiding en Geestesweerbaarheid sterk gefokus was op die normatiewe ontwikkeling van die kind. Aandag is geskenk aan die normatiewe deurdad gepoog was om by die kind 'n gesindheid van eerbied vir God en 'n Christelike lewensbeskouing te vestig. Dit is opmerklik dat die program vanuit 'n Christelike perspektief aangebied was en dat multi-religieusiteit nie in ag geneem was nie. Daar was ook gefokus op sosiaal normatiewe reëls deurdad leiding aan die kind gegee was ten opsigte van 'n aanvaarbare ingesteldheid en optrede. Ten einde goeie menseverhoudings te stig is kenmerke soos beleefdheid, hulpvaardigheid, hoflikheid, gehoorsaamheid, selfrespek, respek vir ander en die verantwoordelikheid teenoor ouers, gesinslede en vriende beklemtoon. Aandag was ook verder geskenk aan normatiewe reëls soos 'n bereidheid om geregtigheid na te streef, gesag te eerbiedig en verantwoordelikheid en dissipline te aanvaar. Leerlinge was voorberei om verantwoordelike keuses te maak en 'n eie waarde-oordeel ten opsigte van reg en verkeerd en goed en kwaad te ontwikkel.

In die Geestesweerbaarheidskomponent is pertinente aandag geskenk aan aspekte soos selfstandigwording, verantwoordelikheid en vryheid en gesag. Leerinhoud wat gemik is op die verryking van die kind se onmiddellike gesinslewe asook sy eie gesinslewe eendag in die toekoms is ingesluit.

In die derde komponent (Beroepsvoorligting) word inhoud gebruik om 'n positiewe ingesteldheid by die jong kind jeens 'n toekomstige beroep te vestig. Aandag word ook geskenk aan die voorbereiding van die kind vir die toenemende eise van die beroepslewe en die invloed daarvan op enkelinkomste sowel as dubbelinkomste gesinne.

3.3.10 HERSIENE GESINSVOORLIGTINGSPROGRAM VAN DIE TRANS- VAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT

Die TOD het die Gesinsvoorligtingsprogram van 1985 hersien en die hersiene kurrikulum is in Oktober 1988 aan skole gestuur. Die hersiene kurrikuluminhoud het slegs betrekking op Standaard 5 tot 10 gehad. Die volgende veranderinge is in hierdie kurrikulum aangebring:

3.3.10.1 Geïdentifiseerde behoeftes

Faktore soos egskeidings, tienerswangerskappe, versteurde verhoudings tussen die twee geslagte en veral die onderstaande geïdentifiseerde behoeftes het daartoe gelei dat hierdie Gesinsvoorligtingsprogram as noodsaaklik beskou was deur die Transvaalse Onderwysdepartement (1988:2-5):

- a. Breë behoeftes soos deur die samelewing geopenbaar.
- b. Besondere behoeftes soos deur die Christelike gemeenskap geopenbaar.
- c. Behoeftes by ouers.
- d. Behoeftes by leerlinge in die verskillende fases van ontwikkeling, naamlik voor puberteit- en vroeë puberteitsfase, puberteits- en vroeë adolessente-fase en adolessente-fase.

3.3.10.2 Beplanning, lesvoorbereiding en aanbieding

Vir die aanbieding van Gesinsvoorligting moes onderwysers 'n vak- en voorbereidingslêer aanhou.

- a. Beplanning
 - Groepe moes nie groter as dertig wees nie.
 - Seuns en dogters moes, waar nodig, geskei word.
 - Oudiovisuele hulpmiddels kon alleen aangewend word as dit vooraf deur die Direkteur van Onderwys goedgekeur was.

b. Voorbereiding en aanbieding

Lesvoorbereiding en –aanbieding moes altyd volgens die aanvaarde lesvorm geskied:

- Aktualisering van voorkennis.
- Bekendstelling van nuwe inhoud.
- Funksionalisering van nuwe inhoud (Transvaalse Onderwysdepartement 1988:12,13).

3.3.10.3 Periodetoewysing

Aangesien die Transvaalse Onderwysdepartement geen spesifieke getal periodes vir Gesinsvoorligting afgesonder het nie, moes die skoolhoof periodes na eie oordeel en goeddunke vir hierdie doel aanwend (Transvaalse Onderwysdepartement 1988:11).

3.3.10.4 Ouerbegeleiding

Ouerbegeleiding het 'n belangrike faset van die Gesinsvoorligtingsprogram uitgemaak. Daar moes in die jaarprogram vir oueraande voorsiening gemaak word en op die sakelyste moes plek ingeruim word vir gesinsvoorligtingstemas.

Daar moes ook voorsiening gemaak word vir die inligting en voorligting van ouers met betrekking tot die volgende:

- Die beoogde program wat in die skool aangebied gaan word.
- Hulle belangrike taak as die primêre opvoeders van die kind wat hom/haar moet begelei in sy/haar wording van seun tot man en dogter tot vrou met die hoop op uiteindelijke, sinvolle beleving van sy/haar rol as huweliksgenoot en ouer.
- Dat gesinsvoorligting na 'n aspek van opvoeding verwys wat 'n aanvang by geboorte neem (wanneer die geslag van die kind deur die ouers aanvaar moet word) en as 'n kontinue proses deur die lewe van die kind voortgesit word deur die begeleiding, voorlewing en voorligting van die ouer.

- Die liggaamsbeewing van die kind in die voorpuberteits-, puberteits- en adolessenteperiode.
- Die behoeftes van die kind in sy/haar verskillende lewensfases.
- Die inhoud van die voorligting wat ouers in elke stadium aan hul kinders behoort te gee.
- Die tegnieke wat gebruik kan word om hierdie inligting effektief aan kinders oor te dra.
- Die belang van die korrekte kennis en terminologie insake geslagsaangeleenthede.
- Dat nie alleen die oordra van feitekennis in hierdie verband belangrik is nie, maar ook die gesindheid, houding, gesigsuitdrukking en bepaalde woordkeuse van die ouer sê soms meer as die feite self. (Negatiewe verwysing na hul eie geslag en eie liggaamsfunksies het onder andere negatiewe gesindheidsvorming by die kind tot gevolg).
- Die noodsaaklikheid van begrip vir die emosionele verandering wat by die kind plaasvind – stormagtige emosies en die gevolglike onsekerheid en verlorenheid by die kind werk dikwels mee tot 'n groter gaping tussen hom en die ouer.
- Die belangrikheid van genormeerde opvoeding. Die enigste norm vir die gesinsvoorligter is dié wat in die Skrif geopenbaar word.

3.3.10.5 Swangerskappe

Die volgende is onder hierdie tema behandel (Transvaalse Onderwysdepartement 1988:14-15):

1. Steungewing aan swanger dogters
2. Die behoeftes van persone wat by leerlingswangerskappe betrokke is
 - Die dogter.
Die dogter bevind haar eenklaps in 'n traumatiese situasie wat met intense behoeftes en nood gepaard gaan.
 - Begrip van die swanger dogter se ouers.
Die swanger dogter is werklik 'n kind-in-nood wat intense behoefte aan begrip van haar ouers het.

- Betrokkenheid van die vader (indien daar 'n liefdesverhouding was).
Die seun tree in die problematiese situasie dikwels geheel en al terug, wat deur die dogter as uiterste verwerping belewe word.
- Begrip van die vader en sy ouers.
Dit is dikwels die verwerping van die dogter deur die vader en sy ouers wat 'n vernietigende effek op die dogter se selfbeeld het.
- Emosionele ondersteuning in die hantering van haar situasie.
Die swanger dogter se emosionele toestand fluktueer en grens dikwels aan depressie.
- Saamwees met portuurgroep en ander wat in dieselfde situasie is.
As jongmens wil sy graag nog tussen jongmense beweeg en het sy ook die behoefte om met iemand in dieselfde situasie te gesels.
- Hulp met skoolwerk.
Alhoewel daar gereël kan word dat skoolonderrig deur die dogter voortgesit word, ontbreek die moed dikwels by so 'n dogter. In dié verband het sy kundige persone nodig om haar by te staan.
- Hulp met plasing in tehuis vir ongehude moeders.
Die swanger dogter is soms op 'n tehuis vir ongehude moeders aangewese. Sy en haar ouers mag hulp in dié verband nodig hê.
- Leiding oor haar onmiddellike toekoms.
- Leiding oor die toekoms van die baba.
- Leiding aan die dogter oor toekomstige verhoudings.

3. Die ouers van die dogter

Die ouers van die swanger dogter het die volgende behoeftes:

- Verwerking van die situasie.
- Die hantering van die dogter gedurende haar swangerskap.
- Besluite in verband met die toekoms van die baba.
- Die hantering van die vader van die kind.
- Die vader van die kind en sy ouers.

Die vader en sy ouers is net so op hulp aangewese om die situasie in die belang van alle betrokkenes te verwerk.

3.3.10.6 Programinhoud

Die onderstaande inhoud is aan skole voorgeskryf (Van Rooyen 1985:261-278, Transvaalse Onderwysdepartement 1988:16-24):

3.3.10.6a Voorpuberteits- en vroeë puberteitsfase (Standaard 5)

Spesifieke doelwitte vir hierdie fase

- (i) Om verwondering oor die skepping by leerlinge tuis te bring. Die wonder van sy eie ontstaan as unieke persoon, seun of dogter, as lid van 'n besondere gesin, word beklemtoon.
- (ii) Om agting vir die waardigheid van die eie en die teenoorgestelde geslag en die waarde van gesonde kameraadskap en vriendskap te bevorder.

Spesifieke temas

- (i) *Die uniekheid van die mens*
 - Sy uniekheid as persoon, deur God geskape: “Ek het jou by die naam geroep; jy is myne.” – Jes. 43:1.
 - As lid van 'n unieke gesin – waar hy ook nog “anders” is.
 - Die leerling se eie menswaardigheid – die uitbouing van sy selfkennis en selfbeeld.
- (ii) *'n Geheelbeeld van die mens se lewensplan en die sinvolheid en doel van die menslike bestaan*
 - Skets die verskillende lewenstadia van die mens, van geboorte tot bejaardheid – gee bepaalde kenmerke, eise en probleme van elke fase (oorsigtelik).
 - Bespreek die plek van die puber in hierdie lewensloop.
 - As mens is hy “op pad” - waarheen? Volwassenheid? Bejaardheid? En daarna?
 - Die lewenskeuses wat in hierdie verband gemaak moet word.
 - Lewenskans en lewenskeuses – die benutting van elke lewenskans.

(iii) *Die betekenis van “grootword” – nie net liggaamlik groei en ouer word nie:*

- “Grootword” beteken “op pad” wees – lei die kind tot ’n eie toekomstperspektief: Waarheen is ek op pad?
- “Grootword” beteken onder andere: Groei, verandering, vorming, verantwoordelikheid, “verbygaan”, ek word wat ek “behoort” te wees.
- “Grootword” raak baie fasette:
 - Fisiese groei en rypwording; ek as dogter gaan eendag ’n vrou word en daarna ’n moeder; die seun – ’n man en ’n vader (oorsigtelik).
 - Emosionele verandering – hormoonverandering.
 - Sosiale veranderinge as gevolg van veranderende sosiale behoeftes.
 - Intellektuele verandering en rypwording wat my in staat stel tot abstrakte denke.
 - ’n Saak van twee kante te sien.
 - Begrip en samewerking.
 - Verantwoordelikheid.
 - Keusevermoë.
 - Beheer oor myself (ek word nie voortgesleur nie).
 - Persoonlikheids groei
 - Wat is persoonlikheid?
 - Elke mens beskik oor verskeie persoonlikheids-eienskappe wat op ’n spesifieke wyse, eie aan hom is.
 - Watter faktore beïnvloed die persoonlikheid?
 - Kan die persoonlikheid verbeter word?
 - Probleme van “grootword”
 - Onwederedige groei, lompheid, skaamheid, velprobleme, inter-persoonlike probleme

(iv) *Mens tussen mense*

- Verhoudingstigting – verantwoordelikheid wat hiermee gepaard gaan. Wat normaal en toelaatbaar is in ’n seun/dogterverhouding in Standaard 5.

(v) *Horisontale verhouding met medemens en vertikale verhouding tot God.*

3.3.10.6b Puberteits- en vroeë adolessente-fase (Standaard 6 en 7)

1. Spesifieke doelwitte vir hierdie fase:

- (i) Uitbou van 'n eie lewensfilosofie gegrond op etiese, kulturele en religieuse waardes.
- (ii) Stellingname en besluitneming aan die hand van persoonlike standarde gebaseer op 'n eie lewensfilosofie as uitvloeisel van die sterk strewe na selfstandigheid in hierdie fase.
- (iii) Sinvolle beleving van fisiese en emosionele veraderinge in hierdie fase met aanvaarding van die "self" as 'n agtingswaardige persoon asook aanvaarding en agting vir die waardigheid van 'n ander persoon.
- (iv) Insig in die dinamiek van die verhouding tussen seun en dogter en aanvaarding van verantwoordelikheid vir persoonlike gedrag binne hierdie verhouding.
- (v) Agting vir en aanvaarding van ouerlike en ander gesag en die belangrikheid van die stel van perke in die wording van die eie persoon.

2. Spesifieke temas vir Standaard 6

(i) *Menseverhoudinge*

Die gesin as eerste saamlewesituasie

- Die gesin as eenheid.
- Funksies: Tradisioneel en vandag.
- Ideale rol van vader, moeder, seuns en dogters.
- Gesinsreëls.
- Verhoudinge: Verskillende gesinslede onderling.
- As leerskool vir verhoudingstigting na buite.

- Gesinsprobleme – hantering en oplossing: Elke lid se bydrae.

Verhoudingstiging na buite

- Groepvorming.
- Invloed van groep.
- Vriendskap.

(ii) *Lewenswaardes*

- Uitbouing van 'n eie lewensfilosofie gebaseer op
 - etiese waardes – dit wat mooi en goed en behoorlik is.
 - kulturele waardes – dit waaraan jou kultuurgroep glo.
 - godsdienstige waardes – soos die Bybel ons leer.
- Ontwikkeling van selfstandigheid sodat die leerling geleidelik op grond van 'n eie lewensfilosofie gebaseer op bogenoemde punte sy eie besluite kan neem en sy eie probleme kan oplos.
- 'n Begrip vir die belangrikheid van sedelike en religieuse waardes.
 - Die begrippe *reg* en *verkeerd*.
 - Die neem van morele beslissings.
 - 'n Eie gedragskode.
 - Religieuse waardes, karakter en gewete.
 - Waardes en vriendskappe.
 - Waardes en 'n lewensfilosofie.

3. Spesifieke temas vir Standaard 7

(i) *Volwassenheid*

- Die universele strewe na volwassenheid.
- Kenmerke van die emosioneel volwasse persoon.
- Valse tekens of kenmerke van volwassenheid bv. die dra van grimering, 'n groot liggaamsbou, die gebruik van sterk drank, rook, om 21 jaar oud te word of om 'n rybewys te besit.

(ii) *Menseverhoudinge*

- Die positiewe waarde van goeie gesinsverhoudinge.
- Versoening van eie strewe na selfstandigheid met afhanklikheid van gesin: Verbondenheid, lojaliteit, aanvaarding van gesag.



(iii) *Verhouding na buite*

- Vriende van eie geslag.
- Populariteit.
- Portuurgroepdruk.

3.3.10.6c Gesinsvoorligting aan leerlinge in die adolessente-fase (Standaard 8, 9 en 10)

1. Spesifieke doelwitte vir hierdie fase

- (i) Toekomsgerigtheid ten opsigte van loopbaan en persoonlike lewe.
- (ii) Die verdere uitbou van kennis, benaderings, houdings, norme en waardes ten opsigte van die verhouding tussen man en vrou soos dit gestalte vind in
 - hofnakery.
 - verlowing.
 - die huwelik.
 - ouerskap.

2. Spesifieke temas vir Standaard 8, 9 en 10

(i) *Selfevaluering van vordering op pad na bereiking van vroeër gestelde ideale ten opsigte van toekomstige loopbaan en die ontwikkeling van die eie persoonlikheid.*

(ii) *Volwassenheid*

Selfkennis en selfbeeld.

Ontwikkeling van eie moontlikhede. Verantwoordelikheid hieraan verbonde tot bereiking van eie bestemming.

Selfbeheersing

- Emosionele volwassenheid – hantering van eie gevoelens.
- Bewustheid van ander se gevoelens en behoeftes.
- Agting vir ander.

Hantering en oplossing van eie probleme



- Gewaande probleme.
- Werklike probleme.
- Probleemoplossing.
- Identifisering van probleem.
- Struikelblokke, hulpmiddels.
- Moontlike oplossings.
- Beskikbare hulp van buite.

(iii) *Hofmakery en verlowing*

- Hoe dit verskil van “uitgaan”: betekenis en doel.
- Toepaslike gedrag: betekenis en doel.
- Geleentheid en verantwoordelikhede.

(iv) *Die huwelik*

- Die huwelik as instelling. Bybelse grondslag en sekulêre beskouing.
- Wetlike bepalings.
- Geslagsrolle: Rol van die man en vrou.
- Faktore wat die huwelik laat slaag:
 - Liefde – ware liefde teenoor verliefdheid.
 - Onvoorwaardelike getrouheid aan mekaar.
 - Sekuriteit.
 - Volwassenheid.
 - Kameraadskap (lewensmaats).
 - Kommunikasie.
 - Godsdienstige oortuiging.
- Potensiële probleemareas:
 - Oneffektiewe kommunikasie.
 - Verskille ten opsigte van lewenstyl.
 - Verhoudings met skoonfamilie.
 - Houidings ten opsigte van geld.
- Finansies. (Hantering van persoonlike finansies as voorbereiding tot hantering van gesinsfinansies).
 - Begroting.
 - Huisvesting.
 - Lewensmiddele.



- Koop.
- Versekering.
- Spaar en belegging.
- Ontspanning.
- Gesamentlike inkomste.

(iv) *Ouerskap*

- Persoonlike gereedheid.
- Gesinsbeplanning in die algemeen.
- Ouerlike pligte en verantwoordelikhede.
- Werkende moeder.

(v) *Egskeiding*

- Wetsbepalings.
- Oorsake.
- Gevolge vir huweliksgenote en kinders.
- Te bowe kom van negatiewe gevolge.
- Die enkelouergesin.

(vi) *Lewenswaardes*

- Stellingname ten opsigte van maatskaplike verskynsels soos
 - proefhuwelike
 - aborsie
 - homoseksualiteit.

3.3.10.7 Gevolgtrekkings

In die sillabus is dit duidelik dat daar gefokus was op die bevordering van kennis, vaardighede en gesindhede volgens die behoeftes van leerlinge in die verskillende fases van ontwikkeling. Aandag was geskenk aan die ontwikkeling van die geestelike, fisiese, emosionele en sosiale behoeftes van die kind. Klem was gelê op die geestelike verdieping van die kind deurdat die kind geleer was om 'n gesindheid van eerbied teenoor God te hê asook 'n agting vir die uniekheid waarmee die mens geskape is. Opvoeding in Gesinsvoorligting was gemik op die internalisering van 'n Christelike lewensbeskouing.

3.4 GESINSVOORLIGTING IN NATAL

3.4.1 Inleiding

Die sillabus vir Gesinsvoorligting was verdeel in vier fases naamlik die Pre-primêre fase, die Primêre fase, die Junior Sekondêre fase en die Senior Sekondêre fase. Dit wil voorkom asof dit van die Gesinsvoorligtingonderwyser verwag was om self die leerinhoud in die wordingsfases van die leerlinge te verbeter.

In die beskikbare literatuur word slegs melding gemaak van die vasstelling van die sillabus, die doelstellings, indiensopleiding en die programinhoud. Daar word nie melding gemaak van aangeleenthede soos die roosterindeling en ouerbetrokkenheid nie.

3.4.2 Vasstelling van die kurrikulum

Voor 1989 het daar geen amptelike sillabus vir Gesinsvoorligting in die Natalse skole bestaan nie. By nadere ondersoek is vasgestel dat slegs die skoolvak Voorligting by skole aangebied was. Laasgenoemde vak het min temas met betrekking tot opvoeding vir gesinslewe bevat. Weens die toenemende behoefte aan 'n Gesinsvoorligtingsprogram het die Natalse Onderwysdepartement in 1989 die sillabus vir Gesinsvoorligting aan alle skole voorgeskryf (Liebetrau 1989:1-24).

3.4.3 Doelstellings

Die doel met Gesinsvoorligting was om (Natalse Onderwysdepartement 1983:2)

- leerlinge op te voed in verband met menslike groei, ontwikkeling en gedrag binne die gesinsopset asook die handhawing van gesinsverhoudings.
- die jeugdige voor te berei om die simptome van gesins- en sosiale disintegrasië doeltreffend te kan hanteer.

- waardering by die leerling te kweek vir die rol wat gesinslede speel en erkenning te verleen aan die wyse waarop die rolle verander en mekaar beïnvloed.
- 'n grondslag te verskaf vir verhoudings in die huwelik.
- leerlinge voor te berei vir 'n eie huwelik eendag in die toekoms.
- gemeenskapsverantwoordelikheid buite die onmiddellike gesin te bevorder.

3.4.4 Indiensopleiding

Oriënterings- en indiensopleidingskursusse vir die bekwaammaking van onderwysers is deur die Natalse Onderwysdepartement aangebied. Gereelde seminare en simposiums het waardevolle insigte ten opsigte van die aanbieding en hantering van Gesins- en Geslagsopvoedingsprogramme gebied. Vakadviseurs het ook hulp en raad aan onderwysers voorsien (Natalse Onderwysdepartement 1983:4, Liebetrau 1989:11).

3.4.5 Programinhoud van die Natalse Onderwysdepartement

3.4.5.1 Pre-primêre fase

- Positiewe selfkonsep in verskeidenheid situasies.
- Hoe om emosies te hanteer.
- Interaksie met mense.
- Die gesin: die ideale omgewing.
- Skep 'n gesin as ideale opvoedingsmilieu.
- Demonstrasie van goeie kommunikasievaardighede om gedagtes, behoeftes en gevoel verbaal en nie-verbaal uit te druk.
- Begin om probleemoplossingsvaardighede, soos benodig, binne en buite die gesinsverband te ontwikkel (Natalse Onderwysdepartement 1983:4, Liebetrau 1989:14).

3.4.5.2 Primêre fase (Graad 1 tot Standerd 4)

- Lei die kind tot liefde vir God, die self en die naaste.

God het alle mense lief

- Ouerliefde.
- Vriende.

Lê Christelike waardes en norme vas

- Verantwoordelike, verstandige mense.
- Hulpvaardigheid.
- Samewerking.
- Versorging.
- Gehoorsaamheid.
- Lojaliteit.
- Eerbied.

Bou aan positiewe karaktereienskappe

- Selsugtigheid.
- Reaksie op positiewe/negatiewe kritiek.
- Hantering van konflik tussen broers/susters.

Verryking en bevordering van die gesinslewe by die kind

- Ouer/kind verhoudings.
- Aanvaarding van gebroke huwelik.
- Aanvaarding van enkel-ouersituasie.
- Respek vir mekaar se privaatheid.
- Deel in mekaar se lief en leed.

Vervulling van die kind se behoefte aan sekuriteit

- Godsdien.
- Ouers.
- Huis.



- Familie.
- Dissipline en reëls.

Vaslegging van die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid en dissipline teenoor God, sy medemens en instellings

- Gehoorsaamheid aan God, ouers, onderwysers.
- Straf uit liefde.
- Dissipline.
- Selfdissipline.

Kennis oordra aan die kind ten opsigte van drankgebruik en –misbruik, dwelms en medisyne

- Medisyne.
- Dwelms.
- Drank.

Lei die kind tot eerlike kommunikasie in gesins- en sosiale verband

- Met wie bespreek ek my persoonlike lief en leed?
- Ek en my pa/ma.
- Ek en my broer/suster.
- Wat deel ek met my gesinslede?
- Luister ons na mekaar?
- Gesels ek graag met my onderwyser?

Lei die kind tot verantwoordelike aanvaarding teenoor gesin, portuurgroep en sosiale omgewing

- Ouerlike voorbeeld van verantwoordelikheid.
- Verantwoordelikheid ten opsigte van huistake/skoolwerk.
- Gehoorsaamheid aan reëls in skool/huis/samelewing.
- Gedrag teenoor maats en in die openbaar.
- Rekenskap teenoor God (Natale Onderwysdepartement 1983:6, Liebetrau 1989:15-17).

3.4.5.3 Junior Sekondêr (Standerd 5 tot 7)

- Veranderde en huidige manlike en vroulike rolle.
- Ondersoek persoonlike geslagsrolidentifikasie.
- Idealistiese versus realistiese seksuele/persoonlikheidseienskappe.
- Aanvaarding van myself.
- Sosiaal-aanvaarbare manlike/vroulike eienskappe in groepe.
- Ooreenkomste en verskille ten opsigte van belangstelling/eienskappe/houdings tussen seuns en dogters.
- Vriendskapsvaardighede: kwaliteite vir goeie vriendskappe.
- Ooreenkomste en verskille tussen vriendskappe met dieselfde geslag en die teenoorgestelde geslag.
- Vriendskapsvaardighede: hoe om vriendskappe te bou.
- Behoeftes aan 'n ander geslag.
- Algemene verleentheid in vriendskappe met die teenoorgestelde geslag.
- Gevare verbonde aan seksuele verhoudings.
- Hantering van 'n gevoel van verwerping by beëindiging van 'n verhouding.
- Belangrikheid van liggaamsbeeld en kleding in verhoudings.
- Onderskeiding tussen verskillende soorte liefdesverhoudings tussen die twee geslagte.
- Tienerverhoudings en gereedmaking vir verskillende stadia van liefdesverhoudings.
- Geslagsopvoeding en biologiese feite (Natale Onderwysdepartement 1983:6-7).

3.4.5.4 Senior Sekondêre fase (Standerd 8 tot 10)

Seksualiteit is geïntegreer in die totale persoonlikheid

- Vestiging van eie identiteit.
- Belangrikheid van basiese behoeftebevrediging.
- Emosionele ontwikkeling.
- Fisiese veranderinge in adolessensie.

Geslagtelijke verhoudings

- Uitgaan.
- Voorhuwelikse verhoudings.
- Ouerskap op skoolgaande ouderdom.
- Faktore wat in ag geneem moet word met betrekking tot volwassenheid.

Gesinsbeplanning

- Faktore wat in ag geneem word met betrekking tot gesinsbeplanning.

Geboortebepërking: 'n gesamentlike besluit in gesinsbeplanning.

Swangerskap en voorgeboortelike sorg.

- Swangerskap en die duur daarvan.

Aanpassing in gesinslewe met betrekking tot 'n baba se geboorte (Nataalse Onderwysdepartement 1983:8).

3.5 Gevolgtrekkings

Uit die bestudering van die leerinhoud is dit duidelik dat daar reeds vanaf die pre-primêre fase aandag geskenk was aan die verryking van die kind deur te fokus op die aanleer van vaardighede soos die volgende: hantering van emosies, konflik-hantering, kommunikasievaardighede en probleemoplossingsvaardighede. Leerlinge was ook voorberei vir die hantering en aanvaarding van ontoereikende gesinsituasies soos gebroke huwelike en enkel-ouergesinne. Aandag was verder geskenk aan die bevordering van leerlinge se gesindhede ten einde goeie gesinsverhoudinge en vriendskapsverhoudinge te stig.

In die literatuur is dit duidelik dat die kind voorberei was vir die aanvaarding van die verantwoordelikheid teenoor die gesin en die portuurgroep. Hiermee saam was aandag geskenk aan die bevordering van positiewe karaktereenskappe soos selfdisipline, empatie, hulpvaardigheid, samewerking, gehoorsaamheid en lojaliteit. Leerlinge was ook gelei tot 'n bereidheid om gesag te eerbiedig en dissipline te aanvaar. Dit is verder duidelik dat 'n gesindheid van eerbied teenoor God en die

vestiging van 'n Christelike lewensbeskouing prioriteit geniet het. Leerlinge moes op so 'n wyse opgevoed word dat hulle Christelike norme en waardes kon internaliseer.

Dit wil voorkom asof daar min inligting verskaf was wat verband hou met die voorbereiding van die kind vir 'n eie gesinslewe eendag in die toekoms. Slegs inhoud wat verband hou met voorhuwelikse verhoudings, gesinsbeplanning en geboortebepערking was verskaf.

4. DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR: ADMINISTRASIE, RAAD VAN AFGEVAARDIGDES

Navorsing met betrekking tot die aanbieding van Gesinsvoorligting in die Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie, Raad van Afgevaardigdes, het aan die lig gebring dat Gesinsvoorligting nie op skoolvlak en ook nie as 'n kursus aan opleidingskolleges aangebied was nie (Van Rooyen 1987:163).

Daar is egter 'n Gesinsopvoedingsprogram aangebied na die oproep van die Verenigde Nasies om 1994 as die internasionale jaar van die gesin te huldig. 15 Mei 1994 was aangewys as die amptelike dag van die gesin. Verskillende doelstellings met die oog op die verbetering van gesinslewe in die algemeen is geformuleer waarvan een 'n skoleprogram is (Department of Education and Culture: Administration, House of Delegates 1994:1,2).

Die program wat in skole aangebied was het bekend gestaan as "National plan for Family life."

Die volgende temas is aan skole voorgeskryf (Department of Education and Culture: Administration, House of Delegates 1994:1,2):

- Die bevordering van die gemeenskap.
- Die skepping van 'n klimaat van betrokkenheid in die gesin.
- Voorbereiding vir huweliks- en gesinslewe.
- Bevordering van die kwaliteit van huweliks- en gesinslewe.

- Hantering van huweliks-en gesinsdisfunksies en patologieë.

Vir besondering van bogenoemde temas raadpleeg Bylae 3 (Department of Education and Culture: Administration, House of Delegates 1994:1,2).

5. DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR: ADMINISTRASIE, RAAD VAN VERTEENWOORDIGERS

5.1 Inleiding

Die sillabus vir Gesinsvoorligting in die Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie, Raad van Verteenwoordigers (hierna genoem Raad van Verteenwoordigers) is verdeel in vier fases naamlik: die Junior Primêre fase, die Senior Primêre fase, die Junior Sekondêre fase en die Senior Sekondêre fase. Dit wil voorkom asof dit van die Gesinsvoorligtingsonderwyser verwag was om self die leerinhoud in die onderskeie klasgroepe te verbesonder (Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie, Raad van Verteenwoordigers 1987:1-11).

In die beskikbare literatuur word slegs melding gemaak van die vasstelling van die kurrikulum, die doelstellings en die programinhoud. Daar word nie melding gemaak van aangeleenthede soos roosterindeling, onderwyseropleiding en ouerbetrokkenheid nie.

5.2 Vasstelling van die kurrikulum

In 1987 het die Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie, Raad van Verteenwoordigers 'n sillabus vir Gesinsvoorligting aan alle skole onder hierdie Onderwysdepartement voorsien. Laasgenoemde sillabus was tot 1994 in gebruik.

5.3 Doelstellings

Gesinsvoorligting in hierdie Onderwysdepartement het die volgende ten doel gehad (Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie, Raad van Verteenwoordigers 1987:2):

- Die bevordering van 'n positiewe persoonlikheidsontwikkeling en karaktervorming van die kind deur planmatige, deurlopende voorligting.
- Die skepping van 'n gunstige klimaat in die gesin wat doeltreffende kommunikasie tussen ouer en kind bevorder en dit vir die ouer makliker maak om sy voorligtingstaak te verrig.
- Die kweek van 'n positiewe gesindheid teenoor die gesin as die hoeksteen van 'n gesonde gemeenskap.
- Die oordra van aanvaarde lewenswaardes, naamlik dat die mens 'n verantwoordelike wese is, met 'n bepaalde en betekenisvolle lewensdoel, en 'n verpligting teenoor sy medemens en sy Skepper.

5.4 Programinhoud van Gesinsvoorligting

Die onderstaande inhoud is aan skole voorgeskryf (Departement van Onderwys en Kultuur: Administrasie, Raad van Verteenwoordigers 1987:4-11):

5.4.1 Graad 1 tot Standaard 1 – Junior Primêr

Die Gesin

Soorte gesinne

- Gesinne verskil ten opsigte van grootte en samestelling.
- Die samestelling van 'n gesin kan van tyd tot tyd verander.
- Die volledige gesin: ouers, broers en susters.
- Die uitgebreide gesin: oupa en/of ouma, ooms, tantes.
- Die enkel-ouergesin.
- Die kind in die inrigting: kinderskool, spesiale skool, verbeteringskool, nywerheidskool.

Die ouers

- Vaders en moeders sorg vir hulle kinders.
- Verskillende vaders doen verskillende soorte werk om in die behoeftes van die gesin te voorsien.
- Moeders doen ook werk in die huis of dien as broodwinner buite die huis om vir die gesin te sorg.
- 'n Gesin se leefwyse word beïnvloed deur die vader en die moeder se werk.
- Die rol van die vader en die moeder in die gesin en in die gemeenskap.

Die individu in die gesin

- Hoe die kind lid geword het van die gesin, in eenvoudige terme.
- Ontdekking en beleving van die self.

Die gesinslede

- Gesinslede help mekaar op verskillende maniere.
- Samewerking maak die gesinslewe aangenamer.
- Elke gesinslid dra sy deel by.
- Alle gesinslede gee vir mekaar om.
- Gesinslede deel hul gevoelens, oortuigings en idees met ander gesinslede.

Ander gesinne

- Gesinne in verskillende lande leef verskillend.
- Gesinne in dieselfde land leef verskillend.
- Verskillende gesinne werk saam.

5.4.2 Standaard 2 tot 4 – Senior Primêr

Die Gesin

Hoe ons dink en voel omtrent ons gesin

- Moeder, vader, ander kinders.
- Stiefmoeder, stiefvader of pleegouers.
- Ander persone in die huis, bv. ouma, oupa, loseerder.
- Die aangenome kind of die pleegkind.

- Die kind in die inrigting: kinderhuis, verbeteringskool, nywerheidskool, spesiale skool.

Soorte gesinne

- Groot en klein gesinne.
- Die uitgebreide gesin: ouma en/of oupa.
- Die enkel-ouergesin.

Die invloed van status in die gesin

- Die verantwoordelikhede en voorregte van 'n oudste of enigste kind.
- Die voor- en nadele van 'n enigste seun en susters en 'n enigste dogter en broers.

Verantwoordelikhede teenoor die gesin

- Die verrig van take in die huis.
- Sorgsaamheid (konsiderasie) teenoor ander.
- Hulp aan broers en susters.

Die gelukkige gesin

- Faktore wat gesinsgeluk beïnvloed.
- Probeer mekaar verstaan.
- Die inagneem van verskille tussen gesinslede.
- Gesamentlike beplanning: nodig vir ontwikkeling en gesondheid.
- Die vermyding van onredelike eise aan die gesin.
- Trots op die gesin.
- Die gesin se verhouding tot die moderne samelewing.
- Die gevare van rook, alkohol- en dwelmmisbruik.

5.4.3 Standaard 5 tot 7 – Junior Sekondêr

Die Gesin

Die gesin as 'n basiese instelling

- Strukture van die gesin.

Funksies van die gesin

- Die funksies verander namate die gemeenskap verander.
- Tradisionele funksies en verantwoordelikhede van die gesin.
- Die gesin vandag.
- Voorkoming van ongelukke tuis.
- Siektes en tuisverpleging.

Gesinsverhoudings

- Spanning in die gesin.
- Spanning tussen ouer en kind.
- Broer-suster- en verhoudings, asook verhoudings teenoor die aangenome kind en die pleegkind.

Gesinsgeluk

- Faktore wat gesinsgeluk beïnvloed.
- Ouerlike kontrole.
- Daaglikse probleme.
- Hoe 'n gesin aanpas by probleme en oplossings soek.
- Die oplos van probleme.

Die huwelik

- Verantwoordelike ouerskap.
- Die geslag van die baba: bepaling en aanvaarding.
- Baba- en kindersorg.
- Egskeiding.

5.4.4 Standaard 8 tot 10 – Senior Sekondêr

Die Gesin

Die eendersheid en andersheid van gesinne

- Die volledige gesin.
- Die uitgebreide gesin.

- Die enkel-ouergesin.
- Die kind in die inrigting.

Die ideale gesin

- Die ouers se rol en verantwoordelikheid.
- Die gelukkige huis: Faktore wat gesinsgeluk beïnvloed.
- Die beskermende funksie van die gesin.
- Die gesin as middelpunt vir die kweking van ideale en gesindhede.

Demokrasie in die gesin

- Die belangrikheid van 'n gesin in die eie en ander samelewings en die veranderde rol wat die gesin in die moderne lewe speel.
- Die belangrikheid van die gesin vir elke individuele lid.
- Die belangrike rol wat die man en die vrou onderskeidelik in die gesin speel.
- Die gesin as medium vir wedersydse liefde en kameraadskap tussen man en vrou.
- Die uitvoerende pligte van die gesin.
- Verhoudings tussen lede van die gesin.
- Gesinstruwelinge: Voorkoming en oplossing.

Die struktuur van die gesin

- Invloede wat die struktuur kan versterk of verswak.
- Gesinslewe in die verlede en in die moderne samelewing.
- Hoe die samelewing die gesin ondersteun: Gesinswette.

Die huwelik

Verlowing

- Hofmakery en die keuse van 'n maat.
- Faktore wat in ag geneem moet word by die keuse van 'n huweliksmaat.
- Voordele en verantwoordelikhede van 'n verlowing.
- Die verbreking van 'n verlowing.

Verskillende beskouings oor die huwelik

- Die sekulêre beskouing: Die huwelik is bloot 'n kontrak.
- Die Bybelse beskouing: Die huwelik is 'n instelling van God.

Faktore wat die suksesvolle huwelik beïnvloed

- Aanpassings wat gemaak moet word om 'n gelukkige huwelik te verseker.
- Algemene konflikte binne die huwelik.
- Reëls vir konstruktiewe verskille.
- Druk op 'n huwelikspaar ten opsigte van sosiale sake, byvoorbeeld geloof, politiek, sosiale groepe.

Gereedheid vir 'n huwelik

- Volwassenheid as mens.
- Elemente van groei in liefde.
- Lewensaspirasies of doelstellings.
- Die wetlike aspekte.
- Voortplanting.

Die huwelikslewe

- Die probleem van huisvesting.
- Die huwelikslewe dag vir dag.
- Die vennootskap: man en vrou.
- Tuisteskepping.
- Voorbereiding vir ouerskap.
- Gesinsverantwoordelikhede.
- Kleuter- en kindersorg.
- Geboortebepanking: voorbehoedmiddels.
- Buite-egtelike kinders.
- Aanneming.
- Aborsies.

Egskeiding

- Algemeen.
- Oorsake.
- Gevolge.
- Probleme na egskeiding.

5.5 Gevolgtrekkings

In die sillabus was spesifieke leerinhoud wat gemik was op die verryking van die kind se onmiddelijke gesinslewe en sy eie gesinslewe eendag in die toekoms.

Dit is opvallend dat daar in die leerinhoud gefokus was op die skepping van 'n gelukkige gesinsklimaat deur aandag te skenk was aan die bevordering van positiewe gesinsverhoudinge en die hantering van onderwerpe soos demokrasie in die gesin, gesinsgeluk, die ideale gesin, ensovoorts. Leerlinge was ook gelei om positiewe gesindhede en gevoelens teenoor alle gesinslede te ontwikkel insluitende stiefouers en aangenome en pleegkinders. Aansluitend hierby was klem gelê op die bevordering van 'n positiewe persoonlikheidsontwikkeling en karaktervorming by die kind deurdat sosiale aspekte soos dankbaarheid, betrokkenheid, bereidwilligheid, hulpvaardigheid, samewerking en aanvaarding behandel was.

Uit die literatuur is dit duidelik dat aandag geskenk was aan die aanleer van lewensvaardighede soos die volgende: probleemoplossingsvaardighede, kommunikasievaardighede, konflikthantering en die hantering van spanning. Dit is verder duidelik dat die kind voorberei was vir die aanvaarding van die verantwoordelikheid teenoor ander gesinslede deur aandag te gee aan die versorging van kinders en die ondersteuning van ouers, broers en susters.

Aandag was geskenk aan die uitbou van kennis, houdings en waardes soos dit gestalte vind in die huwelik, verlowing, ouerskap en in verskillende gesinstipes. Leiding was ook aan leerlinge gegee om die invloed van die moderne samelewing op die gesin raak te sien en te hanteer.

6. DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING

6.1 Inleiding

Navorsing het getoon dat Gesinsvoorigting nie in die skole wat onder hierdie Departement geresorteer het, aangebied was nie. Verwante programme was wel op Ad Hoc basis aangebied deur onder andere die destydse Departement van Gesondheid. 'n Voorbeeld van so 'n program is in Soshanguve aangebied (Bam, Mahlangu & Mncube 1991:1-44).

6.2 Programinhoud

Alhoewel die program gefokus het op adolessente seksualiteit (Adolescent Sexuality Education) is relevante onderwerpe wat verband hou met persoons- en gesinsopvoeding aangespreek, byvoorbeeld

- Selfkonsep
- Verhoudinge:
 - portuurgroep.
 - gesin.
 - ander volwassenes.
 - lewensvaardighede.
- Kinder-seksuele mishandeling
- Puberteit
- Veranderinge:
 - emosioneel.
 - fisiek.
 - kognitief.
 - sosiaal.
- Sosiale gedrag
- Seksueel oordraagbare siektes
- Voorbereiding vir ouerskap
- Waardes en waarde verheldering

- Formulering van langtermyndoelstellings

6.3 Skole wat by die program betrek is

Die program is by die volgende twee skole in Soshanguve aangebied: *Lethabong High School* en *Vulingqondo Secondary School*.

6.4 Algemeen

Die program is aan beide geslagte leerlinge van 16 en 17 jarige ouderdom (die destydse Standaard 7 tot 9) aangebied. Die ouers is by die program betrek en is vooraf by 'n vergadering waarheen die leerlinge ook uitgenooi was, ingelig. Die ouers het positief op die inligting gereageer en het ingestem dat hierdie program op 'n permanente basis ingestel word.

Die program is beplan vir vyf weke met twee sessies van een uur elk vir twee dae per week.

6.5 Gevolgtrekkings

Ongelukkig is bogenoemde program sporadies aangebied en kon dit moeilik voorsien in die nood wat by jong mense bestaan aan voorbereiding vir die volwasse lewe as mens tussen ander mense. Aanbieding op 'n gereelde en/of permanente basis kon moontlik 'n positiewe bydrae lewer om die nood te verlig. Die temas was daarop gerig om leerlinge te begelei om selfkennis in te win, om hom- of haarself te kan handhaaf en te beveilig as ontluikende man of vrou en om voorberei te word vir ouerskap. Relevante temas is aangebied alles in die lig van aanvaarbare waardes met die oog op die formulering van langtermyndoelstellings.

7. DIE INTERIM KERNSILLABUS VAN DIE NASIONALE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

7.1 Inleiding

Sedert 1994 is Suid-Afrika onder die bewind van 'n nuwe regering. In teenstelling met die vorige regering waar daar verskillende Onderwysdepartemente vir die verskillende rasse (Blankes, Indiërs, Kleurlinge en Swartes) was, is daar tans 'n enkele Onderwysdepartement wat alle rasse akkommodeer.

In 1995 is 'n Interim Kernsillabus vir Voorligting aan alle skole in Suid-Afrika voorgeskryf. Hierdie Interim Kernsillabus vir Voorligting is huidiglik nog in gebruik en sal uitfaseer soos wat Kurrikulum 2005 geïmplementeer word (kyk bylae 4)(Departement van Onderwys 1997:ii,iii, Gauteng Department of Education 1998:2). Die Interim Kernsillabus moet volgens die Departement van Onderwys beskou word as 'n tussentydse maatreël om eenvormigheid binne een onderwysstelsel te verseker en om as basis te dien vir toekomstige beleidsontwikkeling (Departement van Onderwys 1995:4).

Gesinsopvoeding vorm 'n geïntegreerde komponent van Voorligting. In die leerinhoud wat vir Gesinsopvoeding in die bogenoemde kernsillabus vir Voorligting voorgeskryf is, word slegs temas verskaf. Geen differensiasie in terme van multikulturele behoeftes, belangstelling en ontwikkelingsfases of jaargroepe (die destydse standers) kom in die sillabus voor nie. Daar word slegs temas verskaf en nie leeruitkomstes nie. Dit wil voorkom asof die nasionale Departement van Onderwys van die Voorligtingonderwyser verwag om die leerinhoud self te verbeter, te verfyn en uit te brei ooreenkomstig die behoeftes van die leerlinge. Dit wil voorkom asof die onderwyser eie bronne vir hierdie doel moet gebruik. Dit wil verder voorkom asof daar van die onderwyser verwag word om die verskillende temas self in uitkomstes te formuleer.

In die Interim Kernsillabus word melding gemaak van aangeleenthede soos die vasstelling van die kurrikulum, metodologie, indiensopleiding van die onderwysers, die

evaluering en keuring van die Voorligtingonderwyser, die periodetoekenning aan Voorligting binne die hoofrooster van die skool, die doelstellings wat met Voorligting beoog word en die programinhoud wat voorgeskryf word. In die Interim Kernsillabus word ook ’n onderskeid tussen “Voorligting” en “Berading” in die skoolopset verduidelik.

7.2 Definiëring van die begrippe “Voorligting” en “Berading”

7.2.1 Die begrip “Voorligting”

In die Interim Kernsillabus (Departement van Onderwys 1995:4) word die begrip “Voorligting” gedefinieer as

- ’n ondersteunings-, ontwikkelings- en voorkomingsprogram wat op groot groepe leerders gerig is,
- ’n integrale deel van die skoolkurrikulum,
- wat kontekstueel sensitief is vir die demokratiese ideaal en die behoeftes van die leerder en die gemeenskap,
- wat die leerder sistematies deur persoonlike, sosiale, akademiese en beroepsontwikkeling ondersteun sodat hy/sy ’n betekenisvolle rol in die samelewing kan vervul.

7.2.2 Die begrip “Berading”

Die begrip “berading” (Departement van Onderwys 1995:5) verwys na

- individuele en kleingroepintervensie wat daarop gerig is om ondersteuning te gee aan diegene met spesifieke probleme/behoeftes ten einde hierdie probleme te kan hanteer; en
- ’n proses wat primêr ontwikkelend van aard is, maar ook ondersteunend, voorkomend en helend.

7.3 Benaming van die program

Die benaming van die program wat in die Interim Kernsillabus beskryf word staan bekend as *Voorligting*. In die sillabus blyk dit dat Voorligting uit sewe vakkomponente bestaan. Die benaming *Gesinsopvoeding* word gebruik vir een van die vakkomponente.

7.4 Voorligting as verpligte skoolvak

Volgens Verslag 550 van 1997 (Departement van Onderwys 1997:ii-v) en Omsendbrief no. 485 van 1998 (Gauteng Department of Education 1998:2) word Voorligting (waarvan Gesinsopvoeding 'n geïntegreerde deel is) 'n verpligte vak vir alle leerlinge in alle skole in Suid-Afrika.

Die Gauteng Onderwysdepartement (Gauteng Department of Education 1998:2) word soos volg in hierdie verband aangehaal: “The Interim Syllabus for Guidance for Grades 1 – 12 (January 1995) covers aspects of Family Guidance, Sex Education, Career Orientation, Life Skills, etc. This Interim Syllabus is still operational and will be replaced by Life Orientation (i.e. Health, Guidance, Life Skills, Religious Education, Human Movement) as Curriculum 2005 is phased in incrementally.” In bogenoemde Omsendbrief word gemeld dat die skoolhoof hoofsaaklik verantwoordelik is vir die implementering van Voorligting.

Alhoewel Voorligting 'n verpligte vak in skole is, word dit volgens Louw (1999:Onderhoud)(Adjunkhoof Onderwys Spesialis: Gesinsvoorligting, Gauteng Departement van Onderwys) nie in alle skole in Gauteng aangebied nie. Voorligting word slegs in enkele skole aangebied wat onder die beheer van die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement was. Louw (1999:Onderhoud) is van mening dat die rasionaliseringsproses van onderwysers deur die Departement van Onderwys 'n bydraende faktor is waarom Voorligting nie in alle skole aangebied word nie. Aangesien Voorligting nie 'n eksamenvak is nie, word die Voorligtingonderwyser dikwels beskou as van die eerste onderwysers by 'n skool wat deur die rasionaliseringsproses geraak word (Louw 1999:Onderhoud). In Omsendbrief no. 485

van 1998 is dit duidelik dat die Gauteng Departement van Onderwys (Gauteng Department of Education 1998:2) bewus is van die rasionalisering van Voorligtingonderwysers. Om hierdie rede word skoolhoofde en skoolbeheerrade soos volg gewaarsku: “Guidance teachers should NOT be automatic choices when institutions have to determine which educators are affected by the rationalisation process. Due processes, as set out in the Education and Labour Relations Council agreements, must be followed to identify such educators.”

7.5 Wyse van aanbieding

Die Interim Kernsillabus is nie voorskriftelik rakende die hantering van Voorligtingtemas nie. Die volgende riglyne word met betrekking tot die hantering van temas in die klaskamer verskaf (Departement van Onderwys 1995:20):

Die onderwyser moet daarna streef om

- optimale deelname deur alle leerders, in die klaskamer te bewerkstellig,
- leerlinggesentreerd te werk te gaan in alle onderrig en leergebeure,
- leerlinge aan te moedig om kreatief en vryelik uitdrukking te gee aan idees,
- veral van koöperatiewe leer gebruik te maak,
- gevoelens en ervarings te deel deur byvoorbeeld rolspel en groepbesprekings,
- oop te wees vir alternatiewe idees en insette van leerlinge,
- gelei te word deur die leerders se behoeftes,
- nie-beoordelend te wees nie, maar die voor- en nadele van ’n standpunt te stel,
- ’n toepaslike onderrig-leeromgewing te voorsien,
- te poog om die ouers en die gemeenskap te betrek, en
- onderlinge terugvoering aan te moedig.

7.6 Keuring van onderwysers vir Voorligting

In die Interim Kernsillabus word die taak vir die doeltreffende en sinvolle implementering van die Voorligtingsprogram aan die skoolhoof opgedra (Gauteng Department of Education 1998:2). Volgens Louw (1999:Onderhoud) is een van die

belangrikste verantwoordelikhede van die skoolhoof die keuring van onderwysers vir Voorligting. Hoewel geen keuringskriteria in die kernsillabus verskaf word nie, is Louw (1999:Onderhoud) van mening dat daar gelet moet word op persoonskenmerke.

7.7 Indiensopleiding

Onderwysstudente word nie tydens die inisiële opleiding aan Departementele Onderwyskolleges voorberei vir die aanbieding van Voorligting nie. Indiensopleiding word deur middel van streekkursusse aangebied (Louw 1999:Onderhoud).

Volgens Louw (1999:Onderhoud) het die Departement van Gesondheid en die Departement van Onderwys 'n ooreenkoms aangegaan om landwyse indiensopleidingskursusse in Voorligting vir onderwysers aan te bied. Hierdie indiensopleidingskursusse wat sedert 1997 aangebied word, fokus op die opleiding van onderwysers in lewensvaardighede en HIV-VIGS- voorkoming. In elk van die nege provinsies in Suid-Afrika het die Departement van Onderwys “Meesteropleiers” aangestel om twee onderwysers van elke skool in streekkursusgroepe op te lei.

7.8 Media

Die Interim Kernsillabus beveel enkele riglyne aan wat in gedagte gehou behoort te word wanneer media vir klaskamergebruik geselekteer word (Departement van Onderwys 1995:21).

- Media behoort kritiese denke, samewerking en aktiewe leer asook 'n besef van sosiale verantwoordelikheid te bevorder.
- Media behoort aantreklik, genotvol en toepaslik vir die leerders se ontwikkelingsvlak te wees.
- Media behoort die beginsels en doelstellings van die sillabus te bevorder.

7.9 Periodetoewysing

Daar word deur die Departement van Onderwys voorgeskryf dat 'n minimum van twee periodes per week op alle skoolvlakke, aan Voorligting afgestaan sal word. Die Voorligtingonderwyser behoort addisionele tyd vir individuele berading (“counselling”) en die verwysing van leerlinge met probleme op die skoolrooster te kry (Departement van Onderwys 1995:21, Gauteng Department of Education 1998:2).

7.10 Evaluering

Daar word aanbeveel dat deurlopende evaluering van die leerling behoort plaas te vind en wel by wyse van ope terugvoer deur leerders, ander skoolpersoneel, portuurgroepe en ander moontlike rolspelers.

Deurlopende ontwikkelende en summatiewe evaluering van die leerlinge behoort beskou te word as terugvoering oor leerlinge se vordering en voorbereiding vir toekomstige gemeenskapsrolle. Ontwikkelingsverslae behoort bygehou te word sodat dit in verwysings, CV's en portefeuljes geïnkorporeer kan word en dit toegang tot werk en verdere studie kan bevorder.

Kreatiewe metodes en instrumente behoort ontwikkel te word om vordering te evalueer in byvoorbeeld projekte, samestelling van portefeuljes, werkservaring en gemeenskapsdiens (Departement van Onderwys 1995:21,22).

7.11 Beginsels aan die hand waarvan die implementering van die Interim Kernsillabus behoort te geskied

Volgens die Departement van Onderwys (1995:5) moet die implementering van die kernsillabus deur die volgende beginsels begelei, daaruit ontwikkel, en teen die agtergrond daarvan geëvalueer word:

- Nie-diskriminasie wat gereflekteer word in 'n toewyding aan 'n nie-rassige en nie-seksistiese gemeenskap;

- demokratiese waardes met in ag neming van die behoeftes en belangstellings van die leerlinge sowel as die breë gemeenskap;
- 'n multi-sektorale benadering wat put uit die hulpbronne van ander opvoedkundige hulpdienste (beroeps- en algemene voorligting en berading, gespesialiseerde onderwys, skoolgesondheids- en maatskaplike dienste asook sielkundige dienste), die nie-regeringsektor, die private sektor, staatsprogramme, vakbonde, onderwysersorganisasies en –liggame, en 'n verskeidenheid gemeenskapstrukture vir voorligtingsimplementering;
- 'n evaluering van die ontwikkelingsbehoefte van kinders en adolessente in terme van die sosiale, emosionele, kognitiewe en fisiese domeine;
- 'n bewustheid en implementering van menseregte en –verantwoordelikhede binne 'n demokratiese gemeenskap;
- kontekstualisering van relevante sake in terme van gemeenskapsbesorgdhede, veranderinge in die werksomgewing en omgewings- en wêreldvraagstukke;
- 'n bewustheid van en respek vir diversiteit wat beteken dat die sillabus op nie-diskriminasie, nie-seksisme, die Handves van Menseregte en die Konstitusie van die land moet berus;
- die ontwikkeling van nasionale identiteit en versoening;
- regstellende aksie waardeur ongelykhede en wanbalans op alle vlakke aangespreek word;
- 'n fasiliteringsproses waardeur die primêre benadering tot onderrig gebaseer is op die erkenning en benutting van leerders se bestaande vaardighede en beskikbare hulpbronne, sowel as op dié hulpbronne van die breër gemeenskap;
- toegang tot gepaste en aanwendbare hulpbronne;
- 'n klaskamermetodologie wat leerlinge voorberei om op alle vlakke binne die skool asook in die gemeenskap deel te neem, wat sosiale verhoudings bevorder en aktiewe, kritiese en dinamiese leerlingesentreerde onderwys bevorder.

7.12 Doelstellings van die Interim Kernsillabus

Volgens die doelstellings van die Interim Kernsillabus moet daar in die Voorligtingsprogram gefokus word op die (Departement van Onderwys 1995:6,7)

- holistiese ontwikkeling van die leerder;
- voorsiening van effektiewe voorligting en berading op alle skoolvlakke;
- ontwikkeling van demokratiese waardes en bevoegdhe;
- voorkoming van vooroordeel en diskriminasie op alle vlakke (geslag, ras, godsdiens, seksuele oriëntasie, buurt, ens.);
- bevordering van generiese en oordraagbare vaardighede by die leerder;
- ontwikkeling van die leerling se praktiese en intellektuele kreatiwiteit en innovering;
- motivering van leerlinge om 'n belangstelling in hulle studies en onderwys in die algemeen te ontwikkel en 'n werkskultuur en -etiek te bevorder;
- leerlinge se oriëntering binne sosiale konteks;
- bevordering van die integrasie en verwantskap van en tussen alle aspekte van Voorligting;
- bevordering van nasiebou en onderlinge verdraagsaamheid.

Die Interim Kernsillabus se einddoel is om die kind toe te rus met lewensvaardighede wat self-aktualisering, emosionele stabiliteit en sosiale sensitiwiteit, die vermoë om suksesvolle beroepskeuses te maak, 'n stabiele gesin te bou en respek en verdraagsaamheid teenoor die self en ander te verseker (Departement van Onderwys 1995:7,8).

7.13 Voorgestelde programinhoud

7.13.1 Inleiding

In die Interim Kernsillabus vir Voorligting word 'n wye verskeidenheid temas voorgestel. Die temas in die Voorligtingsprogram is gebaseer op erkenning van die feit dat gemeenskappe verskil ten opsigte van hulle behoeftes en prioriteite. Slegs temas wat op Gesinsopvoeding van toepassing is word hier hanteer (Departement van Onderwys 1995:8-20).

7.13.2 Gesinsopvoeding

In hierdie vakkomponent van Voorligting word die onderstaande temas voorgestel:

7.13.2.1 Gesin en ouerskap

- besluitnemingsvaardighede
- nuwe verantwoordelikhede
- opgewassenheidstrategieë
- gesinswaardes
 - kennisname van en respek vir verskillende verwagtinge en eise
- enkelouerskap
- ongewenste swangerskap
 - opsies; besluitneming
 - hantering van spanning en gemeenskapsdruk
- egskeiding en die effek daarvan op die kind
 - hoe om spanning en skeiding te hanteer
- konflik en versoening in die gesin
 - gesinsgeweld
 - hantering van probleme in die gesin
- mishandeling in die gesin
 - kinder-, fisiese, seksuele en emosionele mishandeling
 - dwelmmisbruik en die effek daarvan op die gesin
 - hantering van mishandeling
 - persone/programme wat hulp kan verleen
 - regte en statutêre prosedures
- rolle en verantwoordelikhede in die gesin
 - aanspreek van stereotipes en geslagsverdeling van werk
 - die bydrae van die gesinslede tot die effektiewe funksionering van die gesin
 - wetgewing wat die regte van gesinslede beskerm
 - inkomste en begroting
- kindersorg en –ontwikkeling



7.13.2.2 Verhoudinge en afsprake

- puberteit/adolessensie
 - verandering en krisis
 - selfbeeld en onafhanklikheid
 - identiteit
 - hantering van emosies
- vestiging van betekenisvolle verhoudinge
 - seksuele oriëntering – hantering van probleme
 - hoe om verhoudinge aan te knoop en instand te hou
 - verantwoordelike besluitneming
- hantering van seksuele mishandeling
 - verkragting, seksuele teistering, ensovoorts.

7.13.2.3 Gesinsbeplanning

- verantwoordelike besluitneming
- voorbehoeding
- seksueeloordraagbare siektes
 - VIGS-opvoeding

7.14 Kritiese beskouings

Dit blyk dat daar verskeie tekortkominge en probleme met betrekking tot Gesinsopvoeding in die Interim Kernsillabus voorkom. Die volgende punte van kritiek dien as voorbeeld:

- Volgens die Interim Kernsillabus is die skoolvak Voorligting in sewe vakkomponente ingedeel. Vanweë hierdie groot verskeidenheid vakkomponente en die gevolglike omvangryke sillabus kom daar slegs vae verwysings na Gesinsopvoeding in die beginsels wat Voorligting onderlê en die doelstellings waarna daar gestreef moet word, voor. Die onvoldoende

- verwysing na Gesinsopvoeding kan meebring dat die belangrikheid van die opvoeding van die kind vir gesinslewe misgekyk word.
- In die Interim Kernsillabus word die temas met betrekking tot Gesinsopvoeding slegs genoem. Geen verdere verbesondering van die temas word gedoen nie. Geen differensiasie in terme van inhoud, multikulturaliteit, belangstelling en lewensfase/ontwikkelingsfase kom in die Interim Kernsillabus voor nie.
 - Geen leiding of handleiding ten opsigte van Gesinsopvoeding word aan die onderwyser in die Interim Kernsillabus gegee nie. Daar word nie aan onderwysers leiding gegee oor hoe om die kernsillabus uit te brei en te verfyn nie of watter inhoude aan die leerlinge gebied moet word nie en op watter wyse daar ten opsigte van verskille gedifferensieer moet word nie.
 - Geen leiding aan onderwysers ten opsigte van ouerbetrokkenheid en ouerbegeleiding kom in die kernsillabus voor nie.
 - Daar word met indiensopleidingskursusse op ander komponente van die Interim Kernsillabus gefokus byvoorbeeld lewensvaardighede en HIV/VIGS-voorkoming en glad nie op Gesinsopvoeding nie. Dit wil voorkom asof Gesinsopvoeding nie dieselfde gewig dra as van hierdie ander komponente nie, terwyl gesinslewe 'n universele verskynsel is en die gesin die bakermat is van enige volk. Onderwysers word gevolglik nie toereikend opgelei en toegerus vir hul taak nie en daar kan gevolglik nie toereikende onderrig in Gesinsopvoeding plaasvind nie.
 - Die onverfynde temas in die Interim Kernsillabus en die gebrek aan leiding en inligting bring verwarring en gebrekkige belangstelling by onderwysers mee.

In die lig van die bogenoemde, wil dit voorkom asof Gesinsopvoeding nie 'n prioriteit aangeleentheid is soos wat dit behoort te wees nie en dat daar 'n dringende behoefte aan die uitbreiding en verfyning van die temas in die Interim Kernsillabus bestaan.

7.15 Gevolgtrekkings

Soos daar reeds in die kritiese beskouing verduidelik is, voldoen die Interim Kernsillabus vir Voorligting nie aan die vereistes vir die huidige skoolpraktyk en onderwyskorps nie.

By nadere ontleding word dit duidelik dat die leerinhoud die kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling van die kind aanspreek. Daar word egter geen melding gemaak van die aanleer van norme, fisiese ontwikkeling of geestelike verdieping van die kind nie.

In die programinhoud word aandag geskenk aan die ontwikkeling van lewensvaardighede soos besluitnemingsvaardighede en konflikhanteringsvaardighede. Leerlinge word ook voorberei om spanning en trauma te hanteer wat mag spruit uit egskeiding, ongewenste swangerskap en mishandeling, maar daar is duidelik leemtes aan die begeleiding van die kind met die dood van 'n geliefde soos 'n ouer, 'n maat of selfs 'n troeteldier.

In die Interim Kernsillabus blyk dit dat daar aandag geskenk word aan leerinhoud wat gemik is op die verryking van die kind se onmiddellike gesinslewe byvoorbeeld gesinswaardes. Geen melding word egter gemaak van die voorbereiding vir 'n eie gesinslewe eendag in die toekoms nie. Onderwerpe wat verband hou met verhoudinge wat die huwelik voorafgaan, soos byvoorbeeld verlowing in die Westerse kultuur, voorbereiding vir die huwelik, die huwelik en ouerskap, ontbreek. Alhoewel daar nie in die leerinhoud melding gemaak word van die bevordering van gesinsaangeleenthede soos kommunikasie, interpersoonlike verhoudings en positiewe persoonseienskappe nie, blyk dit tog dat aandag geskenk word aan die bevordering van 'n gesonde gesinsklimaat deurdat onderwerpe soos konflik en versoening en die rolle en verantwoordelikhede van die gesinslede aandag geniet. Hierdie temas word nie verbesonder nie.

Uit die bostaande bespreking word dit duidelik dat daar besliste leemtes en tekortkominge in die sillabus voorkom veral wat betref volledigheid, differensiasie, verbesondering van temas, voorgestelde metodologie vir besondere temas, die gebrek aan leiding vir onderwysers, ensovoorts.

HOOFSTUK 5

ONTWERP VAN 'N LEERPROGRAM

1. DOEL MET DIE HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk val uiteen in primêre en sekondêre doelstellings. Die primêre doelstelling van hierdie hoofstuk is om 'n program vir Gesinsopvoeding in skole te ontwerp. Om dit te kan doen, moet Gesinsopvoeding eers as 'n opvoedkundige aangeleentheid begrond word ten einde te verseker dat dit wel 'n opvoedingsaangeleentheid is en deel uitmaak van die breë opvoeding van die kind en van die verantwoordelikheid van die skool. Aangesien die program spesifiek vir Suid-Afrikaanse skole ontwerp word, is dit verder nodig om die mees resente en relevante voorskrifte van die Onderwysdepartement te bestudeer ten einde die program dienooreenkomstig te ontwerp.

2. INLEIDING

Die opvoeding van die kind het die totaliteitsbeginsel ten grondslag. Die opvoeder moet homself te alle tye met die totale leerder bemoei. Om enkele fasette van die kind in die opvoeding uit te sonder sou verskralend wees en 'n onreg aan die kind doen. Begeleiding van die kind na 'n volle lewe impliseer altyd dat die kind as 'n totale en volledige wese aan die opvoeder toevertrou word. Opvoeding het altyd die implisiete doel naamlik om die kind te bemagtig, bekwaam te maak en toe te rus om toereikend te kan antwoord op die appél wat uit sy leefwêreld en die groter samelewing tot hom rig. Die affiliasiebehoefte by die mens sowel as die gesin as universele fenomeen kan as ontologies-antropologiese feit aanvaar word wat in die opvoeding van die totale kind verwerklik moet word. Gesinsopvoeding kan daarom as opvoedkundige aangeleentheid en die verantwoordelikheid van die skool as onderwysinstansie beskou word.

3. GESINSOPVOEDING: 'N OPVOEDKUNDIGE BEGRONDING

3.1 DIE BEGRIP “OPVOEDING”

3.1.1 Betekenis van die “ou” definisie

3.1.1.1 Opvoeding as fenomeen

Wanneer Oberholzer* (1954:1) tussen die verskillende bedrywighede van die mens en sy bemoeienisse met die wêreld onderskei, verklaar hy dat opvoeding een van die belangrikste ervaringsverskynsels van die mens is. Hy noem dit “’n eiesoortige verskynsel met ’n eie struktuur wat van al die ander duidelik onderskeibaar ... maar nie skeibaar is nie” (Oberholzer 1954:2). Hy verduidelik dat opvoeding as verskynsel net so werklik is as verskynsels soos voeding, kleding en behuising, maar dat die struktuur daarvan, asook die werkwyse daarvan, anders is as die bogenoemde verskynsels (Oberholzer 1954:2).

3.1.1.2 “Opvoeding” as begrip

Oberholzer (1954:31) omskryf die begrip “opvoeding” as “’n vorm van opsetlike handeling van die een mens ten opsigte van ’n ander en wel van ’n volwasse, gevormde persoonlikheid teen ’n volwasse-wordende, vorming-ondergaande persoonlikheid” (Oberholzer 1954:31).

Hierdie omskrywing van die begrip “opvoeding” verteenwoordig die tradisionele beskouing, naamlik dat die een lid (of lede) van die omgangsituasie “’n volwasse, selfstandige, mondige, oordeelkundige en gerypte persoonlikheid(ed) is” en die ander lid (of lede) “’n volwassene-wordende, ’n onmondige, ’n onselfstandige, ’n

* C.K. Oberholzer, filosoof, akademikus en skrywer van een van die eerste omvattende werke oor opvoeding hier te lande. Die “Inleiding tot die Prinsipiële Opvoedkunde” het daartoe bygedra dat die Opvoedkunde as selfstandige wetenskap erken word (Venter & Van Heerden 1990:31).

onoordeelkundige, ’n rypende persoonlikheid(ede)” is (Oberholzer 1954:4-5). Ten Have (1965:211) is ook van mening dat “de term opvoeding alleen van toepassing geacht wordt voor onvolwassenen en beperkt wordt tot een bepaalde leeftijdsperiode”.

3.1.2 Uitbreiding van die tradisionele konnotasie aan die begrip “opvoeding”

Die tradisionele konnotasie wat aan die begrip “opvoeding” geheg is, naamlik dat opvoeding ’n gebeure is wat plaasvind vanaf die wieg en met volwassenheid termineer (kinderopvoeding, die pedagogiese) is uitgebrei om ook volwasse opvoeding (die andragogiese) in te sluit. Landman (1989:508) verduidelik in hierdie verband dat opvoeding die bemoeienis van hetsy ’n opvoeder as *pedagoog* of ’n opvoeder as *andragoog* kan wees. Hy beskryf dit as hulpverlening (steungewing) van ’n persoon “op sy weg na behoorlike volwassenheid of na steeds behoorliker volwassenheid – die mens is nooit voltooi nie maar bly mens-op-weg (*homo viator*)”.

3.1.3 Betekenis van die “nuwe” definisie

Die “nuwe” omskrywing van die begrip “opvoeding” impliseer dat die opvoedingsituasie as pedagogiese situasie tegelyk ook ’n *andragogiese* opvoedingsituasie kan wees met onderskeidelik die pedagogiese en andragogiese opvoedingsdoelstellings wat die gebeure rig. So word die pedagogiese strukture ook andragogiese strukture en word die pedagogiese doelstruktuur ook ’n andragogiese doelstruktuur (Landman 1989:508).

3.1.4 Opvoeding en lewenslange leer

Opvoeding word tans beskou as die vaardige bekwaammaking en voorbereiding van die kind vir ’n sinvolle en nuttige lewe as volwassene binne ’n gemeenskap en beroepsfeer. Die klem word egter nie meer alleen op die oordra van kennis geplaas nie, maar ook op die aanleer van vaardighede, houdings en waardes ingebed in ’n gevestigde norme- en waardesistiem.

Die begrip “lewenslange leer” word deur Dryden & Vos (1997:31) direk verbind aan die begrip “self-directed learning”. Hulle sê hieroor die volgende: “Self-directed learning is a major key. And if you provide the right environment and tools for self-learning, even tiny children become enthusiastic and lifelong self-educators” (Dryden & Vos 1997:31).

Volgens John Dewey kan die mens homself onbegrensd verbeter want al sy moontlikhede lê in homself en word deur doeltreffende aanpassing by die dinamiese omgewing verwerklik (Pistorius 1970:22). Dewey se siening is dat die produk van die opvoeding nooit ’n eindproduk kan wees nie, want die mens is steeds onderweg en kom nooit finaal aan nie. Die mens is nog altyd besig om homself te verbeter en verander voortdurend. Pistorius (Pistorius 1970:22) haal Dewey soos volg in hierdie verband aan: “The educational process has no end beyond itself, it is its own end.”

Van Peursen (1976:98) verwys na lewenslange leer as “permanente educatie”.

3.1.5 Opvoeding – die totaliteitsbeginsel

Volgens die Sielkunde van die agtiende en negentiende eeu is die menslike intellek, emosies en wil as aparte aspekte gesien waarvan een of meer van hierdie aspekte vir spesiale aandag in die opvoedingsproses geselekteer was. Volgens die Gestalt-teorie leer die kind as ’n totaliteit, dit wil sê holisties en nie in aparte onderdele nie.

Volgens die totaliteitsbeginsel moet die kind in sy geheel opgevoed word. Van Rooyen (1997:75) is daarvan oortuig dat daar in die opvoeding nie net aan een aspek van die kind aandag gegee moet word nie, maar dat die totale mens gevorm moet word. Comenius (Noordman 1985:162) vergelyk hierdie omvangryke taak van die opvoeder met die werk van ’n beeldhouer as hy sê: “Hij klopt het zachtjes met een hamertje af, of verwijdert het met de vijl, of neemt het weg met de tang, altijd behoedzaam; eindelijk polijst hij nog”. In hierdie verband verwys Hurlock (1968:80) op ’n kenmerkende korrelasie wat in die ontwikkelingspatrone tussen die fisieke, intellektuele, sosiale en emosionele aspekte van die kind kan voorkom.

3.1.6 Opvoeding van die totale mens in die 21ste eeu

Die kind word opgevoed om as 'n volwassene binne 'n snel veranderende en komplekse samelewing sinvol te kan funksioneer en 'n bydrae te kan lewer. Om die tipiese samelewing van die 21ste eeu binne die raamwerk van enkele begrippe te beskryf, blyk egter 'n onbegonne taak te wees. Skrywers (Newman 1996:49, Lowe 1996:28) wys daarop dat die kind in 'n “complex global eco- and socio-cultural system” as 'n wêreldburger op 'n “changed global political map” sy rigting moet vind. “The world our kids are going to live in is changing four times faster than our schools” (Dryden & Vos 1997:103).

Die kind word dus vir 'n onsekere toekoms voorberei wat ongekend anders sal wees. “Our future as a diverse human species is not absolutely or exclusively predetermined or predistined, we are continuously helping to create it” (Lowe 1995:54). Om met verantwoordelikheid te kan antwoord op die komplekse, omvangryke en diverse eise en probleme van sy wêreld, is dit volgens Le Roux & Van Rooyen (1998:5) nodig dat “students develop the ability to respond flexibly, to foster the capability to shape the process of change”, “[to] grapple with complex problems for which there are no static, everlasting or correct answers” (Lowe 1996:28).

'n Diverse en komplekse samelewing rig 'n diverse en komplekse appèl tot die kind. In resente en relevante literatuur word emosionele intelligensie as so belangrik beskou dat dit algemeen gelyk gestel word aan intellektuele intelligensie (Eagleton 2000:1-3, Goleman 1996:28). “In a sense we have two brains, two minds – and two different kinds of intelligence: rational and emotional. How we do in life is determined by both” (Goleman 1996:28). Hierdie kenner beskou 'n gebrek aan emosionele intelligensie as “the canary in the coal miner’s tunnel whose death warns of too little oxygen” (Goleman 1996:233). Die begrip “emosionele intelligensie” (Goleman 1996:28) is 'n meer omvattende begrip as die begrip “interpersonal intelligence” waarna Dryden & Vos (1997:123) verwys.

In die lig van die belangrikheid van die menslike brein as sentrum van menswees (De Bono 1990:27), kry die woorde “learning how to learn” en “learning how to think” as

dryfkrag van die nuwe onderwysdenke beteken. “We finally appreciate and come to utilize the tremendous potential of the human brain” (Dryden & Vos 1997:73). Begrippe soos “super learning”, “suggestopedia”, “whole-brain learning”, “integrative learning”, “maximum learning” maak deel uit van die woordeskat waarin breinpotensiaal, kognitiewe vaardighede soos oorspronklike en kreatiewe denke, probleemoplossingsvaardighede bespreek word.

Die moderne mens is tegelyk lid van die kleinste sosiale eenheid, naamlik die kerngesin asook burger van die heeal, ’n wêreldburger in die “global village”. Die mens is verder tegelykertyd lid van ’n bepaalde kultuur en getrou aan eie kulturele erfenis wat as veilige parameters vir sy gedrag dien, maar is ook mens binne multikulturele verband, deel van ’n nuwe, groter nasionale identiteit as Suid-Afrikaner en internasionale identiteit as wêreldburger.

Die mens van die 21ste eeu moet enersyds gehoor gee aan die eis van beroepsmatige fokus en spesialisasie, maar andersyds ook antwoord op die eis van veelsydigheid en die moontlikheid van veelvuldige beroepsbeoefening binne een leeftyd. Hy moet kan lei, maar hy moet ook kan volg, hy moet as werknemer betroubaar wees en goeie diens kan lewer, maar ook entrepreneur kan wees.

Daar word van ’n kind verwag om norme te gehoorsaam, die behoudende denke van sy ouers as verwysingsraamwerk vir homself te aanvaar, beginselvas te lewe en nie toe te gee aan die eise van die situasie en die toepassing van situasionele norme nie. En tog word kinders deur uitgebreide kommunikasienetwerke gebombardeer met normlose inligting. “Die grense van kuisheid, eerbaarheid en ordentlikheid word in so ’n mate oorskry dat kinders van enige ouderdom aan enige denkbare invloed blootgestel is” (Van Rooyen & Louw 1994:3).

Die toekoms word aan die kind voorgehou, enersyds as utopia, maar andersyds ook as distopia – ’n feit wat nie net sy toekomsvisie verduister nie, maar ook in so ’n mate bydra tot sy “crisis der sekerheden” (Van Peursen 1976:105) dat ontvlugting sy enigste opsie blyk te wees. Die kind wat inherent ’n toekomsgerigte wese is, wat, in die woorde van Langeveld, “wil wees en wil word,” ontbreek ’n toekomsvisie. Na die

verlede as tydsdimensie kan die kind nie, na die toekoms wil hy nie, sodat die hede, die nou-moment, al is wat oorbly (Van Rooyen 2000:Onderhoud). “Increasing levels of suicide, lawlessness, drug-abuse, violence, enormous cynicism and feelings of inadequacy are reported almost on a daily basis around the globe” (Newman 1996:2). Le Roux & Van Rooyen (1998:5) sê in hierdie verband dat “the youth [of the 21st century] seem to be dominated by despair and hopelessness”.

Die kind as totale wese word aangespreek. Diverse eise vanuit ’n diverse en komplekse samelewing vra na ’n diverse opvoeding van die kind.

3.2 GESINSOPVOEDING AS OPVOEDING

Om ’n kind deur opvoeding voor te berei vir ’n diverse en veeleisende lewe, beteken by implikasie om hom voor te berei om juis te kan antwoord op die appèl wat tot hom gerig word – ’n appèl wat ’n veelheid verteenwoordig en omvangryk en divers van aard is. Omdat ’n samelewing as’t ware uit die basiese gesin groei en die sukses en sinvolle deelname van elke gesinslid in hierdie samelewing grootliks deur die gesinslewe bepaal word, kan die voorbereiding van die kind vir die *lewe* nie geskied sonder voorbereiding van die kind vir die *gesinslewe* nie. Die een (die gesin) is die ankerplek van die ander (die samelewing) – die een dien as oefenskool vir die ander.

As daar sprake is van ’n breë opvoeding van die kind, behoort Gesinsopvoeding as opvoeding vir gesinslewe, ’n faset daarvan uit te maak. “Gesinsopvoeding is by uitstek ’n opvoedingsaangeleentheid (Van Rooyen & Louw 1994:10,15).

3.3 GESINSOPVOEDING AS SKOOLPROGRAM

3.3.1 Die skool – ’n eerste kennismaking met ’n formele maatskaplike instelling

Vir die meeste kinders in Suid-Afrika verteenwoordig die skool die kind se eerste kennismaking met ’n formele maatskaplike instelling. Die kind se toetrede tot die skool kan beskryf word as sy eerste stap vanuit “die bekende gesinsmilieu na die onbekende groter wêreld daar buite” (Pretorius:1998:78,80). Binne hierdie konteks

dien die skool as die brug tussen die veilige en intieme gesinslewe en die formele en saaklike samelewing as sekondêre saamleef-situasie.

3.3.2 Waarom Gesinsopvoeding in die skool?

In Hoofstuk 1 is reeds daarop gewys dat Gesinsopvoeding, met ander woorde opvoeding vir gesinslewe, nie in alle ouerhuise plaasvind nie (kyk paragraaf 2.2 en 2.3). Ten spyte daarvan dat die ouer die primêre opvoeder van die kind is, word sy opvoedingsverantwoordelikheid alte gereedlik na die skool oorgeplaas. Vir baie ouers het die aard van die samelewing, die versnelde tempo van ontwikkeling, wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang en die daarmee gepaardgaande hoë beroepseise, so gekompliseerd geraak dat hulle nie meer oor die tyd beskik of in staat is om hulle verantwoordelikheid as ouers doeltreffend na te kom nie. Daar word dan staat gemaak op die aktiewe ondersteuning van die skool. Die skool kan dus as die opvoedingsvennoot beskryf word en behoort dan ook 'n voortsetting van die opvoeding in die ouerhuis te wees. Soos die gesin dikwels as die kind se eerste oefenskool beskryf word, kan die skool as formele instelling, as die kind se tweede oefenskool vir die lewe in 'n groter samelewing, beskryf word. Opvoeding vir gesinslewe beteken in wese die begeleiding van 'n kind vir gelukkige saamleef in sy huidige gesin asook met 'n huweliksmaat en 'n gesin eendag in die toekoms. Hierdie taak van die skool is 'n verdere bevestiging van die skool se verantwoordelikheid om in diens van die samelewing, samelewingsproblematiek aan te spreek.

3.4 OPVOEDKUNDIGE FUNDERING VAN GESINSOPVOEDING

3.4.1 Die verskynsel “gesin” as ontisiteit

Alhoewel die gesin as fenomeen 'n universele verskynsel is, kan die vorme wat die gesin aanneem verskil. Verwys in hierdie verband na die omskrywinge van gesinstipes in Hoofstuk 1 paragraaf 12.1. Die gesin vorm die grondslag van die kind se persoonlike leefwêreld. Die opvoedingsgebeure word van nature in oervorm in die gesin aangetref. Dit is egter so dat hierdie tradisionele siening verruim moet word om ook gesinne in te sluit waarin opvoeding nie plaasvind nie, byvoorbeeld 'n gesin wat

bestaan uit “alleenkinders” en waar daar nie ’n volwassene teenwoordig is om die opvoeding van die kinders te behartig nie.

Soos hierbo genoem kan gesinne verskil in vorm, grootte en samestelling, maar as die kleinste mees basiese sosiale eenheid in die samelewing, verbind deur bloedverwantskap, huwelik of aanneming, bly die gesin ’n universele verskynsel (Le Roux 1992:6). Verskillende kulture kan gesinsfunksies verskillend definieer en die begrip “gesin” anders beskryf, maar die basiese kernelemente soos die biologiese verwantskap, saamleef en aangewesenheid op mekaar, konstrueer die gesin in alle kulture (Pretorius 1998:41-43).

3.4.2 Gesinsopvoedingsverhoudings

In enige opvoedingsituasie is daar sprake van fundamentele opvoedingsverhoudings waarsonder opvoeding nie kan gebeur nie. Hierdie verhoudings kan as ’n aantal gelykblywende verhoudings beskryf word wat in ’n struktuur voorkom. ’n Opvoedingsverhouding is nie ’n enkelvoudige aangeleentheid nie, maar vorm saam met ander opvoedingsverhoudings ’n onskeibare konstellasie van verhoudings. Van Rensburg, Landman & Bodenstein (1994:190) noem die kenverhouding (begrypingsverhouding), die vertrouensverhouding en die gesagsverhouding as die drie essensiële fasette van die verhoudingstruktuur. Vir die doeleindes van Gesinsopvoeding word twee ander verhoudings, naamlik die volwasse-nie-volwasse verhouding asook die dialogiese verhouding as ewe essensiële fasette van die verhoudingstruktuur bygevoeg.

Die *vertrouensverhouding* wat die bakermat vorm waarin onderlinge vertrou, geborgenheid en liefde in die gesin kan gedy. ’n Vertroue wat die teelaarde berei, nie alleen vir die ouerlike voorlewing van norme en waardes nie, maar ook vir die nalewing daarvan deur die kinders.

Die *gesagsverhouding* waardeur die ouers sowel as die kinders lewe in gehoorsaamheid aan gesag wat oor hulle aangestel is. Uit die gesagsverhouding leer

die kind om sy vryheid in terme van sy geborgenheid aan norme en waardes te interpreteer en met verantwoordelikheid moreel-etiese keuses te maak.

Die *kenverhouding* waardeur ouer en kind in 'n lewensnabye “van hart-tot-hart”-verhouding leer om mekaar werklik te begryp, waardeur die kind gelei word om homself en sy wêreld te ken en verstaan en dit enersyds, kognitief, maar andersyds ook normatief-verantwoordelik te verken en eksploreer.

Die *volwasse-nie-volwasse verhouding* waar die opvoeder die leerder begelei na waar hy behoort te wees, wat hy behoort te ken, wat hy behoort te kan doen asook na 'n punt waar hy 'n selfstandige keuse kan maak in terme van waardes wat hy vir homself moet toeëin en internaliseer.

Die *dialogiese verhouding* van met-mekaar-wees, in die intimiteit van die gesinslewe, onderlinge liefde en respek vir mekaar kan kommunikeer en wedersyds vir mekaar verantwoordelikheid kan aanvaar.

4. UITKOMSGBASEERDE ONDERWYS IN SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

Ten einde 'n relevante leerprogram te ontwerp is dit nodig om 'n studie te maak van die mees resente en relevante voorskrifte van die Onderwysdepartement en dit toe te pas in die ontwerp van die leerprogram.

4.1 Inleiding

Sedert die bewind van die nuwe regering in 1994, ondergaan die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel dinamiese herstrukturering en transformasie.

Dit wil voorkom asof die herstrukturering en transformasie van die onderwys nie net in Suid-Afrika voorkom nie, maar ook in ander lande (Department of Education 1999a:8). In 'n gesamentlike verslag oor kurrikulumhervorming van 23 lande wat aan die Organisation for Economic Co-operation and Development behoort, word die

omstandighede in die onderwys soos volg beskryf (Black & Atkin 1996:ix): “The countries are concerned about the relative failure of their respective workforces to cope with changing economic realities and to compete on world markets. This concern has led to a re-examination of the aims and objectives of education, and, subsequently, the reform of curriculum and assessment”.

Ten einde die onderwys in Suid-Afrika te verbeter en in die behoeftes van die veranderende Suid-Afrika te voorsien, het die onderwysowerhede ‘n nuwe benadering tot onderwys en opleiding aangeneem (Van Loggerenberg 2000:52). Onderwys en opleiding moet meer buigbaar, effektief en toeganklik wees en nuwe leerprogramme en kurrikula moet voorsiening maak vir die bevordering van kennis, vaardighede, houdings en waardes (Department of Education 1995:15):

Verskeie ingrypende veranderinge is deur die Departement van Onderwys aangebring. Die volgende kernverandering het ‘n betekenis vir hierdie studie (The Media in Education Trust 1999:2, Department of Education 1999a:8,37):

- Die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (hierna genoem NKR). Die NKR is ‘n nasionale raamwerk wat onderwys en opleiding integreer. Dit is gebore uit die behoefte aan ‘n herstrukturering van die onderwystelsel om in die ekonomiese en sosiale behoeftes van Suid-Afrika en sy mense te voldoen.
- Kurrikulum 2005. Hierdie is die nuwe voorgestelde kurrikulum wat in fases geïmplimenter sal word en die nuwe Uitkomsgebaseerde Onderwys benadering verteenwoordig.
- Uitkomsgebaseerde Onderwys. Dit is die nuwe benadering waarvolgens leerders gelei word om bepaalde uitkomst te bereik in terme van kennis, vaardighede, houdings en waardes. In hierdie onderwysbenadering word gefokus op Kritieke en Spesifieke Uitkomstes wat leerders aan die einde van die leerproses behoort te verwerklik.

4.2 Die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk

4.2.1 Ontwikkeling van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk

Die gedagte van 'n NKR vir onderwys en opleiding in Suid-Afrika het in die middel 1990's te voorskyn gekom (Van Loggerenberg 2000:57). Van Loggerenberg (2000:57) wys daarop dat die NKR in Suid-Afrika, sy oorsprong in die industriële, diens- en arbeidsektore gehad het. Die NKR in Suid-Afrika het ontwikkel uit die inisiatiewe wat in die volgende dokumente gepubliseer is (Van Loggerenberg 2000:57):

- The Education Renewal Strategy (ERS, 1992) and a Curriculum Model for South Africa (CUMSA, 1993).
- The National Education Policy Investigation (NEPI, 1992).
- The National Training Strategy Initiative from the National Training Board (NTB, 1994).
- The Implementation Plan for Education and Training (IPET, 1994).
- The Centre for Education Policy Development (CEPD, 1995).

Bogenoemde dokumente het bygedra dat daar in die Witskrif vir Onderwys en Opleiding van 28 Februarie 1995 uitgespel is dat "...an integrated approach to education and training, linked to the development of a New Qualification Framework based on a system of credits for learning outcomes achieved, will encourage creative work on the design of curricula and the recognition of learning attainment wherever education and training are offered" (Van Loggerenberg 2000:58).

Met die NKR word beoog om nasionale standaarde te handhaaf en om onderwys en opleiding te integreer sodat alle leerders nasionale kwalifikasies kan bekom deur middel van 'n verskeidenheid meganismes en afleweringstelsens (Van Loggerenberg 2000:58). In hierdie verband word die volgende deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (hierna genoem RGN) (Human Science Research Council [HSRC] 1995:5-6) gemeld: "The idea being proposed for transforming education and training envisages the integration of education and training into a single,

coherent and unified approach to make it possible for all learners to achieve national qualifications through a variety of mechanisms and delivery systems. This integration principle is to be achieved by means of the National Qualification Framework.”

Uit die literatuur (The Media in Education Trust 1999a:1-4, Oxford Based Excellence 1999:1, Van Loggerenberg 2000:56-58) het die NKR dit ten doel om

- onderwys en opleiding te integreer;
- nasionale standaarde vir leeruitkomste te stel;
- erkenning (krediet) te gee aan leeruitkomste wat bereik word;
- ‘n Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering te volg;
- erkenning (krediet) te gee vir kennis en ervaring wat vooraf opgedoen is (recognition of prior learning), en
- alle ouderdomsgroepe te betrek.

4.2.2 Visie van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk

Uit die literatuur (Department of Education 1999a:6, HSRC 1995:10) wil dit voorkom asof lewenslange leer vir alle leerders die onderliggende doel is wat die transformasie van onderwys en opleiding in Suid-Afrika begrond. Volgens Walters (1998:30) het lewenslange leer in Suid-Afrika, net soos in ander lande, ‘n belangrike beleidsraamwerk in alle sferes van die onderwys geword: “It has become the key concept in the thinking about education and training worldwide”. Hassan (1996:33) het reeds vroeër die volgende stelling in hierdie verband gemaak: “The concept of lifelong learning is rapidly gaining world-wide acceptance as a basis for reforming education and training systems.” Wêreldwyd vind daar snelle veranderinge op sosiale, tegnologiese, kulturele, ekonomiese en opvoedkundige gebied plaas wat vereis dat individue lewenslank moet leer (Titmus 1989:5-9, Payne 1999:9-11). Lewenslange leer met die oog op ‘n gelukkige gesinslewe kan in vervulling gaan wanneer die skool sowel as kerke, maatskaplike instansies en nie-regeringsorganisasies deurlopend die behoefte daaraan beklemtoon.

Uit die literatuur blyk dit asof die NKR voorsiening maak om alle leerders by lewenslange leer te betrek (The Media in Education Trust 1999b:4): “The NQF takes into account the needs of all learners, starting from early childhood and continuing on to adulthood.”

4.2.3 Struktuur van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk

Die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk is op so ’n wyse gestruktureer dat onderwys en opleiding in drie hoofgroeperinge of bande ingedeel is. Leer vind binne hierdie drie bande op agt vlakke plaas. In hierdie navorsing word beoog om ’n leerprogram vir die eerste twee bande, dit wil sê die eerste vier fases naamlik die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en Algemene Onderwys- en Opleidingsband te ontwerp.

Die onderstaande beskrywing (saam met Tabel 4) beeld die bande, vlakke, fases en voorsieners van leer op die verskille vlakke uit (Department of Education 1997a:3-10, The Media in Education Trust 1997:4, Department of Education 1999a:3-6, Van Loggerenberg 2000:56-59).

4.2.3.1 Eerste band: Algemene Onderwys- en Opleidingsband

Hierdie band behels gratis onderwys aan leerders vanaf die voorskoolse vlak (Graad 0) tot en met Graad 9. Twee duidelike sektore word in hierdie band geakkommodeer. Die eerste sektor is die formele verpligte onderwys bestaande uit die Voorskoolse Fase (Graad 0), Grondslagfase (Graad 1 tot 3), die Intermediêre Fase (Graad 4 tot 6) en die Senior Fase (Graad 7 tot 9). Die tweede sektor behels Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes. Albei sektore kulmineer op vlak 1 (kyk Tabel 4). By suksesvolle voltooiing van hierdie vlak bekom leerders ’n Algemene Onderwys- en Opleiding-Sertifikaat (Van Loggerenberg 2000:62-64).

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gekonsentreer op die eerste drie skoolfases naamlik die Grondslag-, Intermediêre- en Senior Fases.

Tabel 4: Struktuur van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk

NKR VLAK	BAND	TIPES KWALIFIKASIE EN SERTIFIKAAT	
8	Hoër	Dokorate Verdere Navorsingsgrade	
7	Onderwys- en Opleidings- band	Hoër Grade Professionele Kwalifikasies	
6		Eerste Grade Hoër Diplomas	
5		Diplomas Beroepsertifikate	
Verdere Onderwys-en Opleidingsband			
4	Verdere Onderwys- en Opleidings- band	Skool/Kollege/Opleidingsertifikate Mengsel van eenhede van almal (NRRO's)	
3		Skool/Kollege/Opleidingsertifikate Mengsel van eenhede van almal (NRO's)	
2		Skool/Kollege/Opleidingsertifikate Mengsel van eenhede van almal (NRO's)	
1 = Algemene Onderwys-en Opleidingsband			
1	Algemene Onderwys- en Opleidings- band	Senior Fase	VBOO Vlak 4
		Intermediêre Fase	VBOO Vlak 3
		Grondslagfase	VBOO Vlak 2
		Voorskools	VBOO Vlak 1

Bron: Department of Education 1997a : 11

Die kurrikulum vir die eerste drie fases is soos volg ingedeel om aan te pas by die ontwikkelingsstadiums van leerlinge:

4.2.3.2 Grondslagfase

In hierdie fase behoort geleenthede aan leerders voorsien te word om hulle volle potensiaal te ontwikkel as aktiewe, verantwoordelike en vervulde burgers wat 'n konstruktiewe rol kan speel in 'n demokratiese gemeenskap wat gekenmerk word deur nie-rassisme en regverdigheid. Die ontwikkeling van die kind in sy totaliteit behoort te lei tot 'n gebalanseerde persoonlikheid, sodat hy of sy toegerus kan word met die nodige lewensvaardighede (Department of Education 1997a:4, Department of Education 1997b:3-4). In hierdie fase word die leerinhoud aan die hand van drie leerareas, naamlik Geletterdheid, Syfergeletterdheid en Lewensvaardighede aangebied (Department of Education 1997c:21-23). Leerprogramme bestaan uit stelsel leeraktiwiteite wat gerig is op bepaalde leeruitkomstes (Department of Education 1997e:37). Die leerprogramme behoort sodanig ontwerp te word dat leerders gelyke kansen gegee word om te bewys dat hulle die verwagte leeruitkomstes kan behaal (Van der Horst & MacDonald 1997:145).

4.2.3.3 Intermediêre Fase

In hierdie fase behoort die leerinhoud grootliks konteksgebonden en integrerend van aard te wees (met "integrerend" word bedoel dat temas kruiskurrikulêr voorkom). Die leerders begin om gedetailleerde verbande tussen materiaal, gebeure, omstandighede en die mens te begryp en moet in staat wees om die implikasies van hierdie verbande af te lei. Dit het verder betekenisvolle implikasies vir die seleksie van leerinhoud en onderrig-en-leeraktiwiteit om die vermeldde vermoëns te ontwikkel (Department of Education 1997a:5, Department of Education 1997b:5-6, Department of Education 1997c:4-5, Department of Education 1997d:5, Department of Education 1997f:5). Dit is belangrik vir leerders in hierdie fase om deur die portuurgroep aanvaar te word aangesien groepprojek, projekwerk en groepprojek prominent in hul onderrig behoort te figureer.

In hierdie fase moet leerders die volgende leerareas deurloop, naamlik, Taalgeletterdheid en Kommunikasie, Wiskundige Geletterdheid, Wiskunde en Wiskundige Wetenskappe, Natuurwetenskappe en Tegnologie, Menslike- en Sosiale Wetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Kuns en Kultuur en Lewensoriëntering (Department of Education 1997d:26-27, Van Loggerenberg 2000:64).

4.2.3.4 Senior Fase

Die Senior Fase van die Algemene Onderwys- en Opleidingsband is die laaste van die Algemene Onderrig-en-Opleiding-Sertifikaat (kyk Tabel 4). In hierdie fase behoort leerders in staat te wees om onafhanklik te dink en blootgestel te word aan redevoering en die oplos van probleme. Die leerinhoud in hierdie fase is minder in konteks en meer abstrak.

Aangesien hierdie fase die laaste fase vir verpligte onderwys is, moet duidelike bewys gelewer word dat die leerders voorberei word vir die lewe na skoolverlating soos vir beroepe, inrigtings vir verdere opleiding en die volwasse lewe in die algemeen. Die leerders word deur middel van leerprogramme ingelig oor beroepe en verdere onderwys- en opleidingsgeleenthede, die verwesenliking van hul toekomstige verwagtinge asook regte en verantwoordelikhede as burgers in 'n demokratiese en multikulturele gemeenskap. Net soos in die funderings- en intermediêre fase moet vakke (temas), teorie en praktyk geïntegreer word (Department of Education 1997b:5-6, Department of Education 1997d:5, Department of Education 1997f:6). Die leerinhoud vir hierdie fase word vervat in agt leerareas, naamlik Taal, Geletterdheid en Kommunikasie, Menslike- en Sosiale Wetenskappe, Tegnologie, Wiskundige Geletterdheid, Wiskunde en Wiskundige Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Kuns en Kultuur, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Lewensoriëntering (Department of Education 1997f:26-27).

4.2.3.5 Tweede Band: Verdere Onderwys- en Opleidingsband

Die Verdere Onderwys- en Opleidingsband (hierna genoem VOO) word saamgestel uit vlakke twee tot vier van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (kyk Tabel 4). In hierdie band moet die leerders voorberei word vir hoër onderwys, beroepsonderwys, loopbane en entrepreneurskap. Nadat leerders hulle skoolloopbaan deurloop het, kan die kollege of universiteit betree word vir tersiêre onderwys en opleiding. Hierdie band is nie verpligtend nie (Department of Education 1997a:6, Department of Education 1997b:6).

Die Verdere Onderwys- en Opleidingsband kan senior sekondêre skole, tegniese kolleges, streekopleidingsentrums, private kolleges, private opleidingsentrums, private ondernemings, industriële sentrums en gemeenskapsentrums insluit (Department of Education 1997b:6, Department of Education 1997c:6, Department of Education 1997d:6-7, Department of Education 1997f:7).

4.2.3.6 Derde Band: Hoër Onderwys- en Opleidingsband

Hierdie band word saamgestel uit vlakke vyf tot agt van die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (vergeelyk Tabel 4). Omdat die voorgestelde leerprogram nie die derde band insluit nie sal hierdie band nie verder bespreek word nie (Department of Education 1997b:6, Department of Education 1997c:6, Department of Education 1997d:6-7, Department of Education 1997f:7).

4.3 Uitkomsgebaseerde Onderwys

4.3.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is in 'n proses van verandering. Die dokument “Lifelong Learning through a National Curriculum Framework” (Department of Education 1997b:1) beklemtoon die behoefte aan belangrike veranderinge wat betref onderwys en opleiding in Suid-Afrika. Die noodsaaklikheid vir 'n verskuiwing vanaf

die tradisionele inhoudsgebaseerde onderwys (doelstellings en doelwitbenadering) na Uitkomsgebaseerde Onderwys, word in die dokument beklemtoon. Hierdie paradigmaskuif is gemik op die lewering van beter gekwalifiseerde Suid-Afrikaners deur hulle toe te rus vir die wêreld na skool. Veranderinge is gemik op die bevordering van kennis, vaardighede, houdings en waardes van leerders deur 'n dors vir kennis, 'n liefde vir leer en 'n gemotiveerdheid vir sukses aan te kweek (Department of Education 1999a:1).

Bogenoemde veranderinge het in 1998 gelei tot die infasering van 'n nuwe onderwyskurrikulum vir Suid-Afrika, naamlik Kurrikulum 2005. Hierdie nuwe kurrikulum berus op 'n uitkomsgebaseerde benadering tot onderwys en opleiding. Uitkomsgebaseerde Onderwys is leerdergesentreerd: die klem val op wat die leerder behoort te weet, en te kan doen, eerder as op wat die opvoeder beoog om te bereik (Department of Education 1999a:4,6,7, Department of Education 1999b:13, The Media in Education Trust 1999b:1). Laasgenoemde impliseer dat

- leerders nie slegs kennis moet verwerf nie, maar moet verstaan wát hulle leer en in die leergebeure toepaslike vaardighede, houdings en waardes moet ontwikkel;
- leerders aktiewe deelnemers van die leergebeure word en verantwoordelikheid moet dra vir hulle eie leer;
- leerders die geleentheid gebied moet word om afhangend van hulle individuele vermoëns en ontwikkelingsvlakke teen hulle eie tempo en op verskillende maniere te werk.

4.3.2 Uitkomsgebaseerde Onderwys: 'n paradigma skuif

Uitkomsgebaseerde Onderwys verskuif die klem vanaf die opvoeder na die leerder. Volgens die tradisionele inhoudsgebaseerde onderwys dra die opvoeder die leerinhoud aan leerders oor terwyl die opvoeder by Uitkomsgebaseerde Onderwys as fasiliteerder optree wat leerders lei om self te leer en uitkomstes te bereik wat kennis, begrip, vaardighede, houdings en waardes integreer (Oxford Based Excellence 1999:2). In paragraaf 5.5 van hierdie hoofstuk word verduidelik hoe die opvoeder die voorgestelde

leerprograminhoud tydens 'n leergeleentheid in Gesinsopvoeding volgens die Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering kan verwerklik.

Onderstaande tabel (Tabel 5) toon die mees opvallende kenmerke van die beginsels, onderrigstyl en wyses vir assessering van onderskeidelik Inhoudsgebaseerde Onderwys en Uitkomsgebaseerde Onderwys in. Hierdie tabel is nie 'n vergelyking nie en moet daarom vertikaal en nie horisontaal gelees word nie (Oxford Based Excellence 1999:2-3, Department of Education 1999a:4-9, Department of Education 1999b:1-9).

Tabel 5: Kenmerke van Inhoudsgebaseerde en Uitkomsgebaseerde Onderwys

Inhoudsgebaseerde Onderwys	Uitkomsgebaseerde Onderwys
<p>1. Beginsels</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die onderwyser dra informasie oor. - Leerlinge moet die inhoud van die sillabus ken. - Sillabus en inhoud is onafhanklik van leerlinge se ervaring. - Geen krediet word gegee vir kennis of vaardighede wat buite die formele onderwys opgedoen is nie. - Rigiede, gekompartementaliseerde vakke met 'n verwagte versameling kennis wat in elke vak bemeester moet word. 	<p>1. Beginsels</p> <ul style="list-style-type: none"> - Opvoeders is fasiliteerders, leerders leer self. - Onderwysbenadering is leerdergesentreerd. - 'n Wye verskeidenheid verwagte uitkomste maak die verwerwing van kennis, begrip, vaardighede, houdings en waardes moontlik. - Leer is van toepassing op werklike leefsituasies en ervaring van leerders. - Uitkomsgebaseerde Onderwys fokus op die toepassing van kennis. - Uitkomsgebaseerde Onderwys bou op vaardighede en kennis wat reeds verwerf is. - Kruiskurrikulêre integrasie van kennis en vaardighede kom voor om leerders vir die werklikheid van die lewe voor te berei.



Metodologie	Metodologie
2. Onderrigstyl <ul style="list-style-type: none">- Gebaseer op memorisering, leer sonder noodwendige begrip van die inhoud.- Onderwysers “onderwys” om informasie aan leerlinge mee te deel.- Onderwysers is verantwoordelik vir die oordrag van kennis terwyl leerlinge passiewe leerders is.- Leerlinge werk almal teen dieselfde pas wat die onderwyser voorskryf sonder om die verskillende vermoëns van leerlinge in ag te neem.- Die verwagte leeruitkomst word nie vooraf aan leerlinge verduidelik nie.- Onderwysers gebruik ’n enkele onderrigstyl sonder om die verskillende leerstyle van leerlinge in ag te neem.	2. Onderrigstyl <ul style="list-style-type: none">- Leerders word gelei tot kritiese denke, redenering, navorsing, refleksie, probleemoplossing en aksie.- Leerders word betrek by groep- en spanwerk, debatte, rollespel en eksperimente.- Leerders neem verantwoordelikheid vir eie aktiewe betrokkenheid by leergebeure soos navorsing, debatte en eksperimente.- Leerders kan teen eie tempo werk.- Leerders is bewus van die verwagte uitkomst wat hulle moet bereik.- ’n Verskeidenheid benaderings word in die leerproses gebruik om leerlinge met verskillende leerstyle en leerbehoefte te akkommodeer.
3. Assessering <ul style="list-style-type: none">- Inhoud van sillabus word deur middel van toetse en eksamens geassesseer.- Assessering fokus op die reproduksie van kennis.- Assessering word gedoen deur onderwysers en eksterne eksaminatore wat toetse en eksamens nasien en die finale uitslae in numeriese terme verskaf.	3. Assessering <ul style="list-style-type: none">- Deurlopende assessering deur ’n fase ten einde ’n algehele beeld van die leerder se vordering te verkry.- Assessering is wyd en word deur ’n aantal assesseringskriteria gedek wat vaardighede, kennis, begrip, houdings en waardes toets.- Assessering sluit self-assessering, portuurgroep-assessering en assessering

	<p>ring deur opvoeders in.</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die resultaat van assessering kom voor in 'n beskrywende en numeriese verklaring van wat leerders bereik het.
--	--

4.3.3 Die doel met Uitkomsgebaseerde Onderwys

In die dokument “Curriculum 2005. Building a brighter future” (Department of Education 1999a:4) word die oorkoepelende doel met Uitkomsgebaseerde Onderwys beskryf as die kweek van: “a culture of lifelong learning.” Die nuwe kurrikulum het ten doel die voorbereiding van leerders met die nodige kennis, vaardighede, houdings en waardes wat hulle in staat kan stel om sukses te kan behaal ook nadat hulle die skool verlaat het (Department of Education 1997a:1, 21).

Volgens Van der Horst & McDonald (1997:6) word daar met Kurrikulum 2005 beoog om aan leerders geleentheid te bied om hul volle potensiaal as aktiewe, verantwoordelike en bevoegde burgers te ontwikkel. Sodanige burgers moet 'n konstruktiewe rol kan speel in 'n demokratiese, nie-rassistiese en regverdige gemeenskap. 'n Leerder moet kan ontwikkel tot 'n volwaardige mens met 'n gebalanseerde persoonlikheid, toegerus met die nodige lewensvaardighede. Die Uitkomsgebaseerde Onderwys- en Leerbenadering wil kreatiewe en kritiese burgers ontwikkel wat kan dink, probleme kan oplos en aktief en produktief kan bydra tot die verandering en verbetering van Suid-Afrika en sy mense (Van der Horst & McDonald 1997:6, Department of Education 1997b:1).

Hierdie doelstelling kan alleen bereik word deur 'n korps kundige en gemotiveerde opvoeders wat leerders kan lei om verantwoordelikheid te neem vir hulle eie vordering deur konstruktiewe deelname aan die leerproses (Van der Horst & McDonald 1997:6).

4.3.4 Beginsels vir die verdere ontwikkeling en implementering van Kurrikulum 2005

Alhoewel die Departement van Onderwys na aanbeveling van 'n kommissie van ondersoek besluit het om wysigings aan Kurrikulum 2005 aan te bring, geld die volgende sleutelbeginsels as riglyne vir die verdere ontwikkeling en implementering steeds (Department of Education 1997a:14)

- Integrasie
- Holistiese ontwikkeling
- Relevansie
- Deelname en eienaarskap
- Verantwoordelikheid en deursigtigheid
- Leerdergeoriënteerde benadering
- Buigsaamheid
- Kritiese en kreatiewe denke
- Progressie
- Onbevooroordeelde benadering
- Kwaliteit, standaard en internasionale vergelykbaarheid

Vir die verdere ontwikkeling en implementering van Kurrikulum 2005 moet ook in ag geneem word dat wanneer die opvoeder die leergeleentheid beplan, byvoorbeeld die beginsel van relevansie, moet die leerinhoud van elke tema saamgestel word ooreenkomstig die behoeftes en multikulturele samestelling van die klas.

4.4 Leerareas

Die integrasie van kennis is een van die sleutelbeginsels van die nuwe Kurrikulum 2005. Voorheen was daar 'n duidelike onderskeid getref tussen die verskillende skoolvakke asook 'n onderskeid gemaak tussen teorie en praktyk en kennis en vaardighede. In die nuwe kurrikulum is agt leerareas geïdentifiseer wat as basis vir alle onderwys tot en met die Verdere Onderwys en Opleidingsband, moet dien. Bestaande vakke (byvoorbeeld Aardrykskunde, Wiskunde, Biologie, ensovoorts) word saam met

nuwe vakke (byvoorbeeld Tegnologie) geïntegreer in verskillende leerareas (Van der Horst & McDonald 1997:48, The Media in Education Trust 1997:2,3, Department of Education 1997 b:12-14, Department of Education 1999a:8).

Die volgende agt leerareas is geïdentifiseer (Van der Horst & McDonald 1997:48, The Media in Education Trust 1997:2,3, Tiley & Goldstein 1997:16, Department of Education 1997b:12-14, Department of Education 1999a:8):

- Taal, Geletterdheid en Kommunikasie
- Wiskundige Geletterdheid, Wiskunde en Wiskundige Wetenskappe (getalle, wiskunde, statistiek)
- Menslike- en Sosiale Wetenskappe (Aardrykskunde, Geskiedenis, Demokratiese Opvoeding, Ontwikkelingstudies, Omgewingsleer, Sedeleer en Godsdienst, Bruikbaarheid en Sosiale Diensbaarheid)
- Natuurwetenskappe (Integrale Wetenskappe, Biologie, Wetenskap, Natuurkundige Wetenskap, Landbouwetenskappe, Ingenieurswese)
- Tegnologie (Tegniese Onderwys, Informatika, Toegepaste Kuns en Wetenskappe)
- Kuns en Kultuur (visuele ekspressie en uitvoerende kunste, Musiekonderwys, Liggaamlike Opvoeding)
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Ekonomiese Opvoeding, Finansiële Bestuur, Besigheidsopvoeding en Entrepreneurskap, Openbare Bestuur)
- Lewensoriëntering (Gesondheidsopvoeding, Beroepsopleiding, Lewenslange leervaardighede, Interpersoonlike Ontwikkeling, Godsdienst, Liggaamlike Opvoeding.

Drie van die bogenoemde leerareas kom in die Grondslagfase en vyf leerareas kom in die Intermediêre Fase voor. In die Senior Fase en die Verdere Onderwys- en Opleidingsband kom al agt leerareas voor. Tabel 6 toon aan hoe die leerareas in die verskillende fases ingedeel is.

By elke fase word die persentasie nosie tyd (tyd toegeken aan elke leerarea) aangedui. In elke fase word 'n persentasie vir "fleksie tyd" ingeruim om voorsiening te maak vir

ekstra tyd wat moontlik benodig mag word vir verdere verryking of remediërende werk in 'n spesifieke leerarea (Department of Education 1997a:11).

Tabel 6. Leerareas vir die Algemene en Verdere Onderwys- en Opleidingsbande.

LEERAREAS	Nosie tyd
GRONDSLAGFASE	
1. Geletterdheid	25%
2. Syfergeletterdheid	25%
3. Lewensvaardighede	25%
Fleksie tyd	25%
INTERMEDIÛRE FASE	
1. Taalgeletterdheid en Kommunikasie	35%
2. Wiskundige Geletterdheid	15%
3. Natuurwetenskappe en Tegnologie	15%
4. Menslike- en Sosiale Wetenskappe	15%
5. Kuns en Kultuur en Lewens-oriëntering	15%
Fleksietyd	5%
SENIOR FASE EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDINGSBAND	
1. Taalgeletterdheid en Kommunikasie	20%
2. Wiskundige Geletterdheid en Wiskundige Wetenskappe	13%
3. Natuurwetenskappe	12%
4. Lewensoriëntering	10%
5. Tegnologie	10%
6. Menslike- en Sosiale Wetenskappe	10%
7. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	10%
8. Kuns en Kultuur	10%
Fleksietyd	5%

Bron: Department of Education 1997a:11

4.5 Begripsomskrywings

Vir die doeleindes van hierdie studie is die onderstaande begrippe konsekwent volgens die voorgestelde definisies gebruik.

4.5.1 Kritieke Uitkomstes

Die Kritieke Uitkomstes is die breë, generiese, kruiskurrikulêre uitkomste wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (hierna genoem SAKO) aanvaar is. Hierdie uitkomstes bied aan die leerder die geleentheid om kennis, vaardighede, houdings en waardes te verwerf wat hom in staat kan stel om verantwoordelikheid te neem vir sy eie vordering en sukses sowel as die van sy gesinslede, sy gemeenskap en die nasie as 'n geheel.

Daar is sewe kritieke uitkomstes deur SAKO voorgestel, tesame met vyf addisionele uitkomstes wat die ontwikkeling van leerders ondersteun (Department of Education 1997a:14,15). Verwys in hierdie verband na paragraaf 5.3.1 en 5.3.2 van hierdie hoofstuk.

4.5.2 Spesifieke Uitkomstes

Spesifieke Uitkomstes verwys na dit wat die leerders behoort te kan doen aan die einde van 'n leerervaring. Spesifieke Uitkomstes het betrekking op die spesifieke kennis, begrip, vaardighede, houdings en waardes wat leerders in elk van die leerareas moet verwerf. Die fokus van die Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering is op die resultate van leer eerder as die tradisionele benadering van fokus op inhoud wat binne 'n leerprogram gedek moet word (Department of Education 1997a:18,19, Van der Horst & McDonald 1997:54).

Vir elke leerarea het die Departement van Onderwys 'n stel Spesifieke Uitkomste(s) geformuleer wat deur leerders verwerklik moet word. Daar word in die leerprogram tussen die verskillende fases gedifferensieer deur die moeilikheidsgraad van die uitkomstes aan te pas.

In die voorgestelde leerprogram word onder elke tema die relevante Spesifieke Uitkomst(e) aangedui wat leerders moet verwerklik.

Die volgende is belangrik by die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys:

- Die leerders se behoeftes moet deur verskillende onderrigstrategieë hanteer word.
- Die leerders moet genoeg tyd gegun word om hulle volle potensiaal te ontwikkel.
- 'n Onbevooroordeelde benadering is essensieel.
- Uitkomsgebaseerde Onderwys maak voorsiening vir die insluiting van leerders met gebreke, leerders buite die skool en ander leerders met spesiale onderrigbehoefte.

4.5.3 Assesseringskriteria

Die assesseringskriteria verwys na die bewys waarop die opvoeder moet let om te kan bepaal of 'n Spesifieke Uitkomst of 'n aspek daarvan bereik is. Die kriteria verwys in breë trekke na die waarneembare produk van leer wat dien as bewys van die leerder se prestasie. Die assesseringskriteria is direk afgelei van die Spesifieke Uitkomstes en vorm 'n logiese stel stellings van hoe 'n prestasie kan of moet lyk. Die stellings word in die vorm van “die leerders sal ...” (werkwoord + naamwoord) verwoord (Department of Education 1997a:14).

4.5.4 Omvangstellings

Omvangstellings verwys na die omvang, diepte en grense van die prestasie van leerders. Hoewel die omvangstelling die area van inhoud, die proses en die produk aandui, beperk dit nie leer tot spesifieke kennisinhoud of aktiwiteite waardeur leerders meganies kan werk nie. Voorsiening word gemaak vir veelvoudige leerstrategieë, vir buigsaamheid in die keuse van spesifieke inhoud en leerprosesse asook vir 'n verskeidenheid assesseringsmetodes (Department of Education 1997a:18).

Die omvangstellings beskryf verder wat binne elke fase van die leerder verwag word, maar maak ook voorsiening vir differensiering ten aansien van individuele behoeftes van leerders. Terwyl dit moontlik is dat die assesseringskriteria vir 'n uitkomst dieselfde is in verskillende fases en verskillende grade, sal daar gedifferensieer word in die omvangstelling deur die progressiewe toename in kompleksiteit en gesofistikeerdheid soos die leerders na die hoër grade vorder (Department of Education 1997a:20).

Die omvangstelling is 'n uitbreiding en 'n verduideliking van die kritieke terme en kategorieë van die assesseringskriteria. Die opvallende naamwoorde en werkwoorde van die assesseringskriteria word in besonderheid omskryf om van hulp te wees in die beplanning van leergeleenthede en assesseringstrategieë.

Die omvangstellings se verdere funksie is om te verseker dat 'n balans behou word tussen die verwerwing van beide kennis en vaardighede en die ontwikkeling van waardes.

Die omvangstellings moet ook die breë inhoud van die tema beskryf. Dit moet uitgebreide inligting verskaf om die keuse te help maak van 'n reeks metodes en onderrig- en leerstrategieë wat die bereiking van uitkomstes ondersteun (Department of Education 1997a:20).

Vir 'n verdere omskrywing van die toepassing van 'n reeks metodes, onderrig- en leerstrategieë wat in die omvangstellings in 'n leergeleentheid voorkom, verwys na paragraaf 5.5 van hierdie hoofstuk.

Daar moet op gelet word dat die omvangstellings deel vorm van die leerproses, met ander woorde die werklike moment waartydens kennis geaktualiseer word, vaardighede verwerf word, houdings aangeleer word en waardes geïnternaliseer word. Aangesien die opvoeder die omvangstellings vir 'n partikuliere groep leerders ooreenkomstig hulle intreevlakke en eiesoortige unieke behoeftes moet formuleer kan daar nie vir die voorgestelde leerprogram “vooruit” geformuleer word nie.

4.5.5 Taakaanduiders

Die assesseringskriteria en die omvangstellings gee alleenlik 'n aanduiding van die bewyse wat leerders moet lewer ten einde 'n spesifieke uitkomst te kan bereik. Die gedetailleerde inligting word deur taakaanduiders verskaf. Omdat die Spesifieke Uitkomstes die hoogtepunt van die leerproses is, bestaan daar 'n behoefte om die leerproses van mylpale te voorsien ten einde leerders in staat te stel om hulle eie vordering te beplan en te meet (Department of Education 1997a:18, 19). Taakaanduiders dien dus as bewys dat leerders die verwagte mylpale bereik het.

Taakaanduiders voorsien die detail van die inhoud en prosesse wat die leerders moet bemeester, sowel as die omvang van die leerkontekste waarin die leerders betrokke sal wees. Dit sal opvoeders en leerders voorsien van 'n opbreking van die essensiële stappe wat bereik moet word in die proses om die uitkoms te bereik. Taakaanduiders dien as 'n hulpmiddel vir die opvoeder om elke individuele leerproses volgens die behoeftes van die besondere klasgroep te beplan. Dit dien verder as hulpmiddel om die vordering van die leerders te bepaal en die individuele probleme te diagnoseer. Dit laat ook ruimte vir die opvoeder om oorweging te skenk aan die kwaliteit van die prestasie en om te bepaal of die prestasie op die verlangde vlak is en of die verlangde vlak reeds verbygesteek is (Department of Education 1997a:19).

4.5.6 Assessering

Die begrip “assessering” verwys na 'n proses waartydens daar op 'n kontinue basis die prestasies van leerders geëvalueer word ten einde te bepaal of die prestasie aan die verwagte uitkomst voldoen.

Assessering bestaan uit 'n taak of reeks take wat gestel word met die doel om inligting aangaande 'n leerder se vaardigheid te bekom. Hierdie taak kan op verskillende wyses geassesseer word deur verskillende assesseringstegnieke gedurende die leerproses te gebruik. Deurlopende assessering sluit toetse en eksamens in, maar berus ook op die leerders se portfolio's, self- en portuurgroepassessering, projekte en 'n reeks ander



metodes om prestasies ten opsigte van uitkomst te meet (Department of Education 1997a:13).

4.5.7 Leerprogram

'n Leerprogram is 'n medium waardeur 'n kurrikulum by 'n leerinstansie gestalte kry. Dit is stelle inhoude en leeraktiwiteite waarby die leerders betrokke sal wees op pad na die bereiking van een of meer spesifieke uitkomstes.

'n Leerprogram sluit die volgende in:

- Kritieke Uitkomstes
- Spesifieke Uitkomstes
- Assesseringskriteria
- Omvangstelling
- Taakaanduiders
- Hipotetiese tyd

4.5.8 Kurrikulumraamwerk

'n Kurrikulumraamwerk is 'n filosofiese en georganiseerde raamwerk wat riglyne vir onderrig en leer daarstel (Department of Education 1997a:16).

4.5.9 Kurrikulum

Volgens die Departement van Onderwys (Department of Education 1997a:16) sluit die term “kurrikulum” alle aspekte van onderrig en leer in. Reeds in 1984 het Tom (1984:89) die term “kurrikulum” gedefinieer as “a plan for teaching or instruction”. Pratt (1994:5) het die definisie vir “kurrikulum” meer uitgebrei en dit beskryf as “a plan for a sustained process of teaching and learning.”

Jansen (1984:90) meld dat die kurrikulum die plan (program) vir onderrig leer is wat gekonseptualiseer is in die lig van sekere doelstellings en waarin minstens geselekteerde en geordende inhoude opgeneem is.

Kruger (1980:19) omskryf 'n kurrikulum as “geselekteerde en geordende onderriginhoude wat 'n program vir die onderrig daarstel waarin daar 'n funksionele samehang tussen situasie-analise, doelstelling, beplande leerervaring, aktualiseringsgeleentheid en evaluering aan te wys is.”

Wheeler (1979:11) het reeds in 1979 'n kurrikulum omskryf as “the planned experienced offered to the learner under the guidance of the school”. Dertig jaar later sluit Van Loggerenberg (2000:96) hierby aan as sy na die kurrikulum verwys as die “teaching and learning activities and experiences, which are provided by the school.” Hierdie definisie sluit die volgende komponente in:

- Die doel en uitkomstes van die onderwysstelsel sowel as die spesifieke doelstellings van die skool.
- Die seleksie van inhoud wat in leergeleentheid aan die orde moet kom.
- Strategieë van onderrig en leer sowel as die verhoudings tussen opvoeders en leerders.
- Die vorme van assessering wat gebruik word.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal kurrikulum beteken die totale beplande leerervaringe wat die skool aan die kind bied. Hierdie beplande leerervaringe word in die vorm van verskillende leerprogramme georganiseer waarvan Gesinsopvoeding een leerprogram sal wees. Al die leerprogramme binne 'n skool vorm saam die kurrikulum.

Kurrikuleringshandelinge word uitgevoer om uiteindelik 'n leerprogram te ontwerp. Hierdie proses kan beskryf word as kurrikulering of leerprogramontwerp. Die somtotaal van al die handelinge is kurrikulering of leerprogramontwerp.

5. STAPPE/HANDELINGE IN DIE ONTWERP VAN 'N LEERPROGRAM

5.1 Inleiding


Verantwoordbare leerprogramontwerp en –konstruksie omvat minstens vyf grondaktiwiteite naamlik: die situasie-analise en behoeftebepaling, beoogde uitkomste, seleksie van leerinhoud, ontwerp van onderrig- en leergeleentede en evaluering (Kruger 1980:33-34, Kachelhoffer 1987:86 en Van Loggerenberg 2000:99,100). Kyk Figuur 2.

In die literatuur kom 'n verskeidenheid kurrikuleringsmodelle voor wat ontwikkel is om aan te toon watter handeling in die ontwerp uitgevoer behoort te word, in watter volgorde en wat die relasies tussen die verskillende handeling is (Jansen 1984:120, Kruger 1980:33, Kachelhoffer 1987:86, Van Loggerenberg 2000:99,100). Gordon (1981:105) maak melding van die “objectives model” wat so vroeg as 1860 reeds in Brittanje in gebruik was. In sy proefskrif beskryf Jansen (1984:121) onder andere die modelle van Tyler (1949), Hilda Taba (1962), Wheeler (1967), Nicholls & Nicholls (1972), Taylor-Alexander (1974) en Oliva (1982).

Die ontwerp van 'n leerprogram het deur die jare, namate die kundigheid en sistematiek van Uitkomsgebaseerde Onderwys toegeneem het, meer in diepte en omvang toegeneem. Aangesien Van Loggerenberg (2000:99) se kurrikuleringsmodel gegrond is op die Uitkomsgebaseerde Onderwysparadigma sal haar model gebruik en aangepas word vir die doeleindes van hierdie proefskrif (Kyk Figuur 2).

Navorsers (Jansen 1984:10, Mosterd 1986:59, Van Loggerenberg 2000:99) is daarmee eens dat die leerprogramontwerp nie lineêr van aard is nie, maar 'n sikliese gebeure is en dat leerprogramvernuwing by enige handeling in die leerprogram spontaan kan ontstaan. Daar kan byvoorbeeld besluit word dat die inhoud in 'n program anders georden moet word of dat 'n nuwe doelstelling vir 'n program nagestreef moet word. Met 'n sikliese model word verder geïmpliseer dat na afloop van die evalueringshandeling, terugvoering verkry word wat weer kan lei tot hersiening van

Figuur 2: Sikliese model vir kurrikulumontwikkeling



uitkomstes en seleksie en ordening van meer toepaslike inhoud soos blyk uit die model van Van Loggerenberg (2000:100) in Figuur 2.

5.2 Situasië-analise en behoeftebepaling


Uit die literatuur blyk dit dat kurrikulumkundiges oor die algemeen aanvaar dat die situasië-analise die eerste stap of handeling in die ontwerp van 'n leerprogram is (Jansen 1984:210, Mostert 1986:59, Van Loggerenberg 2000:99,100). Nicholls & Nicholls (1978:21) en Van Loggerenberg (2000:99,100) meld dat die situasië-analise as voorwaarde tot uitkomsteformulering dien en daarom moet dit nie as 'n eng diagnostisering van leerders se behoeftes gesien word nie, maar as 'n omvattende diagnostisering waarin alle faktore wat die totale situasië mag beïnvloed, verreken moet word (kyk Figuur 2). 'n Analise van die onderhawige situasië is egter reeds in Hoofstuk 2 van hierdie proefskrif gedoen.

Die noodsaaklikheid daarvan dat alle leerprogramhandelinge deur 'n situasië-analise onderlê word, word allerweë aanvaar (Mostert 1986:60, Van Loggerenberg 2000:99,100). Reeds in 1975 het Mager (1975:2) soos volg op die onderliggende waarde van die situasië-analise gewys: "Unless a suitable analysis is performed before instruction is developed, it is quite possible to construct a magnificent course that doesn't help anybody at all. It is possible to construct a course that nobody needs, either because the course is unrelated to the problem that gave rise to it or because it 'teaches' things the students already know".

In 'n verantwoorde situasië-analise moet aandag gegee word aan drie determinante, te wete die leerder, die gemeenskap en die leerprogram in 'n bepaalde leerarea, in hierdie geval Gesinsopvoeding. Voorgenoemde drie determinante moet nie in isolasie beskou word nie, maar in relasie (Kyk Figuur 3). Daar is 'n voortdurende verweefdheid en interafhanklikheid tussen die determinante teenwoordig.

Uit die situasië-analise word die behoeftes geïdentifiseer (kyk Figuur 2 en Figuur 3). Die situasië-analise en behoeftebepaling is belangrike voorwaardes vir die verwerking van die leeruitkomste en die ontwikkeling van die leerprogram (Kyk

Figuur 3: Verwantskap tussen die situasie-analise, behoeftebepaling en leeruitkomstes



Figuur 2 en Figuur 3). In die leerprogram word temas geformuleer en die leerinhoud verbeter (kyk Figuur 3).

5.2.1 Situasië-analise

Ten opsigte van die gesinslewe in Suid-Afrika het die situasië-analise (in Hoofstuk 2) aangetoon dat

- die eietydse gesin ekonomies, sosiaal, emosioneel, pedagogies en kommunikatief kwesbaar is (kyk paragraaf 3.2.1 tot 3.2.6).
- opvoeding in die ouerhuis deur maatskaplike en ekonomiese veranderinge beïnvloed word. Daar is talle samelewingsfaktore (byvoorbeeld beroepseise, portuurinvloede, dwelmmisbruik en alkoholmisbruik) wat belemmerend inwerk op die kwaliteit van die gesinslewe in die algemeen en die opvoeding in die gesin in die besonder (kyk paragraaf 4).
- 'n agteruitgang of vervalling van tradisies en norme by gesinne voorkom (kyk paragraaf 5.1 tot 5.5).
- bepaalde versteurings en belemmerings (byvoorbeeld maatskaplike en ekonomiese veranderinge) tot gevolg het dat sekere gesinsfunksies (byvoorbeeld take en rolle) nie toereikend uitgevoer word nie. Ouers maak al hoe meer staat op buite-instansies soos die skool vir die opvoeding van hulle kinders (kyk paragraaf 6.1, 6.2 en 7.1 tot 7.11).
- patologiese verskynsels soos egskeiding, huwelikstwis, gesinsgeweld, kindermishandeling en gesinsmoord in gesinne voorkom (kyk paragraaf 8.1 tot 8.6).

5.2.2 Behoeftebepaling

Uit die bogenoemde blyk dit dat die kind blootgestel word aan disharmoniese gesinsomstandighede wat negatief beleef word en wat 'n negatiewe bydrae tot die kind se ervarings- en betekenisgewingswêreld maak. In die lig van die problematiek wat deur die situasië-analise geopenbaar word, word dit duidelik dat die onderstaande behoeftes aan begeleiding by die leerder bestaan wat deur Gesinsopvoeding positief aangespreek word. 'n Weldeurdagte ontleding van die situasië-analise het aangetoon

dat van die onderstaande behoeftes in meer as een van bogenoemde probleme aangespreek kan word:

- Uniekheid van die mens
- Verhoudings (binne en buite die gesin)
- Voorbereiding vir die huwelik
- Die huwelik
- Ouerskap
- Gesinslewe
- Kindermishandeling
- Egskeiding
- Lewensvaardighede vir die hantering van probleme, krisisse en truama in die gesin
- Handhawing van 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl
- Die invloed van maatskaplike veranderinge (ekonomie en tegnologie) op die gesin

Die leerder moet ten aansien van bogenoemde behoeftes begelei word om kennis, vaardighede, positiewe houdings en waardes te verwerf.

5.3 Bepaling van Uitkomstes

Die tweede stap in die siklus van die leerprogramontwerp soos in Figuur 2 voorgestel, is die bepaling van uitkomstes (Van Loggerenberg 2000:99,100). Daar is reeds Kritieke en Spesifieke Uitkomstes deur die Departement van Onderwys voorgeskryf (Department of Education 1997a:9,10). In die voorgestelde leerprogram (kyk paragraaf 6 van hierdie hoofstuk) is by elke tema aangetoon watter uitkomstes volgens die behoeftebepaling verwerklik moet word. Die opvoeder behoort die uitkomstes te verfyn deur assesseringskriteria, omvangstellings en taakaanduiders vir elke leergeleentheid te formuleer.

Edwards & Louw (1998:6) wys daarop dat uitkomstes die resultate van 'n leerproses is wat na kennis, vaardighede, houdings en waardes binne 'n bepaalde konteks, verwys.

Leerders behoort te kan demonstreer dat die verlangde uitkomst binne 'n bepaalde konteks verstaan word, bereik is en toegepas kan word (Edwards & Louw 1998:6).

In die Uitkomsgebaseerde Onderwysparadigma word daar na doelstellings en doelwitte verwys as uitkomstes wat leerders aan die einde van 'n leerproses moet kan demonstreer (The Media in Educational Trust 1999a:2,3). Van Loggerenberg (2000:77,78) stel dit soos volg: “Goals, objectives and purposes for both teaching and learning are defined as the intended or actual outcomes, which are expected and worked for when engaging in purposeful learning activities.”

Op grond van die noodsaak van eenduidige terme in die literatuur word die onderstaande uitkomstes vir kurríkula in Suid-Afrika deur die Departement van Onderwys voorgeskryf (Department of Education 1997a:1,9,10 en Van Loggerenberg 2000:84). Kyk Figuur 2.

5.3.1 Kritieke Uitkomstes

Kritieke Uitkomstes is die breë generiese kruiskurrikulêre uitkomstes wat die Grondwet sowel as al agt leerareas onderlê. Dit is nie aan 'n bepaalde leerarea gebonde nie, maar strek oor al die leerareas heen. Hierdie uitkomstes omskryf die essensiële vermoëns waarna alle aspekte van leer moet lei (Department of Education 1997a:10). Verwys in hierdie verband na paragraaf 4.5.1 van hierdie hoofstuk.

Die onderstaande Kritieke Uitkomstes word deur die Departement van Onderwys voorgeskryf (Department of Education 1997a:14-15).

Die leerders behoort

- probleme te kan identifiseer en op te kan los en besluite deur kritiese en kreatiewe denke te kan neem.
- effektief met ander as lede van 'n huisgesin, span, 'n groep, 'n organisasie en gemeenskap te kan werk.
- hulself en hul aktiwiteite op 'n verantwoordelike en effektiewe wyse te kan

- organiseer.
- informasie te kan insamel, analiseer, organiseer en krities te kan evalueer.
 - effektief te kan kommunikeer deur visuele, simboliese, en/of taalvaardighede op verskillende maniere te kan gebruik.
 - wetenskap en tegnologie effektief en krities te kan gebruik terwyl bewys gelewer word van verantwoordelikheid teenoor die natuur en die gesondheid van ander.
 - 'n begrip te kan toon vir die wêreld as 'n stel verwante sisteme deur te ontdek dat probleemoplossingskontekste nie in isolasie bestaan nie.

5.3.2 Uitkomstes wat ontwikkeling ondersteun

Uitkomstes wat ontwikkeling ondersteun word saam met die Kritieke Uitkomstes as breë generiese kruiskurrikulêre uitkomstes deur die Departement van Onderwys voorgeskryf. Hierdie uitkomstes is ook nie aan 'n bepaalde leerarea verbonde nie en strek oor al die leerareas heen (Department of Education 1997a:14, 15).

Die grondslag van enige leerprogram moet bydra tot die volle persoonlike ontwikkeling van elke leerder, asook tot sosiale en ekonomiese ontwikkeling in die breë om sodoende die individu bewus te maak van die belangrikheid van (Department of Education 1997a:14-15)

- reflekering oor en verkenning van 'n verskeidenheid strategieë om meer effektief te leer.
- deelname as verantwoordelike burgers aan die lewe van plaaslike, nasionale en globale gemeenskappe.
- kulturele en estetiese sensitiwiteit ten opsigte van 'n reeks sosiale kontekste.
- verkenning van opvoedkundige en beroepsgeleenthede.
- die ontwikkeling van entrepreneursgeleenthede.

5.3.3 Spesifieke Uitkomstes

In elke leerarea word 'n stel Spesifieke Uitkomstes gevind wat verwys na die spesifikasie van dit wat die leerders behoort te kan doen aan die einde van 'n leerervaring (verwys in hierdie verband na paragraaf 4.5.2 van hierdie hoofstuk). Spesifieke Uitkomstes het betrekking op die spesifieke kennis, begrip, vaardighede, waardes en houdings wat leerders in elk van die leerareas moet toon. Die differensiasie tussen verskillende fases van leer word hanteer deur verskillende vlakke van kompleksiteit in die prosesse waarin leerders betrokke is en word weerspieël in die soorte bewyse waardeur die leerders die uitkomstes demonstreer (Department of Education 1997a:18,19, Van der Horst & McDonald 1997:54).

Die onderstaande Spesifieke Uitkomstes word vir Lewensoriëntering voorgeskryf. Hierdie uitkomstes is ook relevant vir Gesinsopvoeding wat as onderdeel van die leerarea voorkom (Department of Education 1997a:2-4):

Leerders behoort

- hulself as unieke en waardevolle individue maar ook as lede van 'n gesin te kan verstaan en te aanvaar.
- vaardighede te kan gebruik en houdings en waardes te kan openbaar wat verhoudinge in die gesin, groep en gemeenskap verbeter.
- die reg van gesinslede en ander mense te respekteer om eie oortuigings en waardes te hê.
- waardering en respek te kan toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.
- lewensvaardighede, verhoudingsvaardighede en besluitnemingsvaardighede aan te leer en toe te pas ten einde gesinsprobleme, trauma en krisissituasies te kan hanteer.
- beroeps- en ander geleenthede te kan evalueer en doelwitte te stel wat hulle in staat sal stel om hul potensiaal en talent te ontwikkel.
- die waardes en houdings te kan demonstreer wat nodig is vir 'n gesonde en 'n gebalanseerde gesinslewe en lewenstyl.

- aan aktiwiteite wat effektiewe menslike beweging, fisieke paraatheid, optimale gesondheid en ontwikkeling demonstreer, deel te neem en te evalueer.

5.4 SELEKSIE VAN LEERINHOUD

5.4.1 Inleiding

In die verskeidenheid leerprogramontwikkelingsmodelle wat bestudeer is, figureer die keuse van inhoud prominent (Jansen 1984:210, Mostert 1986:123, Van Loggerenberg 2000:101). 'n Leerprogram sonder inhoud is ondenkbaar. In alle modelle is eksplisiete of implisiete verwysing na die noodsaak om leerprograminhoud te selekteer en te orden. 'n Leerprogram waarvan die inhoud nie op een of ander wyse geselekteer en georden is nie, is onaanvaarbaar (Mostert 1986:123).

Die seleksie van leerinhoud is die derde stap in Leerprogramontwikkeling (Jansen 1984:210, Mostert 1986:123-129, Van Loggerenberg 2000:101). Volgens Van Rooyen (1997:39) is die leerinhoud tesame met die dinamiek van die leerproses die medium waardeur die uitkomste bereik word.

Die opvoeder moet vooraf (voor die leergeleentheid) die aktiwiteite en verloop van die leerproses versigtig beplan en op die leerinhoud wat deur die leerder ontdek moet word, besluit (Van Rooyen 1997:39). Dit is die opvoeder se taak om die tema as vertrekpunt te neem en die leerinhoud na aanleiding van die beoogde uitkomstes, assesseringskriteria, omvangstellings, taakaanduiders en die leerders se spesifieke behoeftes, te selekteer. Die opvoeder behoort soos die leergeleentheid verloop ooreenkomstig die behoeftes wat die leerders openbaar en die leergeleentheid ontwikkel, leerinhoud wysig en aanpas om die vrugbare moment verder te realiseer.

In paragraaf 4.5 van hierdie hoofstuk word die uitkomstes (Kritieke- en Spesifieke Uitkomstes), assesseringskriteria, omvangstellings en taakaanduiders beskryf wat in samehang met die onderhawige gelees moet word (verwys ook na Figuur 2).

5.4.2 Leerinhoud en die verwerwing van uitkomstes op kognitiewe, affektiewe en normatiewe domeine

Van Rooyen (1997:41,42) meld dat leerinhoud geselekteer kan word om die verlangde uitkomstes in Gesinsopvoeding in een of meer van die volgende domeine te bereik: die kognitiewe, affektiewe en/of normatiewe domein (moet in samehang met die behoeftes in paragraaf 5.2.2 van hierdie hoofstuk gelees word).

Leerinhoud kan geselekteer word om in die volgende te voorsien (Van Rooyen 1997:42):

- Die korrekte kennis rakende die uniekheid van die individu, horisontale en vertikale verhoudings, die huwelik, die gesin, ouerskap en lewensvaardighede in die hantering van gesinsprobleme.
- Genoegsame geleentehede om as 'n lid van 'n gesin ervaring op beide emosionele en intellektuele vlak op te doen ten einde bepaalde houdings en gesindhede te ontwikkel.
- 'n Permanente stel waardes en norme gebaseer op universele waardes wat die leerder se gesindhede en houding positief sal rig en bevorder.

5.4.3 Basiese oorwegings vir die seleksie van inhoud vir die leerprogram

Basiese oorwegings wat vir die seleksie van inhoud gegeld het, is

- die behoeftes wat in Hoofstuk 2 geanaliseer is en weer in paragraaf 5.2.2. van hierdie hoofstuk genoem is.
- die beoogde uitkomstes (kyk paragrawe 5.3.1, 5.3.2 en 5.3.3 van hierdie hoofstuk).
- die erkenning dat gemeenskappe in behoeftes en prioriteite verskil en van multikulturele samestelling is.
- die beginsel van buigsaamheid in plaas van voorskriftelikheid wat betref keuse van inhoud of proses van inhoudseleksie.
- die toerusting van die leerder met kennis, lewensvaardighede, waardes en

gesindhede wat selfaktualisering, emosionele stabiliteit en sosiale sensitiwiteit sal bevorder.

- ondersteuning van die leerder om 'n bydrae te lewer tot geluk en stabiliteit in die huidige gesinslewe en ook in 'n eie gesinslewe eendag in die toekoms.
- waardering en respek vir menseregte.
- die wordingsvlak van die leerders.
- voorbereiding van die leerder vir die snelle samelewingsveranderinge en maatskaplike druk.
- die vestiging van 'n vreedsame naasbestaan.
- die bevordering van 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl by die leerder.

5.4.4 Verbesondering van leerinhoud

In die onderhawige studie is getoon dat bepaalde behoeftes uit die situasie-analise geïdentifiseer is. Die behoeftebepaling is 'n belangrike voorwaarde vir die bepaling van die verwagte uitkomstes (Kritieke sowel as Spesifieke Uitkomstes) vir Gesinsopvoeding. Die inhoud wat in paragraaf 6 van hierdie hoofstuk geselekteer sal word, dien as medium vir die operasionalisering van die verwagte uitkomstes.

Vanweë die beperkte periodes wat in skole aan Gesinsopvoeding toegestaan kan word, word die inhoud dienooreenkomstig beperk. Die inhoud kan op interessante maniere uitgebrei word indien meer periodes beskikbaar gemaak word.

5.5 ONTWERP VAN ONDERRIG- EN LEERGELEENTHEDE

Die vierde stap of handeling in die siklus van die leerprogramontwerp is die ontwerp vir onderrig en -leergebeure (kyk Figuur 2). Ten einde Uitkomsgebaseerde Onderwys in die klas te verwerklik moet die opvoeder bepaal watter onderrigstrategieë, metodes, opvoedkundige aktiwiteite en hulpmiddels gebruik gaan word om die uitkomstes te bereik. Die opvoeder moet ook bepaal watter vaardighede, houdings en waardes by die leerders bevorder moet word. Die opvoeder kan die volgende riglyne as basis gebruik:

5.5.1 Verwerking van uitkomstes

Die uitkomstes van die temas in die voorgestelde program moet vir elke leergeleentheid omskryf word deur die opvoeder ooreenkomstig sy bepaalde klasgroep (ontwikkelingsvlak, behoefte, ensovoorts) en beskikbaarheid van fasiliteite en media. Ten einde uitkomstes te bereik, kan opvoeders die volgende stappe in die beplanning van elke leergeleentheid volg (Edwards & Louw 1998:16-25):

Stap 1.

Die opvoeder moet homself die volgende vraag afvra, daaroor besin en die vraag vir homself beantwoord:

Hoe kan hierdie leerders die kennis, begrip, lewensvaardighede, houdings en waardes verwerf?

Stap 2.

Die opvoeder moet vooraf beplan op watter wyse hy die leerders in die leergeleentheid aan die veelheid van stimuli gaan blootstel, sodat die leerder die kennis kan verwerklik en begryp, houdings en waardes kan vestig en leerders gemotiveer kan word om lewensvaardighede aan te leer, in te oefen en toe te pas.

Stap 3.

Die opvoeder moet die opvoedkundige aktiwiteite vir die leerders beplan. Onderstaande lys in paragraaf 5.5.2 is voorbeelde van aktiwiteite waaruit die opvoeder kan kies.

Stap 4.

Die opvoeder kan die leerders na 'n verskeidenheid opvoedkundige hulpmiddels verwys, waaruit hulle 'n keuse kan maak en in die leergeleentheid kan inskakel. Onderstaande lys in paragraaf 5.5.3 is voorbeelde van opvoedkundige hulpmiddels waarna leerders verwys kan word.



Stap 5.

Assessering vind deurlopend deur die leerproses plaas om te bepaal of die beoogde uitkomst bereik is.

5.5.2 Opvoedkundige aktiwiteite

Opvoeders kan die leerders aan die volgende aktiwiteite tydens 'n leergeleentheid laat deelneem:

Grafies

Kreatiewe handwerk byvoorbeeld

Poppespel

Kostuums

Speletjies

Blokkiesraaisels

Kaarte

Plakskildery

Prentverhale

Tekeninge

Illustrasies

Spotprente, grapprente

Landkaarte

Tabelle

Foto's

Skyfies

Transparante

Plakkate

Seëls

Etikette



Mondeling

Paneelbesprekings

Rollespel

Dialog

Debatvoering

Rapportering

Sing

Praatjies

Onderhoude

Geskrewe werk

Skryf van 'n:

Persverklaring

Opstel

Artikel

Brief

Resensie van televisieprogramme

Toneel

Liedjie

Dialog

Opinieopname

Dagboekinskrywing

Gedig

Onderhoud

5.5.3 Opvoedkundige hulpmiddels

Leerders kan die volgende voorbeelde van onderwys hulpmiddels gebruik:

Koerante en tydskrifte

Werkboeke

Museums

Fiksie en nie-fiksie boeke

Uitstappies in die natuur

Kennisgewingsbord

Plakkate

Video-opnames

Nie-regeringsorganisasies

Naslaanboeke bv. woordeboeke en atlasse

Leerders

Handboeke

Televisie/radio

Skyfies met kommentaar

Verhaal op 'n kasset

Transparante met kommentaar

Prente of foto's met kommentaar

Klankopnames

5.5.4 Fasilitering

Die rol van die opvoeder is om die leerproses te fasiliteer. In Uitkomsgebaseerde Onderwys word gefokus op 'n leerdergesentreerde benadering en nie op 'n opvoeder- gesentreerde benadering nie. Ten einde effektief en suksesvol te fasiliteer, is dit noodsaaklik dat opvoeders

- nie leerders mag manipuleer nie.
- behulpsaam moet wees teenoor leerders.
- buigsaamheid tydens die leerproses toon.
- empatie teenoor die leerders toon.
- goeie konflikbestuurders moet wees.
- ondersteunend teenoor leerders optree.
- leerders aanmoedig en motiveer.
- 'n goeie sin vir humor toon.

- leerders onvoorwaardelik aanvaar.
- goeie luisteraars is.
- demokraties optree.
- entoesiasies in die klas voorkom.
- selfvertroue hê.
- die leerproses goed organiseer.
- bekwaam is.
- sensitief is wanneer nodig.
- 'n goeie selfkonsep het.
- kreatief is.

5.5.5 Fasiliteringsmetodes

Die onderstaande is voorbeelde van fasiliteringsmetodes wat opvoeders in die klas kan gebruik:

Rollespeel

Bespreking

Modellering

Dramatisering

Spotskrifte (dialoë word aan leerders voorsien sodat leerders verskillende rolle lees)

Gevalliestudies

Audio-visuele materiaal (films, videos)

Taakgroepe

Legkaarte (dele van 'n prent word bymekaar gesit om 'n geheelbeeld van die prent te verkry)

Portuurtutors

Afrigting

Demonstrasies

Inoefening van vaardighede

Perdeskoenmetode (groep sit halvesirkelvormig met 'n oop spasie by die einde waar die fasiliteerder staan of sit.)

Plakkate

Drieringsirkus (drie groepe roteer om aktiwiteite by verskillende punte te doen.)

5.5.6 Koöperatiewe leer

Ten einde kennis, vaardighede, houdings en waardes in Uitkomsgebaseerde Onderwys te verwerklik, is interaksie tussen leerders noodsaaklik.

- Opvoeders kan die klas op verskillende maniere groepeer, byvoorbeeld:
 - na willekeur van die opvoeder.
 - volgens vriendskappe.
 - doelbewuste groepering van leerders.
 - volgens prestasies.

- Opvoeders kan groepe op verskillende maniere struktureer. Die klas kan byvoorbeeld verdeel word in
 - klein groepe.
 - opsiegroepe (uit 'n verskeidenheid aktiwiteite kan leerders kies watter aktiwiteit(e) hulle die beste pas).
 - 'n perdeskoen(e).
 - 'n sirkel(s).
 - 'n drieringsirkel(s).
 - pare, trios (drietalle), kwartette (viertalle).
 - self-geselekteerde groepe (leerders kies self in watter groepe hulle wil wees).
 - 'n viskom ("fishbowl") (een groep werk terwyl 'n ander groep rondom hulle sit en aandagtig waarneem. Terugvoering word gegee en groepe ruil posisies).
 - tafelgroepe.

5.5.7 Lewensvaardighede

In Gesinsopvoeding kom daar 'n wye verskeidenheid lewensvaardighede voor. Lewensvaardighede kan wissel volgens leerders se ontwikkelingsfases, behoeftes en ervaring. In Gesinsopvoeding kan opvoeders die volgende voorbeelde van lewensvaardighede gebruik wat sentraal verband hou met Uitkomsgebaseerde Onderwys:

- Kommunikasie
- Besluitneming
- Verdraagsaamheid
- Selfhandhawing
- Hantering van emosies
- Probleemoplossing
- Onderhandeling
- Konflikhantering
- Veiligheidsbewustheid
- Selfbewustheid

5.5.8 Houdings en waardes

Alhoewel 'n wye verskeidenheid waardes relevant mag wees vir Uitkomsgebaseerde Onderwys in Gesinsopvoeding, kan die volgende universele waardes die basis vorm:

- Selfrespek
- Toerekeningsvatbaarheid
- Lojaliteit
- Nie-diskriminering
- Eerlikheid
- Respek vir lewe
- Verantwoordelikheid
- Privaatheid

- Vergewensgesindheid
- Gesondheid en higiëne
- Respek vir ander
- Selfbeheersing

5.5.9 Voorgestelde struktuur vir aanbieding van temas

Die opvoeder (fasiliteerder) moet deeglik voorberei en die aktiwiteite vir elke leerproses deeglik beplan (Edwards & Louw 1998:26). Die aktiwiteite wat in 'n leergeleentheid behoort voor te kom, kan in ses fases ingedeel word:

1. Inleiding

Die opvoeder:

- Wek belangstelling.
- Stimuleer nuuskierigheid.
- Stimuleer bespreking.
- Skep 'n ontspanne atmosfeer.

2. Organiseer die aktiwiteite

Die opvoeder:

- Organiseer die aktiwiteit.
- Fasiliteer.
- Stel tydsbeperking.
- Assesseer deurlopend.
- Organiseer groepe.

3. Organiseer terugvoering

Groepe:

- Kry beurte om terugvoering te gee.
- Plak werk op mure of borde.
- Skryf bevinding op skryfbord.

4. Inskerpings van kennis en lewering van insette

Die opvoeder:

- Inskerpings van kennis wat deur groepe gegeneer is.
- Stel vrae.
- Voorsien relevante feite en deel gedagtes.
- Voorsien soveel informasie as moontlik.

5. Beplan tyd vir reflektering

Tyd word ingeruim sodat leerders die volgende reflekteer:

- Wat die tema vir hulle beteken.
- Watter Kritieke en Spesifieke Uitkomst bereik is.
- Wat het die leerders van hulself ontdek.

6. Gee werkopdragte

Leerders

- Beoefen en pas kennis, vaardighede, houdings en waardes in gesimuleerde lewensituasies toe.

5.6 EVALUERING

Evaluering is die laaste (vyfde) stap in die siklus van die leerprogramontwerp (kyk Figuur 2).

In die Staatskoerant (1998:9) word die volgende stelling met betrekking tot assessering van Uitkomstgebaseerde Onderwys gemaak: “Outcomes-based Education (OBE) is a learner-centred, result-oriented approach to education and training that builds on the notion that all learners need to and can achieve their full potential, but that this may not happen in the same way or within the same period.” Laasgenoemde impliseer dat (Staatskoerant 1998:9)

- elke leerder duidelik moet verstaan wat van hom verwag word.
- elke leerder se vordering op gedemonstreerde prestasies berus.
- elke leerder se behoeftes geakkommodeer moet word deur middel van 'n verskeidenheid onderrig- en leer strategieë en assesseringsinstrumente.
- elke leerder die tyd en ondersteuning gegee word om sy potensiaal te realiseer.

5.6.1 Beginsels vir assessering

Volgens die Departement van Onderwys (Department of Education 1998:10) berus effektiewe assessering op die volgende beginsels:

- Die doel met die assessering moet altyd duidelik gestel word.
- Assessering is 'n voortgesette (“on-going”) integrale deel van die leerproses.
- Assessering moet akkuraat, objektief, geldig, regverdig en tyddoeltreffend wees.
- Assessering neem verskillende vorme aan, versamel informasie vanuit verskillende kontekste en gebruik verskillende metodes volgens die behoeftes van die leerder.
- Die metodes en tegnieke wat gebruik word, moet geskik wees vir die kennis, vaardighede en houdings wat geassesseer moet word.
- Assessering moet onpartydig en sensitief vir geslag, ras, kulturele agtergrond en vermoëns wees.
- Uitslae moet duidelik, akkuraat, tydig en betekenisvol gekommunikeer word.
- Vordering moet gekoppel word aan die uitvoering van die Spesifieke Uitkomstes en behoort nie op rigiede wyse aan tyd gebonde te wees nie (Department of Education 1998:10).

5.6.2 Doel met assessering

Assessering dien om (Department of Education 1998:10)

- te bepaal of die uitkomstes bereik is.
- terugvoering te gee aan ouers en rolspelers.

- 'n profiel van die leerders se prestasies te bou.
- terugvoering aan leerders te gee.

5.6.3 Tipes assessering

Die volgende tipes assessering kan vir Uitkomsgebaseerde Onderwys gebruik word (Department of Education 1998:11):

- **Formatiewe assessering.** Positiewe prestasies van die leerder word geïdentifiseer en bespreek.
- **Diagnostiese assessering.** Leerders se probleme word betrag en geklassifiseer sodat remediërende hulp en leiding voorsien kan word.
- **Summatiewe assessering.** Hiervolgens word die algehele prestasie van die leerder op 'n sistematiese wyse aangeteken.
- **Evaluatiewe assessering.** Inligting van leerders se prestasies word versamel wat van hulp kan wees by die evaluering van die onderrig- en leerproses.

5.6.4 Metodes en tegnieke vir assessering

Opvoeders kan die volgende metodes en tegnieke van assessering vir Uitkomsgebaseerde Onderwys gebruik (Department of Education 1998:11,12):

- **Informele monitering by observasie.**
- **Formele gestandaardiseerde toetse.**
- **Mondelinge vrae.**
- **Selfassessering.**
- **Groepassessering.**
- **Onderhoude en mondelinge aanbiedinge.**
- **Assessering deur tydgenote.**
- **Projekte en werkopdragte (Department of Education 1998:12).**

5.6.5 Reflektering van Kritieke Uitkomstes

Tydens elke leergeleentheid in Gesinsopvoeding behoort die leerders bewys te kan lewer wat hulle geleer het. Op hierdie manier kan die opvoeder vasstel watter van die volgende verwagte Kritieke Uitkomstes bereik is.

Kan leerders

- probleme identifiseer en oplos?
- krities en kreatief dink?
- effektief met ander in 'n span werk?
- informasie insamel, analiseer, organiseer en krities evalueer?
- effektief kommunikeer (visueel, simbolies, luister, skryf, lees, praat)?
- wetenskap en tegnologie effektief gebruik?
- bewys lewer van verantwoordelikheid teenoor die natuur en gesondheid van ander?
- verwantskappe tussen sisteme identifiseer?
- verantwoordelike besluite neem?

5.6.6 Reflektering van Spesifieke Uitkomstes

Aan die einde van elke leergeleentheid in Gesinsopvoeding moet die opvoeder vasstel watter van die onderstaande Spesifieke Uitkomstes bereik is.

Kan leerders

- hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol?
- houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin kan bevorder?
- respek vir menseregte toon?
- verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen?
- doelwitte stel om hulle potensiaal en talente te ontwikkel?
- waardes en houdings demonstreer wat nodig is vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl?

6. VOORGESTELDE LEERPROGRAM

6.1 Basiese oorwegings vir die beplanning van leergeleenthede

Opvoeders behoort oorweging te skenk aan die volgende punte wanneer leergeleenthede beplan word:

- Aangesien Suid-Afrika uit 'n kultureel diverse gemeenskap bestaan en opvoeding verband hou met leerders se waardestelsels, religieuse oortuigings, kulturele verskille en tradisies, is dit noodsaaklik dat die opvoeder in alle gevalle alle temas in die voorgestelde program vir die multikulturele groepe wat in die klas verteenwoordig word, moet verbesonder.
- Die opvoeder moet die lewenservaring, wordingsvlak, geletterdheidsvlak, behoeftes én spesifieke behoeftes soos visuele- en gehoorgestremdheid asook ander leergebreke van die leerders, in ag neem.
- Opvoeders moet ouers vooraf inlig oor die voorgestelde program vir die leerders en ook die ouers voorberei om verder saam met die kind aan die gesinsverhoudinge te bou.
- 'n Multidissiplinêre benadering moet gevolg word, byvoorbeeld ondersteuning en hulpverlening deur maatskaplike werkers, sielkundiges, beraders en opvoedkundiges aan leerders en/of ouers.
- Alle temas wat in die klas hanteer word, behoort binne 'n raamwerk te geskied, byvoorbeeld 'n juridiese raamwerk, met ander woorde binne die raamwerk van die Konstitusie as Grondwet van Suid-Afrika, ander toepaslike landswette asook onderwyswette. 'n Voorbeeld van 'n nie-juridiese raamwerk, kan wees 'n multikulturele raamwerk, 'n multi-religieuse raamwerk asook die raamwerk van universele waardes en norme.
- Ooreenkomstig die opvoeder se fasiliteringstyl, die beskikbaarheid van fasiliteite en die eiesoortige behoeftes van die leerders, behoort elke tema in die voorgestelde leerprogram volgens die Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering beplan te word. Riglyne in hierdie verband word in paragraaf (h) hieronder uitgespel.

- Alhoewel die voorgestelde program nie spesifieke assesseringskriteria, omvangstellings en taakaanduiders bevat nie, is dit van wesenlike belang dat die opvoeder ooreenkomstig die behoeftes van die leerders, die betrokke situasie en die gemeenskap in wie se diens die skool staan, dienooreenkomstig moet formuleer.
- Opvoeders behoort by die beplanning van elke leergeleentheid die riglyne in paragraaf 5.5 van hierdie hoofstuk as basis gebruik om Uitkomsgebaseerde Onderwys in die klas te verwerklik.

6.2 GRONDSLAFASE

6.2.1 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN TEMAS IN DIE GRONDSLAFASE

Ooreenkomstig die behoeftes wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is, word voorgestel dat die temas en verbesonderde subtemas of leereenhede soos in Figuur 4 uiteengesit in hierdie fase behandel moet word.

6.2.2 UNIEKHEID VAN DIE MENS


Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

a. Aanvaarding van die self

- (i) *Aanvaarding van die self en die eie vermoëns*
- Ek is nie net liggaam nie (fisieke self).
 - Ek is ook verstand (kognitiewe self).
 - Ek is ook sosiaal (sosiale self).
 - Ek het ook gevoelens (affektiewe self).
 - Ek wil ook eendag 'n goeie pos beklee (konatiewe self).
 - Ek wil ook weet wat is reg en verkeerd (normatiewe self).

Figuur 4: Skematiese voorstelling van die Grondslagfase



- (ii) *Aanvaarding van die eie liggaamlikheid, voorkoms en moontlike gebreke*
- (iii) *Aanvaarding van die eie geslagtelikheid as manlik (seun) of vroulik (dogter)*

b. Waardering vir die uniekheid van die mens

- (i) *Positiewe begrip van en waardering vir die self en die eie potensiaal.*
 - Ek is sterfstof!
 - Ek is tot enige iets in staat.
- (ii) *Waardering vir die uniekheid van elke mens, seun of dogter, lid van 'n besondere gesin.*
- (iii) *Begrip vir elke mens se "andersheid" – elke mens is kosbaar.*

c. Vestiging van 'n positiewe waardestelsel

- Elke menselewe is kosbaar.
- Ek mag nie 'n ander mens leed aandoen nie.
- Ek moet dankbaar wees vir wat ek is en het.
- Ek moet bedagsaam wees teenoor ander.
- Ek moet dit wat ek het met ander kan deel wat minder as ek het.
- Ek moet eerlik wees teenoor myself, teenoor ander en in alles wat ek doen en sê.
- Ek moet gehoorsaam wees teenoor my ouers en onderwysers.
- Ek moet vriendelik en verdraagsaam wees teenoor ander.

6.2.3 VERHOUDINGS

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudinge in die gesin, groep en gemeenskap sal bevorder.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Vertikale verhouding

- (i) *Die mens se verhouding met sy God.*
- (ii) *Godsdienstige waardes: Liefde vir God, liefde vir die self, liefde vir die naaste.*

b. Horisontale verhoudings

- (i) *Verhouding met die self.*
- (ii) *Gesinsverhoudings.*
 - Die mens se ingebore affiliasiebehoefte.
 - Die gesin as primêre groep vir interpersoonlike verhoudings.
 - Onderlinge verhoudings in die gesin: Pa-ma, pa-seun, pa-dogter, ma-seun, ma-dogter, broer-broer, broer-suster, suster-suster.
- (iii) *Ander verhoudings:*
 - Familie.
 - Maats.
 - Volwassenes, bejaardes en gestremdes.
 - Vreemdes.

c. Houdings en waardes wat verhoudings kan bevorder

- My verantwoordelikheid teenoor ander.
- Ander se verantwoordelikheid teenoor my.
- Ek moet eerlik wees in alles wat ek doen of sê.
- Ek moet respek vir ander toon.
- Ek moet vriendelik wees teenoor ander.

d. Vaardighede wat verhoudings kan bevorder

- (i) *Kommunikasievaardighede*

Byvoorbeeld:

 - Luister mooi.
 - Moet nie ander in die rede val nie.
 - Kyk ander in die oë (indien van toepassing).
- (ii) *Selfhandhawing*



- Ek mag “nee” sê.
- Wanneer mag ek nee sê – byvoorbeeld wanneer iemand my persoonlike ruimte van my liggaam betree of wanneer iemand my ongemaklik laat voel.
- Hoe om “nee” te sê – byvoorbeeld staan regop, trek jou skouers terug, ensovoorts.

e. Menseregte en demokrasie

- Niemand mag my leed aandoen nie, niemand mag my liggaam seermaak nie en ook nie my hart nie.
- Ek mag niemand seermaak nie.
- Alle mense verskil van mekaar – elkeen is anders en uniek.
- As kind het ek ook regte.

6.2.4 GESIN EN GESINSLEWE

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings openbaar wat verhoudings in die gesin en gemeenskap verbeter.

a. My gesin

- Primêre groep van saamlewe.
- Gesinsboom.
- Gevoelens vir my gesin.

b. Soorte gesinne

- Gesinne verskil ten opsigte van grootte en samestelling.
- Kerngesin: ouers, broers en susters of alleenkinders.
- Uitgebreide gesin: oupa en/of ouma, ooms, tantes en hulle kinders.
- Enkelouergesin.
- Hersamegestelde gesin (stiefgesin).

- Gesinne sonder ouers (net kinders).
- Lateraal uitgebreide gesinne (inneem van Vigswesies).

c. Samewerking in die gesin

- Gesinslede help mekaar op verskillende maniere.
- Samewerking maak die gesinslewe aangenamer.
- Elke gesinslid dra sy deel by.
- Gesinslede gee vir mekaar om.
- Gesinslede deel hul gevoelens, oortuigings en idees met mekaar.

d. Ouers

- Vaders en moeders sorg vir hulle kinders.
- Verskillende ouers (vaders en moeders) doen verskillende soorte werk om in die behoeftes van die gesin te voorsien.
- Alle werk is edel en goed.

e. Houdings en waardes wat verhoudings in die gesin bevorder

- Ek moet myself en ander respekteer.
- Ek moet my verantwoordelikhede teenoor my gesin nakom:
 - Verrig van take.
 - Hulp teenoor ander gesinslede.
- Ek moet nie toelaat dat ander my seer maak nie.
- Ek mag nie ander seer maak nie.
- Ek het die reg om te sê hoe ek voel en om 'n moeilike situasie in 'n gesinsverhouding te bespreek.
- Ek moet hulp soek indien ek ernstige gesinsprobleme het.
- Ek moet lojaal wees teenoor my gesin.
- Ek moet verdraagsaam teenoor ander gesinslede wees.
- Ek moet nie my opinie op ander afdwing nie aangesien alle gesinslede oor regte beskik en ewe belangrik is.
- Ek moet ander se privaatheid respekteer.
- Ek moet vergewensgesind wees.

6.2.5 KONFLIK IN DIE GESIN

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin verbeter.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë reflekteer word.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet die reg van mense om hul eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

a. Voorkoming van konflik

Om konflik te voorkom en 'n gelukkige gesinslewe te hê, is dit belangrik dat kinders

- gehoorsaam moet wees teenoor hulle ouers.
- gesinsreëls moet gehoorsaam en nakom.
- hulle kamers skoon moet hou.
- hoflik moet praat al is hulle kwaad.
- vergewensgesind moet wees (vergewe en vergeet).
- hulle ouers, broer(s) en suster(s) moet liefhê.
- verdraagsaam moet wees teenoor alle gesinslede.
- respek moet toon teenoor alle gesinslede.
- ander gesinslede se privaatheid respekteer.

6.2.6 KINDERMISHANDELING

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet hulself verstaan as uniek en waardevol.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en

ander soortgelyke filosofieë reflekteer.

a. Wysies van aanraking

Leerlinge moet gelei word om te onderskei tussen:

- (i) Aangename aanraking bv. pa/ma/juffrou hou my hand, pa sit sy hand op my skouer,
pa/ma/maatjie gee vir my 'n drukkie wanneer ek hartseer is.
- (ii) Onaangename aanraking bv. wanneer ek deur 'n persoon vasgedruk word en nie daarvan hou nie, wanneer 'n vreemde persoon te naby my staan of soengroet.

b. Vorme van kindermishandeling

'n Ouer/persoon mishandel my indien hy/sy my

- opsetlik beseer (slaan, byt, brand, stamp, ens.) of toelaat dat ek beseer word.
- aanhoudend verkleineer, skel of verwerp.
- ontnem van voedsel, klere, mediese sorg.
- vra om my klere uit te trek.
- onbehoorlik betas (bv. geslagsdele, borste) of vra om betas te word.
- op 'n manier soen of aanraak dat ek ongemaklik voel.
- pornografiese foto's wys of my wil laat poseer vir pornografiese foto's.

c. Voorkoming en hulpverlening ten opsigte van kindermishandeling

- Ek het die reg om
 - my liggaam teen enige besering te beskerm.
 - "NEE" te sê vir enigiets wat my ongemaklik laat voel.
 - my eie privaatheid te eis.
 - my liggaam te verstaan.
 - my liggaam as baie spesiaal te beskou.
- Ek moet nie geskenke of geld van 'n vreemde persoon neem nie.
- Wanneer ek seksueel misbruik word, moet ek dit nie geheim hou nie, selfs al dreig die persoon om iets ernstigs aan my te doen.

- Wanneer ek mishandel word, moet ek
 - my ouers of enige betroubare volwasse persoon daarvan vertel.
 - die polisie (telefoon: 10111), Kinderlyn (telefoon: 0800 123 321) of enige ander noodnommer in my area skakel.
- Ek kán gehelp word.

6.2.7 ALKOHOL- EN/OF DWELMMISBRUIK

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

Leerders moet die reg van mense om hulle eie oortuigings en waardes te hê respekteer.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet waardes en houdings demonstreer wat benodig word vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

a. Gevare en voorkoming van substansmisbruik

- Wat is alkohol?
- Wanneer is die gebruik van alkohol verkeerd?
- Wat is dwelms?
- Wanneer is die gebruik van medisyne nie nadelig en skadelik vir my liggaam nie?
- Hoekom is rook skadelik vir my liggaam?
- Enige medisyne en ander skadelike middels moet altyd versigtig gebruik, veilig hanteer en diep gebêre word.
- Ek moet onthou dat ek nie moet luister as maatjies my ompraat om van hierdie middels te gebruik nie.
- Ek moet onthou ek kan “nee” sê.
- Hoe om “nee” te sê.
- Voordat ek iets eet of drink, moet ek altyd seker maak dat dit nie skadelik of gevaarlik vir my liggaam is nie.

6.2.8 EGSKEIDING

Daar moet opgelet word dat egskleiding as 'n onderwerp nie eksplisiet met die jonger kind behandel kan word nie. Die opvoeder moet baie versigtig wees om nie die kind onveilig te laat voel of te traumatiseer in die hantering van hierdie onderwerp nie. Die begrip “egskleiding” moet daarom met groot oorleg gebruik word. Die opvoeder kan die volgende inhoud ooreenkomstig die behoeftes van die leerders gebruik.

- Verhoudings slaag nie noodwendig nie.
- Mense kan en mag verskil.
- Konflik kan voorkom.
- Konflik kan mense na mekaar toe bring as dit reg hanteer word.
- Konflik kan ook mense uit mekaar dryf.
- Dit kan ook met mamma en pappa gebeur.
- 'n Mens moet sensitief wees vir ander en ander in ag neem.
- Hoe om 'n maatjie te help wie se ouers skei.

6.2.9 HANTERING VAN TRAUMA

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

Die opvoeder moet met die hantering van hierdie onderwerp daarop let dat die aspek van *trauma* nie direk met 'n kind van hierdie ouderdom hanteer word nie. Selfs die bespreking van *trauma* en die gebruik van voorbeelde kan vir die jong kind traumaties wees. Opvoeders behoort die onderwerp so te hanteer dat hy voortdurend die leerders se gevoelens kan monitor sodat hy, waar dit nodig is, in individuele gevalle hulp kan verleen, byvoorbeeld 'n leerder wat reeds 'n geliefde of 'n troeteldier deur die dood verloor het.

a. Identifisering van emosies

Aan die hand van gevoelsgesiggies (gelukkig, opgewonde, kwaad, hartseer, bang, huil, ensovoorts) kan die leerders verskillende emosies identifiseer en bespreek.

Die volgende vrae kan byvoorbeeld gestel word:

- Watter emosies word op elke gesiggie uitgebeeld?
- Watter gebeure kan maak dat jy die emosies op elkeen van die gesiggies ervaar?
- Watter gesiggie en emosies sal jy toon indien jou troeteldier wegraak?
- Watter gesiggie en emosies sal jy toon indien jou beste maatjie siek is of verhuis?
- Wat sal jy doen as jou maatjie hartseer is?
- Watter gesiggie dui 'n kwaai gevoel aan? Jy mag kwaad word, maar wat doen jy as jy kwaad is?
- Watter gesiggie toon 'n gevoel van hartseer? Wat sal jy doen as jy hartseer is?

Onthou dit is reg en aanvaarbaar om 'n gevoel te hê, byvoorbeeld gelukkig, hartseer of kwaad. 'n Gevoel is nie verkeerd nie.

b. Verskille in emosies wat ervaar word

Verduidelik en sê in woorde:

- Is daar 'n verskil tussen jou gevoelens vir jou broer (en suster) en jou gevoelens vir jou troeteldier?
- Hoe verskil jou gevoelens vir jou broer van die vir jou troeteldier?
- Hoe sal jy voel as jou troeteldier wegraak?
- Hoe sal jy voel as jou pa vir 'n lang tyd weg van die huis af werk?

6.2.10 HANDHAWING VAN 'N GESONDE EN GEBALANSEERDE LEWENSTYL

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet waardes en houdings demonstreer wat benodig word vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

Handhawing van 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl verwys na gesonde houdings en gewoontes oor, onder andere, die versorging van die liggaam, byvoorbeeld persoonlike higiëne, veiligheid, gesondheid, eetgewoontes, seksualiteit, ensovoorts. 'n Persoon met 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl beskik oor 'n positiewe selfkonsep en 'n hoë selfagting.

a. **Persoonlike higiëne**

- Waarom moet jy jou liggaam skoon hou?
- Is daar dele van die liggaam wat nie gewas hoef te word nie?
- Wat gebruik 'n mens om die liggaam mee te was?
- Waarom moet ons ons hande gereeld was?
- Waarom is ons bang vir kieme?
- Waarom is dit belangrik dat vingernaels kort en skoongehou moet word?
- Waarom borsel ons ons tande? Wat veroorsaak tandverrotting?
- Waarom mag ons nie elke dag dieselfde ongewaste klere aantrek nie?

b. **Toilethigiëne**

- Ek moet die toiletsitplek skoon vee met toiletpapier.
- Ek moet ordentlik op die toilet sit.
- Ek moet die toilet spoel na gebruik.
- Na gebruik moet ek my hande met seep was.
- Ek moet my hande afdroog.
- Ek moet die toilet skoon laat na gebruik.

c. Gesonde en ongesonde voedselsoorte

- Hoekom is sekere kos gesond? Dit maak my liggaam sterk en gee my krag en energie.
- Hoekom is sekere kos ongesond? Dit maak my lui en vet en kan my tandjies sleg maak.

Leerders moet gelei word om

- voedsel in verskillende groepe te identifiseer of te plaas (byvoorbeeld vleisgroep, groente- en vrugtegroep, graankosse en melk- en melkprodukte).
- onderskeid tussen gesonde en ongesonde voedselsoorte te kan tref (byvoorbeeld tussen appels en lekkers).
- die verskille tussen groente en vrugte uit te ken.
- te onderskei watter groente rou (bv. wortels) en watter groente gaar (byvoorbeeld aartappels) geëet mag word.
- te verstaan dat groente en vrugte deeglik afgespoel moet word voordat dit geëet word.
- te verstaan dat rou groente meer voedingswaarde as gekookte groente het.
- te verstaan dat suiwelprodukte soos melk, kaas en joghurt nodig is vir gesonde bene en tande.
- die gewoonte aan te kweek om altyd eers hande te was voordat daar met voedsel gewerk word of dit geëet word.
- nie vingers te lek wanneer hulle met voedsel werk of eet nie.

d. Gesonde eetgewoontes

- Leerders bespreek wat hulle daaglik eet.
- Leerders soek prente van voedsel wat hulle vir ontbyt, middagete en aandete geniet.
- Leerders bespreek hoeveel keer hulle per dag eet.
- Leerders bespreek die aktiwiteite wat hulle beoefen om hulle gesond te hou, byvoorbeeld stap, spring, hardloop, swem, speel.

Aspekte soos persoonlike veiligheid en seksuele gedrag sal in die volgende fases hanteer word. Dit staan die opvoeder vry om ooreenkomstig die besondere behoeftes van die groep van hierdie aspekte reeds in die Grondslagfase aan te spreek byvoorbeeld persoonlike veiligheid.

6.3 INTERMEDIËRE FASE

6.3.1 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN TEMAS IN DIE INTER-MEDIËRE FASE

Ooreenkomstig die behoeftes wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is, word voorgestel dat die temas en verbesonderde subtemas of leereenhede soos in Figuur 5 uiteengesit in hierdie fase behandel moet word.

6.3.2 UNIEKHEID VAN DIE MENS

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

a. Eienskappe en waardes wat gesinslede uniek maak

- Ek is 'n seun of meisie.
- Ek is anders as ander mense.
- Ek is kosbaar.

b. Begrip van geslag en geslagsrolle


- Behoorlike gedrag van 'n seun.
- Behoorlike gedrag van 'n meisie.

c. Bevestiging van 'n positiewe selfkonsep by elke kind

Selfvertroue: die onderwyser lei die kind tot 'n besef van:

- Ek kan

Figuur 5: Skematiese voorstelling van die Intermediêre Fase



- Ek is in staat tot
- Ek glo in my vermoëns.

d. Die geïntegreerde aard van die mens as 'n totale wese

Kognitief, sosiaal, emosioneel, geestelik en fisies. Hersien oorsigtelik wat nodig is en bou voort op wat in die Grondslagfase in hierdie verband behandel is.

Die interafhanklikheid van die bogenoemde persoonlikheidsdimensies in die ontwikkeling van 'n gebalanseerde individu.

e. Vestiging van 'n aanvaarbare waardestelsel in die bou van morele karakter

- Hoflikheid.
- Getrouheid.
- Selfhandhawing.
- Gehoorsaamheid.
- Respek vir die self en vir ander.
- Selfbeheersing:
 - Monitering en dissiplinerings van eie gevoelens.
 - Sensitiwiteit en inagneming van ander se gevoelens.
 - Die vraag na reg en verkeerd.
 - Reëls vir goeie gedrag wat situasies onderlê.
 - Die internalisering van norme en waardes.

6.3.3 VERHOUDINGS

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin, groep en gemeenskap sal bevorder.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.



a. Verhoudings binne die gesin

- Sinvolle herhaling van die temas in die Grondslagfase.
- Verhoudings binne die gesin byvoorbeeld in enkelouergesinne, dubbelouergesinne, uitgebreide gesinne, ouers van verskillende rasse, stiefouers, ouers wat ongetroud is en saamwoon, gesinne sonder ouers.

b. Verhoudings met vriende

- Hoe om vriende te maak.
- Moet nie lelike dinge van ander sê nie.
- Soek die mooi in ander.
- Beoefen goeie vaardighede, houdings en waardes.

c. Verhoudings met bekende en onbekende volwassenes (kyk na die tema “Ander verhoudings” by Grondslagfase)

d. Hanteringsvaardighede by die beëindiging van ’n verhouding

- Beëindiging van vriendskapsverhouding.
- Beëindiging van meisie-seun verhouding.

e. Houdings en waardes wat verhoudings kan bevorder

Eerlikheid, lojaliteit, respek vir ander, respek vir privaatheid, betroubaarheid, selfrespek, verdraagsaamheid.

f. Vaardighede wat verhoudings kan bevorder

Selfhandhawing, kommunikasie, onderhandeling, probleemoplossing, verdraagsaamheid en besluitneming.

g. Menseregte en demokrasie

Sinvolle herhaling van menseregte en demokrasie wat in die Grondslagfase behandel word.

- Mense verskil onderling van mekaar en so ook groepe en kulture.

- Elke mens en so ook elke groep of kultuur beskik oor mooi eienskappe en interessantheide waarvan ander kan leer en geniet.
- Ons moet van mekaar leer ten einde mekaar te verstaan en respekteer (lewenswyse, huweliksvorme, gewoontes, tradisies, ensovoorts).
- Die uitlewing van die *Ubuntu-beginsel*.

6.3.4 GESIN EN GESINSLEWE

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings openbaar wat verhoudings in die gesin en gemeenskap verbeter.

- a. Sinvolle herhaling van temas in die Grondslagfase wat nodig mag wees**
- b. Die invloed van die kind se status in die gesin**
 - Die verantwoordelikhede en voorregte van die oudste of enigste kind.
 - Die verantwoordelikhede en voorregte van die jongste kind.
 - Die voor- en nadele van 'n enigste seun tussen susters en 'n enigste dogter tussen broers.
 - Die voor- en nadele van die middelste kind.
- c. Rolle en verantwoordelikhede in die gesin**
 - Die gesin as primêre groep en saamleefsituasie (vennote, nie net daar om te ontvang nie, saamlewe beteken ook om te gee).
 - Rolle en take van seuns in die gesin.
 - Rolle en take van dogters in die gesin.
 - Verantwoordelikheid teenoor gesinslede.
 - Rolle van seuns en dogters om gesin hegter te bind.

d. Die gelukkige gesin

- Faktore wat gesinsgeluk beïnvloed.
- Probeer mekaar verstaan.
- Inagneming van verskille tussen gesinslede.
- Onredelike eise van kinders.
- Gesinslede moet trots wees op gesin.
- Die gevare van alkohol- en dwelmmisbruik vir gesinsgeluk.

e. Houdings en waardes wat gesinsverhoudings bevorder

(i) Deernis

Die vermoë om vir ander te gee, empatie te betoon, sensitief te wees vir die gevoelens van ander.

(ii) Liefde

Liefde is geduldig, vriendelik, eerlik, beskermend, getrou, verdraagsaam, nederig, welvoeglik, vergewensgesind.

Liefde is nie jaloers, vals, besitlik, oorheersend, selfsugtig, agterdogtig, liggeraak of oppervlakkig nie.

(iii) Onselfsugtigheid

Omgee vir ander, begrip vir ander se behoeftes, ander se belange eerste stel, opoffering, die bereidheid en vermoë om eie belang prys te gee.

(iv) Selfbeheersing

Weet hoe ver om 'n saak te voer, wedersydse agting en respek, emosionele selfbeheersing, (beteuel jou humeur), geestelike selfbeheersing (aanhou, vertrou, hoop).

(v) Wedersydse respek

Beleefde taalgebruik, liggaamstaal, aanvaarding van wedersydse verskille.

(vi) Vergifnis

Onvoorwaardelikheid van vergifnis, skuldbelydenis, genesing.

(vii) Toewyding

Uithouvermoë, volharding (die begeerte om klaar te maak wat aangepak word, die vermoë om probleme te aanvaar en op te los), oorgawe.

(viii) *Lojaliteit*

'n Belofte hou, respekteer vertroulikheid, hulpverlening en ondersteuning.

- f. **Sinvolle herhaling van die vaardighede wat in die Grondslagfase beskryf is**

6.3.5 KONFLIK IN DIE GESIN

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin verbeter.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet die reg van mense om hul eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

- a. **Leerders kan gelei word om op die volgende vrae te reageer**

- Wat is die oorsake van konflik in 'n gesin?
- Kan ek 'n konfliktsituasie vooruit lees?
- Wat kan ek doen om die konflik in my gesin te verminder?

- b. **Moontlike oorsake van konflik in die gesin**

- Ongedefiniëerde rolle en vae omskrewe reëls.
- Verbreking van huisreëls.
- Gebrekkige kommunikasie.
- Gebrekkige dissipline.
- Gebrek aan respek.
- Onregverdigheid, bevooroordeeldheid en voortrekkery van kinders deur ouers.

- Onbetrokkenheid van gesinslede by huistake.
- Botsende belange.
- Miskenning van privaatheid en persoonlike ruimte.

c. Houdings en waardes wat konflik in die gesin kan verminder

Respek, verantwoordelikheid, verdraagsaamheid, behulpsaamheid, dankbaarheid, onderlinge waardering, eerlikheid, samewerking, vergewensgesindheid, betroubaarheid, privaatheid.

d. Hantering van konflik in die gesin

- Identifiseer die probleem.
- Beheer jou humeur.
- Luister na die ander party(e) (ouers, broer[s], suster[s]) se standpunte.
- Lig jou eie standpunt in kalmte.
- Soek saam na moontlike oplossings.
- Wees bereid om die ander party tegemoet te kom.
- Wees realisties met jou eise.
- Verstaan dat ouers hulle kinders ewe liefhet, maar dat hulle hul liefde op verskillende maniere toon.

6.3.6 KINDER-SEKSUELE MISHANDELING

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet hulself verstaan as uniek en waardevol.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Wat is kinder-seksuele mishandeling?

Enige seksuele aktiwiteit van 'n volwassene (ouer, familielid, vreemdeling, onderwyser, ensovoorts) of selfs 'n ouer kind met 'n kind jonger as 16 jaar.

Laasgenoemde sluit in

- betasting van die kind se geslagsdele.
- geslagsgemeenskap of enige ander seksuele aktiwiteit met die kind.
- onbehoorlike ontbloting.
- wys van pornografie aan die kind.
- betrekking van die kind by die maak van pornografie.
- verkragting of sodomie.

b. Die dader van kinder-seksuele mishandeling

(i) Intra-familiaal

- In die gesin of uitgebreide gesin.
- Aangetroude familie byvoorbeeld stiefouers, stiefkinders, skoonfamilie.
- Saamblyvriende.

(ii) Ekstra-familiaal

Die dader is 'n nie-familielid byvoorbeeld 'n betroubare vriend, 'n kinderversorger, afrigter, opvoeder, vreemdeling, predikant of buurman.

c. Voorkoming van kindermishandeling

- Sê “NEE” in enige situasie wat jou ongemaklik laat voel.
- Praat met jou ouers of 'n betroubare volwassene oor die onderwerp.
- Vermyn
 - verlate, donker, afgesonderde plekke.
 - volwassenes wat onder die invloed van drank is.
 - onnatuurlike fisiese toenadering deur volwassenes.
 - alle vorme van pornografie.
 - ry-loop.
 - partytjies sonder verantwoordelike volwasse toesig.
 - vreemdelinge in motors.

- Indien jy uitgaan moet jy
 - jou ouers vertel waarheen jy gaan en hoe laat jy terug sal wees.
 - jou ouers skakel indien jy van plan verander.
 - altyd op veilige, verligte paaie beweeg.
 - geld, 'n selfoon en noodnommers by jou hê.

Leerders moet nie gewaarsku word teen persone nie, maar teen die handeling van enige persoon wat tot kindermishandeling mag lei.

d. Hulpverlening ten opsigte van kinder-seksuele mishandeling

- Vertel jou ouers, opvoeder of enige betroubare volwasse persoon, wat met jou gebeur het.
- Skakel die polisie (telefoon: 10111), Kinderlyn (telefoon: 0800 123 321) of enige ander noodnommer in jou area.

e. Houdings en waardes wat seksuele misbruik kan voorkom

- Respek vir die eie liggaam en die beskerming daarvan.
- Respek vir ander se liggame en ook vir hulle menswaardigheid.
- Elke mens se reg op privaatheid en die beskerming van sy private ruimte.
- 'n Mens mag nie ander forseer, intimideer, manipuleer of afpers nie.
- Kinders het die reg om “NEE” te sê.

f. Vaardighede nodig by kinder-seksuele mishandeling

(i) Selfhandhawing

- Oefen om regop te staan en die ouer persoon in die oë te kyk en om hard en duidelik “NEE!” te sê.

(ii) Kommunikasie

- Oefen hoe om aan iemand te vertel van die seksuele misbruik.
- Verduidelik byvoorbeeld wat het gebeur, asook waar en wanneer dit gebeur het.

6.3.7 ALKOHOL- EN/OF DWELMMISBRUIK

Spesifieke Uitkomstes:

Leerdere moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

Leerdere moet die reg van mense om hulle eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

Leerdere moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerdere moet waardes en houdings demonstreer wat nodig is vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

a. Korrekte gebruik van voorskriftelike en nie-voorskriftelike medisyne

- Onderskeid tussen voorskriftelike en nie-voorskriftelike medisyne.
- Voorskriftelike medisyne word slegs deur die persoon aan wie dit voorgeskryf is, gebruik.
- Identifiseer aptekers as goeie bronne van inligting met betrekking tot medisyne.

b. Gevolge van alkohol- en/of dwelmmisbruik

- Negatiewe gevolge van rook, alkohol- en dwelmmisbruik.
- Nikotien as 'n verslawende dwelm.
- Alkoholmisbruik as moontlike oorsaak vir byvoorbeeld motorongelukke en gesinskonflik.
- Gevolge van die gebruik van onwettige dwelms.

6.3.8 EGSKEIDING

Soos met die Grondslagfase moet daar op gelet word dat egskeding as 'n onderwerp nie eksplisiet met die jonger kind behandel kan word nie. Die opvoeder moet baie versigtig wees om nie die kind onveilig te laat voel of te traumatiseer in die hantering van hierdie onderwerp nie. Die begrip “egskeding” moet daarom met groot oorleg

gebruik word. Die opvoeder kan die volgende inhoud ooreenkomstig die behoeftes van die leerders gebruik.

- Sinvolle herhaling van onderwerpe in die Grondslagfase.
- Ouers kan ook verskil.
- Wanneer my ouers konflik het of kwaad is beteken dit nie dat hulle mekaar nie meer liefhet nie.
- Al verskil my ouers, hulle het my nog altyd lief.
- Wanneer my ouers skei is dit nie my skuld nie en hulle het my steeds baie lief.
- Ek het geen beheer oor my ouers se skeiding nie.
- Ek kan nie my ouers se probleme oplos nie.
- Hoe om 'n maatjie te help wie se ouers skei.

6.3.9 HANTERING VAN TRAUMA

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Uitbreiding van emosionele woordeskat

In hierdie fase behoort die opvoeder te fokus op die uitbreiding van die leerder se emosionele woordeskat. Leerders moet die betekenis van die volgende woorde verstaan, kan bespreek en binne konteks kan gebruik:

hartseer	agressie
angs, vrees en bang	magteloosheid
neerslagtigheid	woede
onsekerheid	verlorenheid
eensaamheid	skuldgevoelens
desperaatheid	haat
teneergedruktheid	verwyt

minderwaardigheid gespannendheid
vertwyfeling teleurstelling
verraad

6.3.10 HANDHAWING VAN 'N GESONDE EN GEBALANSEERDE LEWENSTYL

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet waardes en houdings demonstreeer wat nodig is vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

a. Persoonlike gesondheid en veiligheid

- Gesonde en ongesonde gewoontes.
- Siektes (byvoorbeeld griep, tuberkulose) en die voorkoming (byvoorbeeld immunisering) daarvan.
- Strategieë en maniere vir selfversorging bv. gesonde eetgewoontes en oefening, asook elkeen se persoonlike verantwoordelikheid om na sy eie gesondheid om te sien.
- Aktiwiteite wat beoefen word vir die handhawing van goeie gesondheid, byvoorbeeld vryetydsbesteding en sportdeelname.
- Veilige gebruik van medisyne en middels om die liggaam te beskerm, gesondheid te bevorder en siektes te genees.
- Persoonlike veiligheid en veiligheid in en om die huis, byvoorbeeld die berging van gevaarlike en skadelike middels soos sekere skoonmaakmiddels.
- Seksuele molestering – voorkoming en aanmelding (kyk paragraaf 6.3.6 van hierdie hoofstuk).
- Verband tussen gesondheid, voeding, groei en fisiese aktiwiteite, aspekte soos beskikbare energie, liggaamsgewig, gebalanseerde dieet, balans tussen werk en oefening, rus, ontspanning, voelselname en die ontwikkeling van fisiese fiksheid kan bespreek word.

- Basiese noodhulpvaardighede kan hier inge oefen word (gemeenskapsorganisasies kan hier betrek word).

b. Sosiale invloed op die lewenstyl van die kind

- Invloed van die media, kultuur, portuurgroep en die gemeenskap op lewenstyl en gedrag.
- Advertering van sigarette, alkohol en sekere voedselsoorte in die media (byvoorbeeld deur sporthelde) en die effek daarvan op rookgewoontes, alkoholgebruik en eetgewoontes by die mens.
- Gevolge van portuurgroepdruk op gedrag – invloed van negatiewe portuurgroepdruk (byvoorbeeld alkohol- en/of dwelmgebruik, bendes, misdaad).
- Die invloed van kultuur op lewenstyl.
- Vaardighede om sosiale invloed effektief te hanteer (byvoorbeeld verantwoordelike besluitneming, selfhandhawing, onderhandeling, kommunikasie).

c. Substansgebruik

- Voorbeelde van gevaarlike middels (byvoorbeeld tabak, dwelms, gom, alkohol).
- Gevolge van die gebruik en misbruik van bogenoemde middels op die liggaam.
- Invloed van dwelms op die individu se persepsie, beoordeling en optrede.
- Verantwoordelike besluitneming (byvoorbeeld my besluit om “nee” te sê).

d. Gesondheidsdienste

- Voorreg om dienste tot beskikking te hê en waardering daarvoor.
- Koste verbonde aan die daarstelling van gesondheidsdienste (byvoorbeeld ambulanse, tandheekkunde, immunisering, ens.).
- Gesondheidsprogramme wat op jeugdige gerig is (byvoorbeeld dwelmgebruik).

- Gesondheidsdienste beskikbaar by skole (byvoorbeeld tandheelkundige dienste en voedingskemas).
- Beskikbaarheid van gesondheidsdienste in verskillende areas vir skole asook die publiek by openbare klinieke.
- Telefoonnommers van plaaslike gesondheidsdienste moet beskikbaar gemaak word vir elke kind.

6.4 SENIOR FASE

6.4.1 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE SENIOR FASE

Ooreenkomstig die behoeftes wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is, word voorgestel dat die temas en verbesonderde subtemas of leereenhede soos in Figuur 6 uiteengesit, in hierdie fase behandel.

6.4.2 UNIEKHEID VAN DIE MENS

Spesifieke Uitkomst:


Leerders moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

a. 'n Soeke na 'n ware eie identiteit met betrekking tot die volgende

- Fisieke self/liggaamlike self.
- Affektiewe self/emosionele self.
- Kognitiewe self/denkende self.
- Sosiale self/gesin-, kerk-, skool- en gemeenskapsverband.
- Normatiewe self/wil-en strewingslewe.
- Seksuele self/seun of meisie.

b. Selfkennis en Selfkonsep

Figuur 6: Skematiese voorstelling van die Senior Fase



c. Waardering van eie uniekheid en die uniekheid van ander

- Eienskappe wat elke individu uniek maak.
- Assessering van eie vermoëns deur identifisering van sterk- en swak punte in eie persoonlikheid.
- Herken ander se unieke eienskappe en reageer op positiewe eienskappe.
- Hoe om 'n kompliment te gee en die noodsaaklikheid daarvan.
- Selfontwikkeling as 'n kontinue en lewenslange proses.
- Strategieë vir selfontwikkeling.

d. Gesindhede

- Die rol van my opvoeding in die vorming van my gesindheid.
- Wie is verantwoordelik vir my gesindheid?
- Hoe beïnvloed my gesindheid die wêreld rondom my?
- Hoe beïnvloed my gesindheid die wêreld se reaksie teenoor my?
- Hoe kan ek van 'n negatiewe gesindheid na 'n positiewe gesindheid verander?
- Wat is die voordele van 'n positiewe gesindheid?

e. Die verband tussen verskillende aspekte (liggaamlik, verstandelik, emosioneel en geestelik) in die ontwikkeling van 'n gebalanseerde individu.

- Die geïntegreerde aard van die mens as 'n totale wese.

6.4.3 VERHOUDINGS

Spesifieke Uitkomstes:

Leerdere moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudinge in die gesin, groep en gemeenskap sal bevorder.

Leerdere moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in UBUNTU en ander soortgelyke filosofieë reflekteer.

a. Verhoudings binne die gesin

(i) Verhoudings, rolle en verantwoordelikhede in die gesin

- Verskillende soorte verhoudings wat tussen gesinslede bestaan.
- Die veranderende rolle van gesinslede.
- Die effek van veranderende rolle op verhoudings binne die gesin.
- Die verantwoordelikheid van elke gesinslid om 'n bydrae tot gesinsgeluk te lewer.

(ii) Faktore wat onderlinge verhoudings in die gesin beïnvloed

- Ouderdom van gesinslede.
- Geslag.
- Verskille in ouers se hantering van kinders.
- Posisie in die gesin (jongste, middelste- of oudste kind)
- Aantal kinders in die gesin.

(iii) Spanning binne die gesin

- Moontlike oorsake byvoorbeeld gebrek aan respek, ontoereikende kommunikasie, selfsugtigheid, gebrek aan vertroue, jaloesie, onbetroubaarheid, oneerlikheid, leuens.
- Moontlike gevolge van onopgeloste spanning in die gesin.
- Spanning tussen ouers.
- Die hou van vergaderings om spanning te verminder, begrip en samewerking te bevorder.
- Ontwikkeling van 'n gedragskode.

(iv) Houdings en waardes wat nodig is vir goeie interpersoonlike verhoudings

- Selfrespek, respek vir ander, eerlikheid, lojaliteit, respek vir privaatheid, betroubaarheid, verdraagsaamheid.

(v) Vaardighede wat nodig is vir die instandhouding van goeie interpersoonlike verhoudings

- Kommunikasie, besluitneming, onderhandeling, probleemoplossing en selfhandhawing.

b. Verhoudings met maats

(i) Vriendskap

- Verantwoordelike verhoudings met albei geslagte.

(ii) Uitgaan

- Meer as gewone vriendskap, meer emosionele betrokkenheid.

(iii) Vas uitgaan

- Keuse van 'n maat, voorkeur vir 'n spesifieke maat, verlief raak, liggaamlike aangetrokkenheid, grense vir gedrag.

(iv) Die belangrikheid van vriende

- Behoeft om minder afhanklik te wees van ouers (ontwikkelingstaak).
- Betekenisvolheid van vriende vir die deel van gevoelens, fantasieë, ervarings, verwarde emosies en twyfel.
- Sterk behoefte vir aanvaarding by portuurgroep.

(v) Eienskappe van goeie vriendskap

- Vertroue, lojaliteit, selfhandhawing, opregtheid, begrip, mededeelsaamheid, betroubaarheid, aanvaarding, welwillendheid, openhartigheid, respek, eerlikheid, verantwoordelikheid, integriteit.

c. Verhoudings met die teenoorgestelde geslag

(i) Tipes liefdesverhoudings

- Aanvaar jousef (selfkennis en positiewe selfkonsep).
- Vriendskapsliefde (mededeelsaamheid, besorgdheid en kommunikasie).
- Romantiese liefde (hartstogtelike, sentimentele liefde – vroeg in 'n verhouding).
- Sekuriteitsliefde (voldoen aan behoefte om te behoort – sluit besorgdheid en beskikbaarheid in).
- Onvoorwaardelike liefde (volle aanvaarding van 'n persoon as uniek en waardevol).
- Seksuele liefde (verhouding waarby seksuele omgang betrokke is).



(ii) *Uitgaan as 'n aanvaarbare manier om lede van die teenoorgestelde geslag te leer ken*

- Die doel van uitgaan.
- Oorwegings by uitgaan byvoorbeeld ouderdom, in groepe of pare, waarheen, keuse van 'n maat, goedkeuring van ouers, ensovoorts.
- Etiket by uitgaan.
- Gehoorsaamheid van huisreëls.

(iii) *Vas uitgaan*

- Voordele van vas uitgaan.
- Nadele van vas uitgaan.
- Verbreking van die verhouding.
- Hantering van die gevoel van verwerping wanneer 'n verhouding beëindig word.
- Fases - skok en ontkenning, kwaad en depressief, begrip en aanvaarding.
- Nakoming van norme (grense vir gedrag) ten opsigte van vas uitgaan. Vryheid verg groter verantwoordelikheid.

d. Gehoorsaamheid van reëls van ouers ten opsigte van

- Tyd.
- Kleredrag.
- Bedagsaamheid.
- Gedrag.
- Selfhandhawing
 - Reg op privaatheid.
 - Reg om “nee” te sê.
 - Hantering van eie gevoelens.
 - Bewustheid van ander se vermoëns.
 - Agting vir ander.

e. Verantwoordelike seksuele besluitneming

Die volgende wenke kan in ag geneem word:

- Wees seker van jou oortuigings en reageer daarvolgens.
- Oorweeg die keuses tot jou beskikking.
- Ondersoek die gevolge van elke keuse wat jy kan maak.
- Jy moet met die gevolge van jou keuse kan lewe.
- Vra 'n betroubare persoon vir raad en hulp.

f. Die gevolge van onverantwoordelike besluitneming met betrekking tot voorhuwelikse seksuele verhoudings

- Skuldgevoelens.
- Teleurstelling.
- Berou.
- Kommer.
- Swangerskap.
- Seksueel oordraagbare siektes.

g. Vrae wat besluitneming vir seksuele gedrag beïnvloed

- Waarom wil ek nou by seks betrokke raak?
 - Bewys van liefde?
 - Wil ek my geliefde behou?
 - Vereis die portuurgroep dit?
- Is tienerseks reg of verkeerd en waarom?
- Hoe sal ek die volgende dag voel?
 - Skuldig?
 - Skaam?
 - Teleurgesteld?
 - Bekommerd?
- Hoe sal ek voel as my ouers van my seksuele gedrag weet?
- Hoe sal my ouers reageer indien hulle van my seksuele gedrag weet en hoe sal ek dit hanteer?
- Hoe goed ken ek my maat?
- Hoe lank duur ons verhouding?
- Het ons ooreengekom dat seks deel is van ons verhouding?
- Het ons voorbehoeding oorweeg?

- Wat is die moontlike gevolge indien ons nou seksueel aktief sou raak?
- Het ek toereikende inligting oor seks?
- Is ek seker dat ek nie deur my maat blootgestel sal word aan seksueel oordraagbare siektes of HIV/VIGS nie?

h. Menseregte en demokrasie

Hersien toepaslike inhoud uit die vorige fase.

- Selfhandhawing, maar nie ten koste van ander nie.
- Betekenis van die begrip *demokrasie* (om aan ander te doen wat jy aan jouself gedoen wil hê).
- Die betekenis van die woord *respek*.
- Die begroning van die woord *respek* in die tema Menseregte en demokrasie.

6.4.4 DIE HUWELIK

Spesifieke Uitkomstes:

Leerdere moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin verbeter.

Leerdere moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerdere moet die reg van mense om hulle eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

Leerdere moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Keuse van 'n huweliksmaat

Oorweeg die volgende:

- Waardes
 - Lojaliteit, betroubaarheid, verantwoordelikheid, respek, eerlikheid, ensovoorts.
- Liefde

- Onvoorwaardelike aanvaarding ongeag tekortkominge en gebreke.
- Persoonlikheidsaspekte
 - Kennis van die mens as persoon.
- Kulturele verskille, byvoorbeeld taal.
- Intellektuele ontwikkeling
 - Die ander persoon behoort op dieselfde intellektuele vlak te wees.
- Religieuse verskille
- Sosio-ekonomiese status
 - Te groot verskil kan 'n bedreiging inhou wat aanpassing tussen lewensmaats, familie en skoonfamilie bemoeilik.
- Versoenbaarheid ten opsigte van gewoontes, belangstelling en temperament.

b. Beskouings oor die huwelik

- Religieuse beskouing teenoor sekulêre beskouing (byvoorbeeld die huwelik is uitgedien, die huwelik het 'n groter kans op sukses as daar 'n proefhuwelik was).
- Kulturele beskouings.

c. Wese van die huwelik

Huweliksgemeenskap is alomvattend:

- Lewensgemeenskap tussen man en vrou.
- Uitdrukking van ware liefde gerig op wedersydse insette.
- Aanvulling van mekaar.
- Formele ooreenkoms, wettig bekragtig in die openbaar.
- Die huwelik is 'n lewenslange verbintenis.
- Die huwelik kan monogaam of poligaam wees.
- Getrouheid in die huwelik hetsy monogaam of poligaam.

d. Die doel van die huwelik

- Universeel die bakermat van 'n volk.
- Skepping van 'n huis en tuiste vir die gesin wat moet dien as veilige hawe vir kinders.
- Geestelike aanvulling tussen man en vrou.
- Behoort te dien as versterking, inspirasie en bemoediging.
- Prokreasie.

e. Huweliksimbole

- Huwelikspand, byvoorbeeld ringe of 'n halssnoer.
- Huwelikeremonie (verskillende kulture).
- Troudrag.
- Belangrike sosiale fees.

f. Vorme van huwelike

(i) Wettige huwelike/tradisionele huwelike

Onderliggende reëls vir die huwelik by verskillende kulture, byvoorbeeld lobola.

(ii) Sosiale vorme van die huwelik

- Seksuele eksklusiwiteit. Seksuele verhouding is nie 'n vereiste nie.
- Persone betrokke het 'n ekonomiese verhouding met 'n onderlinge reëling van hoe hulle inkomste gebruik word.
- Daar is 'n ooreenkoms oor die gemeenskaplikheid of eksklusiwiteit van hulle bates, dienstes, verbruikbare goedere, ensovoorts.
- Persone betrokke is wedersyds ondersteunend en interafhanklik.

g. Verantwoordelikhede wat met die huwelik gepaard gaan

Die huwelik is 'n lewenslange verbintenis met die verantwoordelikheid om

- mekaar lief te hê en te versorg.
- eerlik en getrou teenoor mekaar te wees.
- gevoelens en gedagtes met mekaar te kommunikeer.

- verskille en konflik rasideel te hanteer.
- die rol en funksie van 'n man/vader of vrou/moeder ernstig op te neem en te vervul.

h. Aspekte wat die huweliksverhouding beïnvloed

- Familie en agtergrond van huweliksmaats.
- Selfkonsep (selfaanvaarding dra by tot aanvaarding en liefde vir ander).
- Keuse van 'n huweliksmaat. Hersien keuse van 'n huweliksmaat in paragraaf 6.4.4a van hierdie hoofstuk.
- Redes vir die huwelik. Kyk ook redes vir tienerhuwelike in paragraaf 6.4.4j van hierdie hoofstuk.
- Gesag en besluitneming binne die huwelik.
- Kommunikasie tussen huweliksmaats.
- Wyse waarop konflik hanteer word.
- Wyse waarop die rol van ouerskap vervul word.
- Geld en die bestuur daarvan.
- Eie familie en skoonfamilie.
- Geloof en kerkverband van huwelikspare.

i. Tienerhuwelike

(i) Redes vir onsuksesvolle tienerhuwelike

- Die duurte van die verhouding voor die huwelik is gewoonlik kort.
- Min tieners besef die verantwoordelikheid van ouerskap.
- Tieners is dikwels onvolwasse.
- Ouers se teenkanting teen die huwelik lei tot addisionele konflik.
- Lae inkomste lei tot finansiële onveiligheid.
- Tieners is onvoorbereid en onervare vir die volwasse huwelikswêreld.
- Emosionele onvolwassenheid lei tot onstabiele verhoudings.
- By tienerhuwelike is daar 'n hoë voorkoms van gesinsgeweld en mishandeling.

- Tienerpare wat by ouers inwoon (byvoorbeeld om finansiële redes) geniet minder privaatheid wat aanleiding kan gee tot konflik.

(ii) *Redes vir tienerhuwelike*

- Swangerskap.
- Geforseer deur die ouers.
- Ouerhuis is onuithoudbaar, byvoorbeeld as gevolg van mishandeling.
- 'n Behoeftes aan
 - 'n eie huis.
 - iemand wat hom/haar versorg.
 - sekuriteit.
 - huwelikstatus.
 - kinders.
 - “finansiële sekuriteit”.
 - liefde en intimiteit.
- Eensaamheid.
- 'n Geleentheid tot uitdrukking van liefde of verliefdheid.
- Hertrou van ouers – kind voel oorbodig en in die pad.
- Sterfte van 'n ouer of albei ouers.

6.4.5 GESIN EN GESINSLEWE

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings openbaar wat verhoudings in die gesin en gemeenskap verbeter.

a. Rolbeskouing en rolervulling in die gesin

(i) *Leerders besin oor die volgende*

- Wat is my spesifieke rol in my gesinsituasie?
- Dra my rol by tot beter funksionering van my gesin?

- Hoe kan ek 'n bydrae lewer tot 'n gelukkige gesinslewe?

(ii) *Die gesin*

- Die gesin is 'n sosiale gemeenskap in die klein met lede wat interafhanklik van mekaar is.
- In die gesin kan 'n verskeidenheid rolle aangetref word byvoorbeeld dié van vader, moeder, man, vrou, seun, broer, dogter en suster.
- Elke gesin bestaan uit verskeie persone elk met 'n unieke persoonlikheid en besondere behoeftes. Gesinslede kan daarom oor talle sake meningsverskille hê – wat nie noodwendig onderdruk of ontken moet word nie, maar realisties benader en konstruktief opgelos moet word.
- Gesinne kan ook verskillende vorme aanneem: Kerngesin, enkelouergesin, uitgebreide gesin, hersaamgestelde gesin en alleenkinders. Laat leerders besluit watter hulp en ondersteuning hulle kan bied ter verbetering van gesinsverhoudings in die laasgenoemde gesinsvorme.

(iii) *Rolvervulling in die gesin*

Die volgende blyk belangrik te wees vir elke gesinslid ten opsigte van sy/haar rolbeskouing en rolvervulling in die gesin:

- Wedersydse liefde, eerbied, hulp, opoffering, pligsbesef, erkenning, samewerking en verdraagsaamheid.
- Ouerlike tug, vermaning, leiding en voorbeeld of toonbeeld deur die ouers as gesagsdraers aan die een kant en aanvaarding daarvan deur die kinders as gesagsonderdaniges aan die ander kant.

(iv) *Die rol wat ek kan speel tot beter funksionering van my eie unieke gesinsituasie*

Leerders beantwoord die volgende vraag:

“Wat bied die gesin my?”

Moontlike antwoorde op hierdie vraag is byvoorbeeld:

liefde	huis
beskerming	liefde

geluk	geld
kameraadskap	godsdienst
saamleef	werk
kos	ontspanning
klere	probleme
opvoeding	

Bogenoemde word opgevolg met die volgende vraag:

“Wat verwag my gesin van my?”

Moontlike antwoorde op hierdie vraag is byvoorbeeld

respek	gehoorsaamheid
hulpvaardigheid	saamleef
netheid	hulp
dissipline	goeie maniere
spaarsin	lojaliteit
skoolprestasie	

(v) *Die gesin kan met 'n sportspan vergelyk word*

- Almal moet saamwerk.
- Elkeen moet sy eie rol na die beste van sy vermoë vervul.
- Elkeen moet lojaal wees teenoor die ander gesinslede.
- Elkeen moet voorspoed en teenspoed met mekaar deel.

b. Funksies van die gesin

(i) *Biologiese of reprodktiewe funksie*

Afhanklike kinders wat versorg en opgevoed moet word, word uit 'n huweliksverhouding gebore.

(ii) *Opvoedings- en sosialiseringsfunksie*

Die kind moet in die gesin opgevoed en gesosialiseer word sodat hy kennis, gewoontes en waardes van die samelewing kan internaliseer en toereikend met sy medemens kan saamlewe.

(iii) *Koesterings- of affektiewe funksie*

Onder ideale omstandighede voorsien die gesin aan sy lede die liefdevolle intieme verhoudinge wat noodsaaklik is vir die vervulling van die emosionele- en veiligheidsbehoefte wat elke kind ervaar.

(iv) *Beskermings- en versorgingsfunksie*

Voorsiening van gesondheidsorg, voedsel, kleding, rus en skooling.

(v) *Ekonomies-produktiewe funksie*

Ten einde in die basiese behoeftes van gesinslede te kan voorsien, moet een of albei ouers werk en 'n inkomste verdien.

(vi) *Religieuse funksie*

Die basis van die kind se godsdienstige ervarings en opvattinge word in die eerste lewensjare van die kind binne die gesin vasgelê.

(vii) *Singewingsfunksie*

In die gesin ontdek die kind die sin, betekenis en doel van sy eie lewe en bestaan.

(viii) *Ontspanningsfunksie*

Ouers moet die kind tot sinvolle vryetydsbesteding opvoed.

c. Gesinsreëls

In die gesin is daar sekere reëls wat deur almal gehoorsaam moet word sodat saamwoning vir almal lekkerder kan wees. Die reëls sal van gesin tot gesin verskil. Reëls kan handel oor

- pligte in die huis,
- studietye,
- inkomtye,
- inagneming van ander,
- badtye, of
- netheid.

d. Riglyne by die toepassing van gesinsreëls

- Die gesagsfiguur (ouer) behoort die reël voor te leef.
- Die rede vir die reël moet duidelik wees en so in die gesin verdiskonteer word dat elke gesinslid 'n behoefte aan so 'n reël voel.
- Reëls mag bespreek en gewysig word.

- Daar moet gekontroleer word of die reëls nagekom word.
- Reëls moet ferm, regverdig, eerlik en gesagsdraend wees.
- Reëls moet konsekwent toegepas word.
- Reëls mag by omstandighede aangepas word.
- Reëls moet by die ouderdom van die kind aangepas word.
- Verbreking van reëls moet onomwonde afgekeur word.
- Kalmte en geduld moet geld by die toepassing van reëls.
- By reëls waarin almal 'n aandeel het, word makliker gehou.
- Reëls moet geïnternaliseer word.

e. Houdings en waardes by rolbeskouing en rolvervulling in die gesin

- Respek vir die self en ander, aanvaarding, begrip vir andersheid, werklike belangstelling.
- Geduld en aanvaarding van ander soos hulle is.
- Vriendelikheid en hulpvaardigheid.
- Lojaliteit en eerlikheid teenoor gesinslede.
- Aanvaarding van verantwoordelikheid vir eie rolvervulling.
- Toewyding aan eie gesinsrol – volharding (begeerte om klaar te maak wat aangepak word).

f. Vaardighede

(i) Kommunikasie

Doeltreffende kommunikasie tussen gesinslede wat insluit

- vrymoedigheid om gedagtes en gevoelens uit te spreek.
- duidelike kommunikasie.
- kommunikeer gevoelens van woede (woede is altyd 'n sekondêre emosie – maak 'n mens kwaad).
- liefde en waardering vir mooi eienskappe in mekaar wat weer verhoudings positief beïnvloed.

(ii) Selfhandhawing

- Bewus wees van eie regte, maar respekteer ander se regte.
- Spreek gevoelens en wense eerlik uit.
- Wees sensitief vir ander se gevoelens.

(iii) *Onderhandeling*

Onderhandel met betrekking tot aangeleentede wat verband hou met verantwoordelikhede en gesinsrolle.

(iv) *Konflikhantering*

Hanteer konflik en gebruik bogenoemde vaardighede om argumente op te los.

(v) *Probleemoplossing*

Analiseer probleme wat met gesinsrolle verband hou, genereer moontlike oplossings en antisipeer maniere waarop dit geïmplementeer kan word.

6.4.6 INVLOED VAN MAATSKAPLIKE DRUK OP DIE GESIN

Spesifieke Uitkomstes:

Leerdere moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin en gemeenskap verbeter.

Leerdere moet beroeps- en ander geleentede evalueer en doelwitte stel om hulle potensiaal en talente te ontwikkel.

a. Gesinsveranderinge en –probleme: Gesin onder maatskaplike druk

- Ekonomiese druk.
- Emansipasie van die vrou.
- Toenemende beroepseise.
- Dubbelinkomstegesinne kan lei tot
 - verskraling van gesinsbindinge.
 - opvoedingsverwaarlosing.
 - verskraling van ouers se opvoedingstaak en verantwoordelikheid.
 - toenemende huweliks- en gesinsontwrigting.
 - afwesige en of te besige vader en/of moeder.
 - soeke na materiële welvaart en status.

- werkoorslading en fisiese uitputting as gevolg van dubbele verantwoordelikhede (beroepsrol en huweliksrol).
- veelvuldige- en botsende rolle en verantwoordelikhede (beroepsrol, huweliksrol, gemeenskapsrol, opvoedingsrol).
- ontoereikende gesinskommunikasie.
- ontoereikende vervulling van gesinsfunksies.
- verskuiwing van gesinsfunksies na persone en instansies buite die gesin.
- plaasvervangende versorging van kinders.
- gebrekkige tydsbesteding, kwaliteit tyd en kwantiteit tyd.

b. Moontlike positiewe gevolge van dubbelinkomste gesinne

- Ekonomiese voordele.
- Groter samewerking van gesinslede en selfstandigwording van kinders.
- Taakverdeling, verdeling van verantwoordelikheid.
- Ouers is rolmodelle van harde werk, sorgsaamheid en beplanning.

c. Gesinsaanpassings

- Aanvaarding van en erkenning vir beroepsprestasies van man en vrou.
- Onderlinge verdeling van verantwoordelikhede en take om mekaar te akkommodeer.
- Deel van verantwoordelikheid.
- Oorvleueling van tradisionele rolle - pa was skottelgoed.
- Tydsbenutting - groter oordeelkundigheid en fyner beplanning.
- Verdeling van ouerlike verantwoordelikhede.

6.4.7 KONFLIK IN DIE GESIN

Spesifieke Uitkomstes:

Leerdere moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin verbeter.



Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet die reg van mense om hul eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

a. Konflik tussen gesinslede

Gesinslede kan verskil van mekaar.

Daar kan konflik tussen gesinslede wees. Leerders kan voorbeelde noem.

- Pa - ma
- Pa - seun
- Pa - dogter
- Ma - seun
- Ma - dogter
- Broer - suster
- Broer - broer
- Suster - suster

b. Sinvolle hersiening van die oorsake van konflik in die Intermediêre Fase

c. Hantering van konflik

- Identifiseer die probleem.
- Wees spesifiek wanneer die probleem aanhangig gemaak word.
- Wees kalm en vermy sarkasme.
- Wees sensitief vir eie sowel as ander se gevoelens.
- Gee genoeg tyd om te luister en om jou kant van die probleem te stel.
- Stel die bespreking uit tot later indien albei partye baie gespanne is.
- Wees probleem- en saakgerig en nooit persoonsgerig nie.
- Wend 'n poging aan om tot 'n vergelyk te kom.
- Soek saam na moontlike oplossings vir die probleem.
- Neem en voer besluite saam uit.



d. **Sinvolle hersiening van houdings en waardes wat gesinskonflik moontlik sal verminder in die Intermediêre Fase**

e. **Gesinsgeweld**

(i) *Tipes gesinsgeweld*

- Geweld tussen ouers.
- Liggaamlike aanranding/besering (slaan, brand, byt, ens.)
- Ouermishandeling.
- Emosionele verwaarlosing – aanhoudende beskuldiging, verkleinering, skel en verwerping van gesinslede onderling.
- Seksuele mishandeling.

(ii) *Hantering van gesinsgeweld*

- Moet nie argumenteer met 'n persoon wat onder die invloed van drank of dwelms is of in 'n toestand van uiterste woede verkeer nie.
- Stem saam met die onaanvaarbare uitsprake van die persoon as dit nodig is, byvoorbeeld as jou lewe bedreig word (dit is nie waar nie, maar deur saam te stem word geweld voorkom).
- Probeer om nie alleen met die mishandelaar te wees nie.
- In die geval van ernstige gevaar kan die Polisie by 10111 of Kinderlyn by 0800 123 321 gekontak word.

6.4.8 KINDER-SEKSUELE MISHANDELING

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet hulself verstaan as uniek en waardevol.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Sinvolle herhaling van kindermishandeling in die Intermediêre Fase

b. Vorme van kinder-seksuele mishandeling

- Bloedskande is geslagsgemeenskap tussen bloedverwante wat volgens die wet nie met mekaar mag trou nie.
- Pedofilie vind plaas wanneer volwassenes seksueel met kinders verkeer.
- Verkragting is die opsetlike, onwettige seksuele gemeenskap met 'n dogter sonder haar toestemming.
- Statutêre verkragting verwys na geslagsgemeenskap tussen volwassenes en kinders onder die ouderdom van 16 jaar.
- Sodomie verwys na anale gemeenskap tussen twee manlike persone.
- Seksuele molestering is die onbehoorlike betasting, streling of soen van die kind.
- Ontbloting vind plaas wanneer 'n volwasse man sy geslagsdele aan meisies, seuns en vroue ontbloot.
- Kinderpornografie verwys na die organisering en fotografering deur stil-, video- of filmproduksie van enige situasie waarby kinders in seksuele handeling betrokke is met anders kinders, volwassenes of diere vir kommersiële of persoonlike doeleindes.
- Kinderprostitusie kom voor wanneer kinders (seuns sowel as meisies) in seksuele daade betrek word met die oog op wins.
- Koppelaarj kom voor wanneer ouers hulle kinders by seksuele daade betrek met die oog op wins.

c. Moontlike oorsake van kinder-seksuele mishandeling

- Die dader was as kind dikwels self seksueel mishandel.
- Die dader het persoonlikheidsgebreke, byvoorbeeld die volgende bloedskandelike persoonlikheidstipes:
 - Die introvertiese persoonlikheid – hierdie persoon is sosiaal geïsoleerd en emosioneel baie afhanklik van sy gesinslede.
 - Die psigopatiese persoonlikheid – 'n persoon wie se promiskuiteit ook seksuele kontak met sy kinders insluit.

- Die psigoseksueel onvolwassene – ’n persoon met pedofiliese neigings wat seksueel by sy eie en/of ander kinders betrokke raak.
- Die kind se kleredrag is seksueel uitlokkend.
- Gebroke huwelike, enkelouergesinne, saamblyvriende en tweede huwelike kan die risiko vir intra-familiale seksuele mishandeling verhoog.
- Gesinne met ’n geslote sosiale bestaan. Die sosiale geslotenheid van die gesin kan die risiko van bloedskandelike verhoudings vergroot.
- Alkoholisme en werkloosheid.

d. Sinvolle herhaling van vaardighede, houdings en waardes wat in die Intermediêre Fase behandel is

6.4.9 ALKOHOL- EN/OF DWELMMISBRUIK IN DIE GESIN

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

Leerders moet die reg van mense om hulle eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet waardes en houdings demonstreer wat benodig word vir ’n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

a. Invloed van alkohol- en/of dwelmmisbruik op die gebruiker

- A-sosiale gedrag.
- Aggressie.
- Skuldgevoelens.
- Minderwaardigheidsgevoelens.
- Swak selfbeeld.
- Verlies aan selfrespek.



- Werkloosheid.
- Beskadiging van senuweestelsel.
- Geheue-verlies en gebrek aan konsentrasie.
- Belemmering van toekomsplanne, beroep en interpersoonlike verhoudinge binne en buite die gesin.

b. Invloed van alkohol- en/of dwelmmisbruik op die gesinslewe

- Ontoereikende interpersoonlike verhoudings.
- Ontoereikende opvoedingsverhoudings en huweliksverhoudings.
- Gebrekkige kommunikasie.
- Gebrek aan liefde.
- Gebrek aan respek.
- Opvoedingsverwaarlosing.
- Kindermishandeling (seksuele misbruik, liggaamlike aanranding, emosionele verwaarlosing en fisiese verwaarlosing).
- Gesinsgeweld (aanranding van huweliksmaat en kinders).
- Gesinskonflik (rusies).
- Wanbesteding van inkomste.
- Werkloosheid en armoede.
- Verlies aan sekuriteit.
- Verbrokkening van gesinsbande.
- Afname van gesamentlike gesinsaktiwiteite.
- Gebrekkige toekomsvisie.

c. Invloed van alkohol- en/of dwelmmisbruik op die werksituasie

- Verlaagde produktiwiteit.
- Afwesigheid.
- Laat by die werk.
- Alkohol- en/of dwelmmisbruik voor en tydens werkure.
- Afdanking.
- Verminderde inkomste.
- Werkloosheid.

d. Faktore in die gesinslewe wat aanleiding kan gee tot alkohol- en/of dwelmmisbruik by kinders

- Navolging van negatiewe en skadelike ouerlike gedragpatrone.
- Oormatige drankgebruik.
- Identifikasie met 'n ouer wat drank- en/of dwelms misbruik.
- Negatiewe klimaat en onenigheid in die gesin.
- Outoritêre en afwysende ouerlike opvoedingstyle.
- Prestasiebehepte ouers en perfeksionistiese, onrealistiese verwagtinge van kinders.
- Gebrekkige aanvaarding en geborgenheid binne gesinsverband.
- Aggressiwiteit, impulsiwiteit, baasspelerigheid en ander tradisioneel manlike gedragpatrone binne gesinsverband wat met drank- en/of dwelmmisbruik geassosieer word.

e. Ander faktore wat kan bydra tot alkohol- en/of dwelmmisbruik by kinders

- Gebrekkige of nie-konstruktiewe vryetydsbesteding.
- Reklamering wat verband hou met alkoholgebruik as norm vir volwasseheid, gesofistikeerdheid en sosiale noodwendigheid.
- Lae selfkonsep en gebrekkige eie identiteit.
- Onvermoë tot sosiale inskakeling in groepsverband.
- Sosiale vervreemding en isolasie.
- Onregverdigde etikettering.
- Gebrekkige kennis ten opsigte van die gevare verbonde aan onverantwoordelike alkoholgebruik.
- Ontoereikende opvoeding en aanleer van lewensvaardighede, bv. die maak van selfstandig verantwoordbare keuses.
- Opvoedingsverwaarlosing en aandagsoeke.
- Posing tot selfregverdiging.
- Die “in-sindroom” binne groepsverband.
- Negatiewe portuurgroepbeïnvloeding.
- 'n Oorgeërfde geneigdheid tot alkoholmisbruik.
- Posing tot selfhandhawing in toenemende-komplekse omstandighede.



- Beperkte selfbeheersing.
- Probleme om intieme verhoudinge te vestig en in stand te hou.
- Onsekerheid ten opsigte van waardes, prioriteite en doelstellings.
- Onvermoë tot standpuntinname.
- Onsekerheid ten opsigte van eie emosies en innerlike belewinge.
- Fisieke en/of psigologiese mishandeling binne gesinsverband.
- Reaksie teen negatiewe en onregverdige ouerlike optrede teenoor die kind.

f. Instansies wat hulp kan verleen

- Moet nie huiwer om die probleem met 'n opvoeder of enige ander betroubare volwassene te bespreek nie.
 - Die volgende instansies kan hulp verleen:
 - Alkoholiste Anoniem
 - SANRA
 - FAMSA
 - Kinderbeskermingseenheid
 - Kinderlyn
 - Maatskaplike werkers, predikante, onderwysers
- Telefoonnommers en adresse moet aan leerlinge verskaf word.

6.4.10 EGSKEIDING

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin verbeter.

a. Moontlike oorsake van egskeiding

- Onvoorbereid vir die huwelik.
- Geestelike onvolwassenheid van een of beide huweliksgenote.
- Onrealistiese of botsende huweliksverwagtinge (of rolverwagtinge).

- 'n Onrealistiese, romantiese beeld van die huwelik.
- Die invloed van verskillende agtergronde en waardesisteme.
- Die inmenging van ouers, skoonouers en familie in die huwelik.
- Onvermoë en/of onwilligheid om te volhard.
- Egskeiding word sosiaal meer aanvaarbaar.
- Tienerhuwelike: trou te jonk.

b. Wetlike implikasies van egskeiding

- Koste-aspek.
- Toesig oor minderjarige kinders.
- Herverdeling van eiendom/besittings.
- Onderhoud.

c. Moontlike gevolge van egskeiding

- Gesinstruktuur verander.
- Verandering in die rol van die ouers met betrekking tot die gesinslewe.
- Moontlike verandering van woonplek.
- Finansiële implikasies.
- Hertroue en aanpassing by stieffamilie.
- Verlies aan sekuriteit.
- Sosiale status van gesin is in die gedrang.
- Invloed op die ontwikkeling van die minderjariges.

6.4.11 HANTERING VAN TRAUMA

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Soorte traumatiese situasies of ervarings

Die opvoeder behoort in hierdie fase aan die leerders die geleentheid te bied om soorte traumatiese situasies of ervarings te kan identifiseer en te verbaliseer aan die hand van die onderstaande voorbeelde:

(i) Verlies

- 'n troeteldier (byvoorbeeld dood, wegraak).
- 'n familielid (byvoorbeeld dood, selfmoord, verhuising van niggie, neef, oom, tante).
- 'n ouer (byvoorbeeld dood, huisverlating, gevangenisstraf, egskeiding).

(ii) Teleurstelling

- Beëindiging van 'n vriendskap/uitmaak van 'n vaste verhouding.
- Verbreekte belofte.
- Dislojaliteit.
- Persoonlike-/gesinsmislukking.

(iii) Onsekerheid/verwardheid

- Gaan my ouers skei of baklei hulle net?
- Sal my pa/ma gesond word of gaan hy/sy sterf?
- Gaan my ma/pa die operasie oorleef?
- Gaan ons ons huis verloor?
- Gaan ek slaag of druip?
- Gaan my troeteldier gevind word of is hy dalk dood?
- Is dit my skuld dat hy/sy selfmoord gepleeg het?
- Moet ek hulp soek of sal dit my gesin verbrokkel?

(iv) Langtermyn stressituasies in die gesin

- Alkoholmisbruik.
- Egskeiding.
- Verwerping.
- Aanvaarding/verwerping van stiefouers, stiefbroers, stiefsusters.

b. Hantering van trauma

(i) Kognitief

- Verstaan die aard van die trauma (byvoorbeeld dood, besering, verlies).
 - Analiseer die probleem en bedink alternatiewe handelingswyses.
 - Besluit om positief op te tree (wees 'n wenner, jy kan sterker word).
- (ii) *Emosioneel*
- Gee uiting aan gevoelens deur daaroor te praat. (Jy mag huil).
 - Wees geduldig.
 - Aanvaar die trauma as 'n onvermydelike lewenswerklikheid.
 - Gun jouself rou tyd en tyd om te herstel.
 - Jy is in beheer van jou eie gevoelens.
- (iii) *Fisiek*
- Kweek ander belange en hou jouself besig – werk harder.
 - Oefen, neem deel aan klub-/sportaktiwiteite, beoefen 'n stokperdjie.
 - Vermy selfbejammering en ontvlugting deur besig te bly.
- (iv) *Geestelik/religieus*
- Bid oor die probleem, aanvaar die onvermydelike en glo en vertrou dat jou God jou sal help om die probleem te oorkom.

6.4.12 HANDHAWING VAN 'N GESONDE EN GEBALANSEERDE LEWENSTYL

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet waardes en houdings demonstreer wat benodig word vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

- a. **Voorbeelde van siektes wat met ongesonde lewenstyle verband kan hou**
- Millites Diabetes (suikersiekte), hartprobleme, hipertensie, Tuberkulose, seksueel oordraagbare siektes.
 - Voorkomende maatreëls vir bogenoemde siektes.

b. MIV EN VIGS

- Betekenis van MIV en VIGS.
- Oordrag van MIV/VIGS (seksueel, bloedoortapping, gesamentlike gebruik van ongesteëliseerde naalde, swangerskap).
- Gevolge van MIV/VIGS vir die persoon wat besmet is (byvoorbeeld mediese gevolge), sy of haar familie, die gemeenskap (byvoorbeeld sosiale gevolge) en die land se ekonomie.
- Ondersteuning van maats/personne met MIV/VIGS.
- Belangrikheid van doelwitstelling ten opsigte van 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.
- Name en telefoonnommers van beskikbare ondersteuningsdienste.
- Vaardighede vir voorkoming van MIV/VIGS (byvoorbeeld veilige gedrag, selfhandhawing, besluitneming, onderhandeling, kommunikasie).
- Houdings en waardes wat blootstelling en infektering kan voorkom (byvoorbeeld selfrespek en respek vir ander, die belangrikheid van persoonlike verantwoordelikheid).

c. Aanvaarding en hantering van veranderinge tydens puberteit

- Fisieke, emosionele, sosiale, geestelike en intellektuele veranderinge as die uitkoms van groei en ontwikkeling tydens puberteit.
- Verskille by individue met betrekking tot die aanvang en tempo van groei en ontwikkeling.
- Invloed van genetiese en omgewingsfaktore (byvoorbeeld erflike eienskappe, dieet, oefening, rook, dwelm-en/of alkoholgebruik) op groei en ontwikkeling.
- Kulturele verskille met betrekking tot puberteit.
- Positiewe aanvaarding van liggaamsveranderinge.
- Vaardighede (byvoorbeeld besluitneming, selfhandhawing) en houdings en waardes (byvoorbeeld selfrespek, respek vir ander, verantwoordelikheid) vir effektiewe hantering van veranderinge ook emosionele veranderinge.
- Seksuele oriëntering, manlikheid en vroulikheid.

6.5 VERDERE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSBAND

6.5.1 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN TEMAS IN DIE VERDERE ONDERWYS- EN OPLEIDINGSBAND

Ooreenkomstig die behoeftes wat in Hoofstuk 2 geanaliseer is, word voorgestel dat die temas en verbesonderde subtemas of leereenhede soos in Figuur 7 uiteengesit, in hierdie fase behandel moet word.

6.5.2 UNIEKHEID VAN DIE MENS

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

a. Selfkennis en selfbeeld

Oorsigtelike herhaling van relevante voorgestelde programinhoud vir die Senior Fase.

b. Realisering van eie unieke moontlikhede


- Verantwoordelikheid om die eie potensiaal te realiseer.
- Die fundamentele reg van elke individu om die nodige geleenthede tot selfverwesenliking en optimalisering te benut.
- Die fundamentele plig van elke individu om van daardie geleenthede die beste moontlike gebruik te maak.
- Die nastreef van selfverwesenliking.

c. Psigiese self

(i) Affektiewe dimensie

- Kenmerke van emosionele intelligensie, byvoorbeeld selfbeheersing.

Figuur 7: Skematiese voorstelling van die Verdere Onderwys-en Opleidingsband





- Inagneming van ander se gevoelens en behoeftes en my reaksie daarop.
- Hantering van emosies.
Toereikende hanteringswyses vir verskillende emosies bv. teleurstelling, stres, vrees/angs, woede, aggressie, jaloesie, depressie, hartseer, geluk en liefde. Aandag moet veral geskenk word aan die hantering van terg, uitlokking en versoeking.
- Gevoelens is nie reg of verkeerd nie. Ook kinders mag negatiewe sowel as positiewe gevoelens ervaar. Hanteringsvaardighede vir positiewe sowel as negatiewe gevoelens moet aangeleer word.
- Adresse en telefoonnommers van plaaslike instansies en persone wat hulp met betrekking tot persoonlike probleme verleen, moet verskaf word.

(ii) *Konatiwew dimensie*

- Die ontwikkeling en vestiging van 'n positiewe wilsingesteldheid: ek wil, ek kan.
- Belangrikheid van die “noumoment”.
- Formulering en koestering van ideale vir die toekoms.
- Begrip van die toekomsdimensie en eie aandeel en verantwoordelikheid in die skepping en vervulling daarvan.
- Nastrewing en formulering van reekse doelstellings.

d. Sosiale self

- Die gesin as die eerste sosiale groep – die mens se ingebore affiliasiebehoefte en kuddedrang.
- Die gesin as oefenskool vir die lewe.
- Wegbeweeg van die gesin – die kind waag dit na buite.
- Sosiale oriëntering in 'n veranderde en veranderende multikulturele sosiale leefwêreld in die skool, asook na skool in die samelewing.
- Sosiale gebruike wat saamwees in die gesin bevorder.

- Sinvinding en singewing. Ek is nie net vir myself verantwoordelik nie, maar ook vir ander. Ek kan 'n verskil maak om van die wêreld 'n beter plek vir almal te maak.
- Sosiale sensitiwiteit en sosiale intelligensie. Aanvoeling in 'n situasie en aanpassing van gedrag by vereistes van situasies.

e. Die waardeself

- Formulering van 'n lewensfilosofie.
- Die kind moet beskik oor 'n religieuse grondhouding as 'n gewetensaak soos gegrond in die aanvaarding van godsdienstig sedelike norme.
- Etiese waardes – dit wat mooi en goed en behoorlik is.
- Die belangrikheid van verantwoordelikheid by die neem van moreel etiese keuses.
- Selfhandhawing.

6.5.3 VERHOUDINGS

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudinge in die gesin, groep en gemeenskap sal bevorder.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Verhoudings binne die gesin

- Die rol en taak van seuns en dogters om die gesin hefter te bind, wedersydse respek, betrokkenheid, lojaliteit, toewyding en onderlinge verbondenheid te bevorder.
- Verantwoordelikheid van elkeen om 'n bydrae te lewer tot 'n gelukkige gesinslewe.
- Saamlewe beteken ook om van myself te gee.
- Ek kan 'n verskil maak.

b. Verhoudings buite die gesin

- Vaardighede vir die stigting, ontwikkeling en instandhouding van verhoudings ten opsigte van die teenoorgestelde geslag, ander volwassenes, onbekende persone, minderes en gesagsfigure (kyk *Vaardighede* in die Senior Fase).
- Negatiewe invloede op verhoudings, byvoorbeeld jaloesie, besitlikheid, misgunning van lewensruimte, afguns, oneerlikheid, ensovoorts.

c. Aanleer van vaardighede ten aansien van multikulturele verhoudinge

- Sensitiwiteit teenoor sowel die eie as ander se oortuigings en kulturele waardes, byvoorbeeld taal, tradisies, kunste, ensovoorts.
- Vermydning van vooroordeel, stereotipering en rassisme.

d. Waardes en kwaliteite wat nodig is om verhoudings te bevorder

- Vriendelikheid, betroubaarheid, wedersydse hoflikheid, respek, aanvaarding, geregverdigde kritiek, lojaliteit, verdraagsaamheid, eerlikheid, ensovoorts.

e. Menseregte en demokrasie

- Statutêre begroning van menseregte en demokrasie in die Grondwet van Suid-Afrika.
- Praktiese toepassing van menseregte en demokratiese beginsels in die uitlewing van die Ubuntu-filosofie.
- Maniere om gemoedelikheid en samewerking tussen mense en kulture te bevorder.
- Soorte respek.

6.5.4 VOORHUWELIKSE VERHOUDINGS

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin, groep en gemeenskap verbeter.

Leerders moet lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet waardes en houdings demonstreer wat benodig word vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

- a. **Sinvolle herhaling van die tema “Verhoudings met die teenoorgestelde geslag” in die Senior Fase**
- b. **Verlowing as voorstadium tot die huwelik**
 - Die doel met verlowing.
 - Finale oorweging as lewensmaats.
 - Verloof wees is nie getroud wees nie.
 - Tydsduur van die verlowing:
 - Voor- en nadele van 'n te kort of te lang verlowingstydperk.
 - Verbreking van 'n verlowing: oorsake en gevolge.
- c. **Geestelike/fisieke volwassenheid as voorvereiste vir gereedheid vir die huwelik**
- d. **Proefhuwelike**
 - (i) *Redes vir proefhuwelike*
 - Ekonomiese redes.
 - Vrees vir permanente verbintenis .
 - Eensaamheid.
 - Vrees vir mislukking.
 - Persepsie van “vryheid”.
 - 'n Oorwegings na 'n mislukte huwelik.



- Wedersydse goedkeuring tot beperkte seksuele vryheid (monogame verhouding).
- Toetsing van seksuele aanpasbaarheid.

(ii) *Nadele van proefhuwelike*

- Geen juridiese regte of wetlike beskerming nie.
- Onsekerheid om finansiële, emosioneel, ensovoorts in die verhouding te belê.
- Skuldgevoelens oor saamwony.
- Kanse tot latere huweliksluiting en gesinstigting kan verskraal word.
- Moontlikheid van skielike verlating en verwerping.
- Moontlikheid van buite-egtelike swangerskap.

6.5.5 DIE HUWELIK

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin verbeter.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet die reg van mense om hulle eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Sinvolle herhaling van die volgende temas in die Senior Fase

- Keuse van 'n huweliksmat.
- Wetlike aspekte van die huwelik.
- Verantwoordelikhede wat met die huwelik gepaard gaan.

b. Dimensies van die huwelik

- Sosiale dimensie – die vestiging en instandhouding van ’n gesamentlike en afsonderlike vriendekring.
- Geografiese dimensie – die deel van ’n private ruimte en die aanpassing by die fisiese nabyheid van die ander huweliksmaat.
- Seksuele dimensie – die deel van fisieke, sensuele, seksuele en reprodutiewe drange en behoeftes ter bevrediging van albei lewensmaats.
- Emosionele dimensie – die deel van emosies, drome en behoeftes.
- Intellektuele dimensie – die deel van gedagtes en idees, maak van planne, stel van doelwitte en die beplanning van ’n toekoms saam.
- Ekonomiese dimensie – die deel van verantwoordelikhede ten opsigte van die generering en hantering van geld.
- Ontspanningsdimensie – rekreasie en plesier wat ’n verhouding positief kan beïnvloed.
- Regsdimensie – wettige status van die huwelik en alles wat dit inhou.
- Godsdienstige dimensie – die deel van waardes, norme en houdings oor die ware betekenis van die lewe en gesamentlike aanbidding.

c. Moontlike kriteria vir huweliksgereedheid

(i) Aanpasbaarheid – getoets in

- gewone sowel as andersoortige en buitengewone situasies.
- maak van nuwe vriende.
- “lees” van ’n situasie.
- kennis van korrekte optrede.
- die vermoë om korrek op te tree.

(ii) Empatie

Die vermoë om my in ander se situasies in te “voel”.

(iii) Die vermoë tot probleemoplossing

Dit is nie net belangrik dat die probleem opgelos moet word nie, maar in die huwelik is dit ook belangrik dat ’n probleem rustig deurgewerk en uitgepraat kan word.

(iv) *Objektiwiteit*

Die vermoë om jouself en jou belange realisties te oorweeg sonder dat persoonlike gevoelens 'n oorheersende rol speel. Om die motivering vir die eie sowel as ander se gedrag te kan evalueer en om desnieteenstaande meer objektief as subjektief te wees.

(v) *Realistiese begrip van die huwelik*

- Volwasse persone sien die huwelik nie as 'n ontsnapping van die werklikheid en persoonlike probleme nie, maar as 'n lewenswyse met eiesoortige probleme en verantwoordelikhede.
- Die huwelik is nie net 'n privaat-aangeleentheid tussen twee persone nie, maar sluit ook die onderskeie families in. Formele regsaspekte is ook van toepassing.

d. Aanpassings wat die huwelik bevorder

In die huwelik is man en vrou gelyke vennote wat vereis dat hulle mekaar se behoeftes moet, waar nodig, akkommodeer, bewus moet wees van mekaar se goeie en swak eienskappe en oor die vermoë moet beskik om opofferings te maak tot voordeel/ter wille van mekaar en die gesin.

Die huwelik vereis dat egpare op die een of ander gebied aanpassings moet maak. Die volgende is van die belangrikste aanpassings wat gemaak moet word:

(i) *Intimiteit*

- Aanpassings van persoonlike gewoontes soos netheid, gedrag, eet- en slaapgewoontes, gewoontes wat verband hou met rook, dwelm- en drankgebruik.
- Aanpassing ten opsigte van persoonlikheidskenmerke, byvoorbeeld buierigheid, vinnige humeur, jaloesie en besitlikheid.
- Gedeeltelike vervulling van mekaar se egobehoeftes, byvoorbeeld erkenning.
- Leer om gevoelens te verbaliseer en te demonstreer.
- Vervulling van die behoeftes aan liefde en fisieke kontak.

- Ontwikkeling van emosionele en fisieke intimiteit.
- (ii) *Materiële en ekonomiese aangeleenthede*
 - Keuse van 'n. woonplek: geografiese area, gemeenskap, tipe behuising.
 - Verkryging en behou van werk.
 - Aanpassing by werksomstandighede.
 - Vestiging van man-vrou rolle met betrekking tot aangeleenthede binne en buite die huis.
 - Hantering van finansies.
- (iii) *Gesag en besluitneming*
 - Balans ten opsigte van status, gesag.
 - Leer om saam alternatiewe te oorweeg en besluite te neem.
 - Leer saamwerk, akkommodeer, toegee, skik.
 - Leer om verantwoordelikheid vir optrede te aanvaar.
- (iv) *Verhoudings in wyer familieverband*
 - Leer om met skoonfamilie oor die weg te kom.
- (v) *Kinders*
 - Aanpassings tydens swangerskap en na die geboorte.
 - Heroriëntering van rolle en verantwoordelikhede.
 - Opvoeding en dissiplinering.
- (vi) *Kameraadskap*
 - Leer om te dink in terme van “ons” in plaas van “ek.”
 - Leer om gewoon te raak aan die saamleefsituasie.
 - Leer om saam te werk, speel, gesels, beplan en te slaap.
- (vii) *Sosiale lewe*
 - Keuse van vriende.
 - Leer om sosiale aktiwiteite wat saam bygewoon word te beplan.
 - Leer om as egpaar vriende te besoek en te onthaal.
- (viii) *Konflik*
 - Leer om die omstandighede rondom en oorsake van konflik te verstaan.
 - Leer om konflik konstruktief te hanteer.
 - Leer wanneer en hoe om hulp te verkry.

(ix) *Morele waardes en ideologieë*

- Begrip vir en aanpassing van individuele waardes, etiek, oortuigings en doelwitte.
- Formulering van gemeenskaplike waardes, doelwitte, idees, ensovoorts.
- Besluite met betrekking tot religieuse affiliasie en deelname

e. **Houdings en waardes wat die huwelik bevorder**

- Wedersydse respek
- Aanvaarding
- Ondersteuning
- Lojaliteit
- Verantwoordelikheid
- Gebondenheid
- Taakaanvaarding
- Betrokkenheid
- Eerlikheid
- Verdraagsaamheid

f. **Vaardighede wat nodig is om die huwelik te bevorder**

(i) *Kommunikasie*

- Kommuniqueer openlik, eerlik, vryelik, direk en spontaan.
- Kommuniqueer liefde en waardering vir mooi eienskappe in mekaar.
- Onderhandeling.

(ii) *Selfhandhawing*

- Bewus wees van eie regte, maar respekteer die regte van die ander.
- Spreek gevoelens en wense eerlik, maar taktvol uit.
- Wees sensitief vir die huweliksmaat se gevoelens.

(iii) *Doelwitbepaling*

- 'n Goeie doelwit is
- realities.

- spesifiek.
- binne 'n spesifieke tydsbestek bereikbaar.
- ooreenkomstig die huwelikspaar se toekomstideale geformuleer.

(iv) *Besluitneming*

- Neem van verantwoordelike besluite gebaseer op kennis, gevoelens en waardes.

(v) *Konflikhantering*

- Onderhandel en los geskille, argumente en probleme op konstruktiewe wyse op.

(vi) *Probleemoplossing*

- Analiseer probleme in die huwelik – oorweeg moontlike alternatiewe oplossings vir probleme.
- Implementeer moontlike oplossings.

(vii) *Hantering van finansies*

Die leerling moet gelei word in die volgende bespreking:

- Watter invloed het my huidige hantering van finansies op my hantering daarvan as werkende jongmens en in 'n latere huwelik?
- Hoe moet die finansies in 'n gesin hanteer word?
- Wat is die onderskeie huweliksgenote se aandeel en verantwoordelikheid ten opsigte van die finansiële sake in die huwelik?
- Laat leerlinge die volgende “begrotings” opstel:
 - Begroting van 'n leerling (persoonlike begroting).
 - Begroting van 'n ongetroude werker.
 - Begroting van 'n huisgesin (verband, aankope, versekering, spaar en belegging, ontspanning, gesamentlike inkomste, ens.).



6.5.6 GESIN EN GESINSLEWE

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings openbaar wat verhoudings in die gesin en gemeenskap verbeter.

a. Rolle en verantwoordelikhede van gesinslede

- Rol en verantwoordelikheid van 'n ouer broer of suster in geval van 'n gesin sonder ouers.
- Generering van inkomste by gesinne sonder ouers – hoe en waar om aansoek te doen om hulp, werksgeleenthede, Wet op Kinderarbeid.
- Bydrae van elke gesinslid tot gesinstabiliteit en geluk.

b. Aanpassings in die gesin

- Met die koms van 'n baba.
- Na die baba se geboorte.
- Vervulling van die ouerrol.
- Met die inneem van 'n oupa of ouma, VIGS-wesies of ander persone.
- Aanpassing by stiefouers, stiefbroer of stiefsuster.
- Aanpassing by skoonfamilie (stereotipes, behoefte aan onafhanklikheid, sterk gesinskohesie).
- Aanpassing by kinderloosheid.
- Seksuele aanpassing.
- Ouerskap op 'n laat ouderdom.

c. Gemengde huwelike

- Egpere van verskillende rasse.
- Kulturele verskille en ooreenkomste tussen egpere.
- Verwagtinge van die skoonfamilies.
- Verskille in waardes.
- Kinders in 'n gemengde huwelik.

d. Ongetroud-wees

- Redes vir ongetroud-wees.
- Selfkonsep van die enkeling.
- Gebondenheid versus ongebondenheid.
- Vriendekring.
- Rekreasie.
- Beroepsgedrewenheid.
- Seksuele verantwoordelike gedrag.
- Kinderloosheid versus kinderaanneming.
- Saamwoon.

e. Gedwonge huwelike

- Onderbreking van studies.
- Gebrekkige loopbaan geleenthede.
- Hoë voorkoms van egskeiding.
- Kinderverwaarlosing.
- Onafhanklikheid versus afhanklikheid.
- Finansiële probleme.

6.5.7 INVLOED VAN MAATSKAPLIKE DRUK OP DIE GESIN

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin en gemeenskap verbeter.

Leerders moet beroeps- en ander geleenthede evalueer en doelwitte stel om hulle potensiaal en talente te ontwikkel.

a. Sinvolle herhaling van hierdie tema in die Senior Fase

b. Invloed van samelewingsveranderinge op die gesin

Leerlinge moet gelei word om die volgende vrae te bespreek:



- Watter invloed het samelewingsveranderinge op die eietydse gesinslewe?
- Hoe beïnvloed die samelewingsveranderinge die tradisionele gesinsrolle?
- Hoe kan kameraadskap in die huwelik bevorder word?
- Hoe kan verandering in rolle in dubbelinkomstegesinne toereikend hanteer en aanvaar word?
- Watter vaardighede, houdings en waardes is nodig om verhoudings in dubbelinkomstegesinne te bevorder?
- Hoe beïnvloed tegnologie die gesinslewe?

c. Vaardighede wat verhoudings in dubbelinkomstegesinne kan bevorder

(i) Tydsbestuur

- Beplan tyd om saam te wees, saam te praat, saam te doen en saam te ontspan.
- Stel prioriteite sodat die gesin geakkommodeer word.

(ii) Kommunikasie

- Tydskepping vir kommunikasie.
- Kommunikeer verandering en aanpassing in die gesin. Gesinsveranderinge moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie.

(iii) Konflikhantering

- Konstruktiewe oplossing van probleme.
- Spanning van buite die huis, byvoorbeeld die werks- of skoolomgewing kan tot konflik in die huis lei.
- Wees kalm en toon empatie. Kommunikeer totdat besef word dat buitefaktore die oorsaak van die konflik is.
- Hanteer konflik rakende geldsake, jaloesie, rolverdeling, ensovoorts.

(iv) Besluitneming

- Neem gesamentlik besluite ten opsigte van die werk, geldsake, vermindering van spanning en stres en gesinsaangeleenthede

(byvoorbeeld tyd, verantwoordelikhede, aanpassings, gesinsfunksies, ensovoorts).

(v) *Hantering van emosies*

- Hanteer agressie op aanvaarbare wyse.

(vi) *Onderhandeling*

- Onderhandel geldsake, werkverdeling, verantwoordelikhede, ensovoorts.

(vii) *Selfhandhawing*

- Weet wat jou regte en pligte is, maar respekteer die regte van ander en pas aan by omstandighede.
- Spreek gevoelens en behoeftes duidelik en eerlik uit.

(viii) *Doelwitbepaling*

- Stel realistiese doelstellings en doelwitte vir die gesin.
- Formuleer doelstellings en doelwitte ooreenkomstig die toekomsdeale van die gesin.

d. Houdings en waardes

Eerlikheid, respek, verantwoordelikheid, aanvaarding, verdraagsaamheid, lojaliteit, toewyding, betroubaarheid, samewerking, ensovoorts.

6.5.8 KONFLIK IN DIE HUWELIK

Spesifieke Uitkomstes:

Leerdere moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin verbeter.

Leerdere moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

Leerdere moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerdere moet die reg van mense om hul eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

a. Moontlike oorsake van konflik in die huwelik, byvoorbeeld

- Ontoereikende bestuur van finansies.
- Dissiplinerings van kinders.
- Veelvuldige rolle (byvoorbeeld die werkende moeder) en oorvleueling van geslagsrolle.
- Ongedefiniëerde rolle en reëls.
- Familie en/of skoonfamilie.
- Lang periodes van afwesigheid van een of albei ouers.
- Onaanvaarbare gewoontes van gesinslede (byvoorbeeld rook, dwelm-alkoholmisbruik).
- Min of geen tyd om saam met huweliksmaat/gesin deur te bring.
- Ongevoeligheid teenoor huweliksmaat/gesinslede en gebrek aan intimiteit.
- Ontoereikende seksuele verhouding.
- Werkloosheid.
- Disharmonie met betrekking tot opvoeding van kinders.
- Depressie by een of albei huweliksmaats.
- Mishandeling van kinders.

b. Sinvolle herhaling van

- die hantering van konflik in die Senior Fase.
- houdings en waardes wat konflik in die gesin kan verminder in die Intermediêre Fase.

6.5.9 KINDER-SEKSUELE MISHANDELING

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet hulself verstaan as uniek en waardevol.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Sinvolle herhaling van toepaslike dele van kinder-seksuele mishandeling in die Intermediêre Fase en die Senior Fase

b. Moontlike gevolge van kinder-seksuele mishandeling

(i) Emosionele gevolge

- Skuldgevoelens wat sentreer rondom gevoelens van medeverantwoordelikheid aan seksuele misbruik, asook die gebeure wat op die openbaarmaking daarvan volg.
- Skaamtegevoelens. Gevoelens van skaamte, vernedering en degradering.
- Woede, haat en agressie teenoor die dader en ander indirekte betrokkenes soos die moeder.
- Negatiewe selfkonsep met 'n lae selfagting, selfhaat, selfwalging.
- Depressie byvoorbeeld 'n neerslagtigte gemoedstoestand, aptyt- en gewigsverlies, slaapstoornisse, asook gedragswyses soos skoolfobie, leerprobleme, alkohol- en/of dwelmmisbruik, asosiale gedrag, stokkiesdraaiery, wegloopgedrag en selfmoordneigings.
- Emosionele labiliteit byvoorbeeld intense gemoedskommeling, hiperwaaksaamheid, lae frustrasietoleransie en impulsiwiteit.

(ii) Interpersoonlike gevolge

- Sosiale isolasie.
- Swak portuurgroepverhoudings.
- Regressiewe ontwikkeling. Gedrag wat onvanpas is vir die leeftyd fase, byvoorbeeld bednatmaak, huilerigheid en duimsuigery.

(iii) Kognitief-perseptuele gevolge

- Herbelewing van die trauma (terugflitse van die gebeure bv. nagmerries).
- Illusies (werklikheid word verkeerd waargeneem) en hallusinasie (sintuiglike ervaring van dinge wat nie bestaan nie).



- Konsentrasiestoornisse en wisselende skoolprestasie.
- (iv) *Fisiese gevolge*
 - Maagpyn en/of hoofpyn.
 - Naarheid.
 - Sindelikeheidsprobleme.
 - Bloeding, swelling en besering aan die genitalieë, borste, onderbuik en bobene.
 - Penetrasie kan lei tot intense vaginale of anale pyn of bloeding, die kind kan byvoorbeeld nie sit nie.
 - Infeksies en vaginale uitskeidings.
 - Moontlikheid van geslagsiektes.
 - Swangerskap.

6.5.10 EGSKEIDING

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet vaardighede gebruik en houdings en waardes openbaar wat verhoudings in die gesin verbeter.

a. Oorsake van egskeiding

- Hersien toepaslike inhoud in die vorige fase.
- Onvoorbereidheid vir die huwelik.
- Geestelike onvolwassenheid van een of beide huweliksgenote.
- Invloed van verskillende agtergronde en waardesisteme.

b. Gevolge van egskeiding

- Finansiële implikasies.
- Traumatiese invloed op gesinslede.
- Wetlike implikasies.

6.5.11 ALKOHOL- EN/OF DWELMMISBRUIK

Spesifieke Uitkomstes:

Leerders moet hulself verstaan en aanvaar as uniek en waardevol.

Leerders moet die reg van mense om hulle eie oortuigings en waardes te hê, respekteer.

Leerders moet verworwe lewens- en besluitnemingsvaardighede beoefen.

Leerders moet waardes en houdings demonstreer wat benodig word vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

- a. **Sinnvolle hersiening van alkohol- en/of dwelmmisbruik in die Senior Fase**
- b. **Moontlike simptome van dwelmafhanlikes**
 - Gebrek aan belangstelling in aktiwiteite waar daar vroeër aktiewe entoesiasme was.
 - Verandering in eetlus en eetgewoontes.
 - Onttrekking van gesamentlike gesinsaktiwiteite.
 - Psigiese, fisiese en gedragsveranderinge: die persoon kom besope, ontspanne, manies (gelukkig), depressief, eufories of onttrekkend voor.
 - Oordrewe sosiale spraaksamheid, of sosiale isolasie deur afsondering in 'n kamer, of voortdurende uithuisigheid.
 - Projeksie van skuldgevoelens in sosiale verhoudings.
 - Slaperigheid, lomerigheid, bewerigheid, oormatige sweet, ens.
 - Verswakking van skoolprestasie en gedrag.
 - Diefstal van huishoudelike voorrade en geld.
 - Leuens, bedrog en verplasing van verantwoordelikhede.
- c. **Moontlike faktore wat tot dwelmmisbruik aanleiding kan gee**
 - (i) *Gesin*
 - Gesinsverhoudings.
 - Swak voorbeeld van ouers.



- Gesinskonflik.
- Ontoereikende gesag.

(ii) *Sosiaalmaatskaplik*

- Druk van die portuurgroep.
- Eensaamheid, sosiale isolering.
- Vriendskappe.
- Uitdaging van gesag.
- Verveling.
- Massamedia.
- Permissiwiteit.

(iii) *Persoonlik*

- Eksperimenteer.
- Soeke na genot.
- Soeke na ekstreme, sintuiglike ervaring.
- Selfontdekking.
- Depressiwiteit.
- Nuuskierigheid.
- Ontvlug van spanning, ontvlug van die werklikheid.
- Frustrasies.
- Angs.
- Neurotisering.

d. Moontlike vaardighede wat dwelmmisbruik kan voorkom

Besluitneming, kommunikasie, selfhandhawing en onderhandeling.

e. Moontlike houdings en waardes wat alkohol en/of dwelmmisbruik kan voorkom

Selfrespek, verantwoordelikheid, gesondheid en higiëne, bewustheid, respek vir die lewe.

6.5.12 HANTERING VAN TRAUMA

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet waardering en respek toon vir menseregte soos dit in *UBUNTU* en ander soortgelyke filosofieë gereflekteer word.

a. Faktore wat die individu se ervaring van verlies (bv. dood of egskeiding) beïnvloed

Die onderstaande faktore kan die maniere waarop 'n verlies deur individue ervaar word, beïnvloed:

(i) *Die verhouding met en betrokkenheid by die oorledene of troeteldier en die tipe gevoelens wat ervaar word.*

- Die dood van 'n troeteldier. Gevoelens van skok, hartseer, verlies en verlange word ervaar.
- Die dood van 'n bekende persoon met min of geen emosionele bande, byvoorbeeld 'n ouer se werkgewer of kollega, of iemand uit dieselfde woonbuurt, of 'n gemeentelid. Gevoelens van simpatie teenoor die naasbestaandes kan ervaar word.
- Die dood van 'n bekende persoon waarby 'n mate van emosionele betrokkenheid was, byvoorbeeld 'n opvoeder, 'n skoolmaat, maar nie 'n persoonlike vriend nie. Gevoelens van skok, ongeloof en vrees dat dit met 'n naasbestaande kan gebeur en 'n wisselende mate van hartseer kan ervaar word.
- Die dood van 'n geliefde buite gesinsverband, byvoorbeeld 'n geliefde klasmaat of 'n gunsteling familielid, byvoorbeeld 'n neef, niggie, oom of 'n tante. Gevoelens van skok, hartseer, verlies en verlange kan ervaar word.
- Die dood van 'n gesinslid. Intense gevoelens van hartseer, verlies, verlange, depressie en 'n behoefte om die ontslapene terug te hê kan ervaar word. 'n Tydperk van rou kom by gesinslede voor.

(ii) *Die omstandighede en wyse van afsterwe*

- Verwagte dood, byvoorbeeld weens langdurige lyding en siekte. Teenstrydige gevoelens van verlies en verligting, skok, ongeloof, magteloosheid en aanvaarding van die finaliteit van die dood kan ervaar word.
- Onverwagte dood, byvoorbeeld weens 'n ongeluk of skielike siekte. Intense skok en ongeloof, magteloosheid, smart, hartseer, angs en 'n onvermoë om die werklikheid en finaliteit van die dood te aanvaar, word ervaar.
- Selfmoord. Skok, ongeloof, hartseer en magteloosheid word ervaar.
- Hoë ouderdom. Gevoelens kan verskil met die heengaan van 'n bejaarde en 'n jong persoon.

(iii) *Wyses/maniere waarop mense trauma hanteer*

- Elke individu hanteer die trauma van die dood op eie unieke wyse. Trauma kan met of sonder professionele hulp hanteer word.
- Elke individu het die reg om te huil, te praat oor gevoelens, vrese, die toekoms, oor probleme en om die dood te bevraagteken.
- Gesels met ander gesinslede oor die oorledene.

b. Fases van die rouproses

Die volgende fases kan in die rouproses onderskei word:

- Skok – 'n droom, onwerklik, afstomping van gevoel.
- Ontkenning – dit kan nie waar wees nie, hy/sy kan nie regtig dood wees nie, onvermoë om die werklikheid te aanvaar.
- Die treurproses – hartseer, pyn, verlange na die afgestorwene, verlies van aptyt, slaaploosheid, nagmerries, depressie en sosiale isolasie.
- Geleidelike aanvaarding – ek kan hom/haar nie terugbring nie, ek sal hom/haar nooit vergeet nie, hy/sy sal altyd deel van my wees, aangename herinneringe maak my gelukkig, herinneringe veroorsaak nie

meer pyn nie, maar verlange wel, ek kan vrede maak met myself en die omstandighede.

- Aanpassing by nuwe omstandighede (finansiël, sosiaal, geestelik), nuwe belangstellings, nuwe doelwitte, herwinning van liggaamlike en geestelike energie.

c. Moontlike gevolge by die verlies van 'n ouer

- Dubbele gesinsrol van die oorblywende ouer.
- Rolverwarring ten aansien van nuwe verantwoordelikhede van kinders.
- Veranderde gesinsroetine, gesinstradisies.
- Finansiële implikasies.
- Sosiale isolasie.

6.5.13 HANDHAWING VAN 'N GESONDE EN GEBALANSEERDE LEWENSTYL

Spesifieke Uitkomst:

Leerders moet waardes en houdings demonstreer wat benodig word vir 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl.

a. Sinvolle herhaling van toepaslike onderwerpe uit hierdie tema in die Senior Fase wat van toepassing mag wees

b. Aanvaarding en versorging van die liggaam

- Aanvaarding van die “nuwe” veranderde liggaam.
- Aanvaarding van eie seksualiteit en seksuele oriëntering.
- Begrip van die implikasies van veranderinge tydens puberteit.
- Versorging van die eie liggaam vir gesondheid, optimale ontwikkeling en aanvaarding deur ander.
- Herorganisering van die selfkonsep en aanvaarding van eie voorkoms en liggaamsveranderinge.

- Aanvaarding van verantwoordelikheid om gesonde houdings en gewoontes te beoefen.
- c. **Formulering van 'n eie filosofie met betrekking tot 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl**
- Die belangrikheid van doelwitstelling met betrekking tot 'n gesonde en gebalanseerde lewenstyl, byvoorbeeld die verbalisering van ideale en drome en die belangrikheid van 'n positiewe selfvullende voorspelling.
 - Formulering van planne vir die stigting van 'n gesonde gesinskultuur eendag in die toekoms.
 - Maak van voorstelle vir die vestiging van 'n gesonde lewenstyl as werkende of studerende jongmens, balansering van tyd, keuses wat gemaak moet word.

7. **SKEMATIESE OPSOMMING VAN DIE TEMAS VAN DIE VOORGESTELDE LEERPROGRAM VIR GESINSOPVOEDING**

Tabel 1 gee 'n skematiese voorstelling van die temas in die voorgestelde leerprogram vir Gesinsopvoeding. Die temas is geïdentifiseer ooreenkomstig die behoeftes wat in Hoofstuk 2 ontleed is. Met die uitsondering van die temas oor “Voorhuwelikse Verhoudings” en “Die Huwelik” wat nie in die Grondslagfase en Intermediêre Fase voorkom nie, is alle ander temas vir al die fases verbesonder.

Laasgenoemde temas word nie in die Grondslagfase en die Intermediêre Fase behandel nie, omdat dit nie verband hou met die ontwikkelingsvlak en die behoeftes van leerders in hierdie fases nie. Elk van die temas is in die leerprogram tot subtemas of leereenhede verbesonder (kyk Figuur 4-7). Die skema verskaf 'n geheelbeeld van die voorgestelde leerprogram.



Tabel 7: Skematiese opsomming van die temas in die voorgestelde leerprogram vir Grasienvoeding

Tema	Grondslag- fase	Intermediêre Fase	Senior Fase	Algemene Onderwys- en Opleidings- band
1. Oorsig van die mens	*	*	*	*
2. Voeding	*	*	*	*
3. Voorskriflike voeding			*	*
4. Die Inwagte			*	*
5. Geen en gesondheid	*	*	*	*
6. Rol van mikro-organismes dins oor die gesondheid			*	*
7. Konflikte in die gesondheid	*	*	*	*
8. Kindermisdiagnose	*	*	*	*
9. Alkohooliese Droegheid	*	*	*	*
10. Eetgewoontes	*	*	*	*
11. Toesigting van die gesondheid	*	*	*	*
12. Handhawing van 'n gesond en gesondheids- lewenstyl	*	*	*	*

8. GEVOLGTREKKINGS

Gesinsopvoeding is in wese 'n pedagogiese aangeleentheid waarvoor die ouers primêr verantwoordelik is. Die opvoeder in die skool is mede-opvoeder en verlengde arm van die opvoeding wat in die ouerhuis behoort plaas te vind. Omdat die skool in diens van die samelewing staan en die verantwoordelikheid het om in die besondere samelewingsbehoefte te voorsien, word skoolprogramme ontwerp en aangebied om te voldoen aan behoeftes soos veiligheidsopvoeding, verkeersveiligheid, geslagsopvoeding en ook gesinsopvoeding. Omdat die samelewing so dinamies is en elke tydsgewrig sy eie nuwe behoeftes stel, moet die skool ook voortdurend verander om hierby aan te pas. Gesinsopvoeding is in skoolverband daarom niks anders as 'n voorsiening in die intense behoefte wat in die samelewing bestaan om leerders voor te berei vir 'n volle lewe, 'n gelukkige huwelikslewe en 'n gelukkige gesinslewe nie.

Die situasie-analise (vergelyk Hoofstuk 2 in hierdie verband) het aangetoon dat daar baie redes is waarom die gesinslewe verbreek, en dat een van hierdie redes 'n gebrek aan opleiding vir gesinslewe is. Dit het duidelik geword dat 'n eie huweliks- en gesinskultuur gestig word ooreenkomstig 'n persoon se beleving van sy ouers se huwelikskultuur en die gesinskultuur waaraan hy as kind blootgestel is. Opvoeding van kinders toon dan ook hierdie sikliese patroon, naamlik dat ouers opvoed soos wat hulle opgevoed is – daarom word faktore soos gesinsgeweld en seksuele molestering van een geslag na 'n ander geslag oorgedra. 'n Gemolesteerde kind word dikwels 'n ouer wat weer molesteer, 'n misbruikte dogter word dikwels 'n ma wat weer haar kinders misbruik.

Die Gesinsopvoedingsprogram wat in hierdie hoofstuk ontwerp is, is ontwerp om aan die eise en behoeftes van die gemeenskap, soos die situasie-analise dit geopenbaar het, te voldoen. Die program voldoen aan die vereistes wat deur onderwysowerhede gestel word, byvoorbeeld die eis van uitkomsgebaseerde en kindgerigte onderwys. Die ontwerp van die program voldoen aan wetenskaplike vereistes soos deur 'n verantwoordelike kurrikuleringsproses daargestel word.



Om in 'n gesin te belê, is om in 'n volk te belê. Sterk gesinne is die boustene van 'n sterk nasie.



HOOFSTUK 6

TERUGSKOUING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

1. DOEL MET DIE HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk is om in 'n terugskou te besin oor die navorsingsverloop van hierdie studie. 'n Poging sal aangewend word om in lyn met die navorsingsvrae wat in Hoofstuk 1 gestel is, bevindings te identifiseer op grond waarvan enkele aanbevelings gemaak kan word. Hierdie aanbevelings behoort 'n bydrae te kan lewer tot die oplossing van die probleem met Gesinsopvoeding in die skool.

2. TERUGSKOU

In hierdie studie getitel “**n Histories-Opvoedkundige Studie van Gesinsopvoeding in Skole**” is daar oorhoofs 'n poging aangewend om vas te stel op watter wyse die skool 'n bydrae kan lewer om gesinslewe in Suid-Afrika te bevorder.

Reeds in die voorondersoek en aanloop tot die stel van die probleem en die formulering van navorsingsvrae, het enkele feite duidelik na vore gekom. Die belangrike rol van die ouerhuis en die ouerlike opvoeding van die kind vir die lewe het weer prominent na vore gekom. Dit het geblyk dat die veranderde en veranderende maatskaplike omgewing tesame met die komplekse lewensomstandighede en die allesoorheersende tegnologiese, industriële en ekonomiese ontwikkelinge daartoe gelei het dat ouers dikwels hulle opvoedingsplig versuim en wel in so 'n mate dat die skool in 'n toenemende mate die opvoedingstaak van die ouer moet oorneem. Nuwe verskyningsvorme van die gesin as fenomeen het tesame met die alternatiewe leefwyse van sommige moderne gesinne, 'n nuwe beeld van die gesin en gesinlewe na vore laat tree. Die tradisionele konsep van 'n gesin soos dit veral uit Westerse perspektief gedefinieer is, het plek gemaak vir minder bekende gesinstrukture waar een of meer van die komponente in die gesin ontbreek. Voorbeelde hiervan is gesinne waar daar geen ouerhuis of ouers is nie, soos in die geval van straatkinders wat saam 'n “gesin”

vorm, of waar een of albei ouers, 'n broer of suster of ander gesins- of familielid oorlede is weens siektes soos VIGS of Tuberkulose of deur geweld en misdaad.

'n Verdere feit wat sterk na vore gekom het, is die behoefte wat by kinders bestaan aan opvoeding vir 'n gelukkige en vervulde gesinslewe. In hierdie verband word nie alleen verwys na die gesin waaraan die kind op die bepaalde moment behoort nie, maar ook sy eie gesinslewe eendag in die toekoms. Daar bestaan ook 'n behoefte by die kind aan ondersteuning en begeleiding vir 'n gelukkiger en meer vervulde persoonlike lewe (sonder gesins- of familiebande, byvoorbeeld in die geval van VIGS-wesies), asook met die oog op 'n volwasse lewe as alleenloper wat mag besluit om nie 'n intieme verbintenis soos die huwelik aan te gaan nie.

Die belangrike rol van die skool as instansie wat in diens van die gemeenskap bestaan en in stand gehou word en wat ook as aanvullende ouer vir die kind moet dien, het baie duidelik na vore gekom. Die feit dat die skool ook hierdie probleem in die samelewing behoort aan te spreek, het, tesame met die feit dat die Interim Kernsilabus vir Voorligting ernstige tekorte toon en onvoldoende leiding aan die opvoeder gee, aanleiding gegee tot die formulering van die probleem en primêre navorsingsvraag, naamlik: **“Hoe moet 'n Gesinsopvoedingsprogram vir leerders daaruit sien ten einde hulle voor te berei vir verryking van hulle huidige persoonlike en gesinslewe asook hulle persoonlike en gesinslewe eendag in die toekoms?”**

Die doelstelling met die studie het, na die formulering van die navorsingsvrae, in 'n primêre en enkele sekondêre doelstellings uiteengeval. Die doelstellings het daartoe bygedra om die studie te rig sodat daar aan die hand van enkele wetenskaplike navorsingsmetodes, sistematiese verifieerbare navorsing uitgevoer kon word.

Hierdie studie is onderneem binne die raamwerk en grense van die Konstitusie as Grondwet van Suid-Afrika, toepaslike Onderwyswetgewing, asook die besondere behoeftes van die mense van Suid-Afrika. Daar is vanuit 'n pedagogiese perspektief te werk gegaan waarvolgens elke kind tot ongeveer op die ouderdom van 18 jaar beskou

word as 'n kind in nood, 'n kind wat op opvoeding aangewese is en geregtig is en wat kosbaar voor God is.

Met die beskrywing van die navorsingsmetodes en die definiëring van enkele konsepte, is daar met Hoofstuk 1 'n basiese agtergrond en oriëntering verskaf waarteen die totale navorsingsverslag gelees moet word.

In Hoofstuk 2 is daar deur 'n situasie-analise 'n studie gemaak van die eietydse gesinsproblematiek. Die kwesbaarheid van die moderne gesin het sterk na vore gekom en 'n sterk kontras gevorm met die omstandighede waarin die hegte pre-industriële gesin gewoon het. Die wyse waarop maatskaplike druk en tegnologiese vooruitgang bygedra het tot die ontaarding van en funksieverskuiwinge in die eietydse gesinslewe het bygedra tot groter begrip vir die disfunksionering van die gesin van die een-en-twintigste eeu. Deur 'n studie van die manifestasies van bovermelde disfunksionering in die gesin, is gesinspatologieë geïdentifiseer. Hoofstuk 2 is met 'n besinnende gevolgtrekking afgesluit.

In Hoofstuk 3 is Gesinsopvoeding vanuit internasionale perspektief bestudeer. Alhoewel besondere moeite gedoen is om inligting in te win uit die buiteland sowel as uit Afrika, is respons slegs van die volgende lande ontvang: die Verenigde State van Amerika (Florida, Michigan, Iowa, North Carolina); Kanada (Manitoba, Prince Edward Island, Alabama); Denemarke; Nieu-Seeland en die Verenigde Koninkryk. Uit die studie het dit duidelik geword dat Gesinsopvoedingsprogramme in die buiteland ook daarop gemik is om sowel die persoonlike as die gesinslewe van die kind te bevorder.

Die Histories-Opvoedkundige studie van Gesinsopvoeding in Suid-Afrika, word in Hoofstuk 4 beskryf. Daar is in die navorsing 'n poging aangewend om inligting van alle destydse Departemente van Onderwys in te win. Gesinsopvoeding soos dit aangebied is in die skole wat onder die destydse Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad, Raad van Afgevaardigdes asook Raad van Verteenwoordigers, is nagevors en beskryf. Inligting is verder ook ingewin van die destydse Departement van Onderwys en Opleiding. Die huidige Interim Kernsillabus

vir Voorligting van die Departement van Onderwys is verder bestudeer en die tekorte en gebreke is geïdentifiseer.

In uitgebreide gevolgtrekkings word die inligting wat ingewin is en die insigte waartoe gekom is, beskryf. Een van die opvallendste gebreke in die vroeëre sillabusse vir Gesinsopvoeding op nasionale vlak, is die miskenning van die multikulturele behoeftes van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die ontwerp van 'n leerprogram vir Gesinsopvoeding in skole is in Hoofstuk 5 gedoen. Navorsing is eers onderneem om vas te stel of voorbereiding vir gesinslewe 'n pedagogiese aangeleentheid is – 'n besinning wat die navorser in staat gestel het om Gesinsopvoeding op wetenskaplike wyse en ooreenkomstig pedagogiese grondstrukture te fundeer.

'n Omvattende studie is onderneem na toepaslike nuwe Onderwyswetgewing en beleidsdokumente wat betrekking het op die kurrikulering van 'n leerprogram vir Gesinsopvoeding. 'n Uitgebreide studie van Uitkomsgebaseerde Onderwys is onderneem en toegepas op Gesinsopvoeding. Moeite is gedoen om voorbeelde en riglyne aan opvoeders te verskaf om leergeleenthede volgens die Uitkomsgebaseerde Benadering en die behoeftes van elke besondere klasgroep te beplan.

'n Leerprogram vir die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en Verdere Onderwys- en Opleidingsband is ontwerp. Die onderskeie temas is verbesonder met die oog op die vervulling van Kritieke Uitkomstes en Spesifieke Uitkomstes. Alhoewel dieselfde temas in elkeen van bogenoemde vier fases voorkom, word 'n opbou van kennis, kennisverdieping en toename in moeilikheidsgraad veronderstel.

Die Gesinsopvoedingsprogram wat in hierdie hoofstuk ontwerp is, is ontwerp om aan die eise en behoeftes van die gemeenskap, soos die situasie-analise dit openbaar het, te voldoen. Die program voldoen aan die vereistes wat deur onderwysowerhede gestel word, byvoorbeeld die eis van Uitkomsgebaseerde Onderwys en leerdergerigte onderwys. Die totale ontwerp is uitgevoer ooreenkomstig wetenskaplike vereistes soos daargestel deur 'n verantwoordelike kurrikuleringproses.

3. BEVINDINGS

3.1 In Hoofstuk 1 is daar bevind dat

- 3.1.1 die gesin as basis vir opvoeding en saamlewe 'n kontinue verskynsel is wat verskillende vorme kan aanneem en verskillende leefstyle openbaar.
- 3.1.2 die huweliksverhouding, waar van toepassing, 'n belangrike invloed op onderlinge verhoudinge in die gesin kan hê.
- 3.1.3 die rol van die ouers ten aansien van opvoeding in die gesin steeds die ideaal is.
- 3.1.4 ouers afhanklik is van die skool vir ondersteuning en aanvulling van hulle eie taak as primêre opvoeders.
- 3.1.5 daar van die skool verwag word om deur spesiale projekte of programme die problematiek wat in 'n veranderende samelewing mag ontstaan, aan te spreek.
- 3.1.6 daar in die Voorligtingsprogram beperkte voorsiening gemaak moet word vir die kind se behoefte aan opvoeding vir gesinslewe.
- 3.1.7 daar 'n behoefte bestaan vir 'n uitgebreide Gesinsopvoedingsprogram waardeur leerders voorberei kan word vir 'n gelukkige gesinslewe.

3.2 In Hoofstuk 2 is daar bevind dat

- 3.2.1 die eietydse samelewing 'n negatiewe invloed op gesinslewe in die algemeen het wat die opvoeding in die gesin deurstroom en oorweldig.
- 3.2.2 gesinspatologiese verskynsels soos huwelikstwis, geweld en mishandeling, egskeiding en gesinsmoord die toereikende opvoeding in die gesin belemmer en negatief inwerk op die geborgenheid en sekuriteit van die kind asook op die onderlinge verhoudinge in die gesin.
- 3.2.3 talle samelewingsfaktore soos beroepseise, portuurinvloed, dwelm- en alkoholmisbruik belemmerend inwerk op die kwaliteit van die gesinslewe in die algemeen en die opvoeding in die gesin in die besonder.
- 3.2.4 die eietydse gesin ekonomies, sosiaal, emosioneel, pedagogies en kommunikatief kwesbaar is.

- 3.2.5 bogenoemde bepaalde versteurings en belemmerings tot gevolg het dat sekere gesinsfunksies, take, rolle en verantwoordelikhede nie toereikend uitgevoer kan word nie.
 - 3.2.6 'n agteruitgang of vervalling van tradisies en norme by gesinne voorkom en dat gesinslewe in 'n proses van ontaarding en wegbeweeg van ankers soos religieuse beginsels en norme is.
 - 3.2.7 kinders nie in ouerhuise vir gesinslewe opgevoed word nie.
 - 3.2.8 ouers al hoe meer staat maak op buite-instansies soos die skool vir die opvoeding van hulle kinders.
 - 3.2.9 die meerderheid gesinne in Suid-Afrika in 'n krisis verkeer.
- 3.3 In Hoofstuk 3 is daar bevind dat
- 3.3.1 Gesinsopvoeding in skole in die buiteland aangebied word, byvoorbeeld in die Verenigde State van Amerika, Kanada, Denemarke, Nieu-Seeland en die Verenigde Koninkryk.
 - 3.3.2 Gesinsopvoeding in die buiteland onder ander benaminge soos "Family Life Education" bekend staan.
 - 3.3.3 die doel met elke Gesinsopvoedingsprogram wat in die buiteland aangebied word ooreenkomstig die eie unieke behoeftes van elke land geformuleer word.
 - 3.3.4 daar 'n duidelike verband tussen die leerprogramme is, tussen die behoeftes wat bestaan, die doelstellings wat geformuleer word, (uitkomstes wat beoog word waar van toepassing), die inhoud wat geselekteer word asook die leergeleentheid wat beplan word.
 - 3.3.5 in sommige lande, byvoorbeeld die VSA, spesifieke aandag geskenk word aan die bybring van kennis, die aanleer van vaardighede en houdings en die internalisering van waardes, terwyl in sommige ander lande soos Denemarke, IOWA en North Carolina slegs temas in 'n kernkurrikulum voorsien word.
 - 3.3.6 Gesinsopvoedingsprogramme in skole in die buiteland aangebied word aan klasgroepe waar leerders volgens wordings- en ontwikkelingsvlak ingedeel is.

- 3.3.7 Gesinsopvoeding ’n selfstandige program by sommige skole is, terwyl ander skole relevante inhoud in bestaande vakke of programme integreer.
 - 3.3.8 wanneer Gesinsopvoeding as ’n selfstandige program aangebied word, dit binne kurrikulumverband aangebied word en dat daar in die skoolrooster voorsiening daarvoor gemaak word.
 - 3.3.9 opvoeders nie tydens inisiële opleiding spesifiek vir die aanbieding van Gesinsopvoeding opgelei word nie, maar dat hulle deur middel van kort indiensopleidingprogramme hiervoor voorberei word.
 - 3.3.10 ouers nie direk by die Gesinsopvoedingsprogramme wat in skole aangebied word, betrek word nie.
 - 3.3.11 ’n multidissiplinêre benadering met die kurrikulering van die programme, die aanbiedingswyse sowel as die werklike aanbieding van die programme gevolg word.
 - 3.3.12 skole in die meeste gevalle outonoom funksioneer. Leerprogramme word in sommige gevalle deur die staat voorgeskryf terwyl die interpretasie en aanbieding by die opvoeder berus.
 - 3.3.13 die skoolhoof verantwoordelikheid neem vir die Gesinsopvoedingsprogram in sy geheel.
- 3.4 In Hoofstuk 4 is daar bevind dat
- 3.4.1 die behoefte aan Gesinsopvoeding reeds die eerste keer in Suid-Afrika in 1933 uitgespreek is toe die Transvaalse Onderwyskommissie onder leiding van die destydse voorsitter Dr. Willem Nicol ’n opdrag aan Dr. Louis Franklin Freed gegee het om die moontlikheid van Gesinsvoorligting in die skole van Suid-Afrika te ondersoek.
 - 3.4.2 Gesinsvoorligting in skole van die Volksraad, Administrasie: Eie Sake, in Kaapland in 1978, in die Oranje-Vrystaat in 1985, in die Transvaal in 1985 en in Natal in 1989 ingestel is.
 - 3.4.3 Gesinsopvoeding in Suid-Afrika deurgaans onder die benaming “Gesinsvoorligting” aangebied is.
 - 3.4.4 daar ’n duidelike verband tussen die onderskeie sillabusse, die doelstellings daarvan en die inhoud wat geselekteer is, bestaan het.

- 3.4.5 verbesonderde sillabusse vir die aanbieding van Gesinsvoorligting deur sommige Onderwysdepartemente aan skole voorsien is, byvoorbeeld in Kaapland.
- 3.4.6 daar veral gefokus is op die oordrag van kennis en waardes terwyl die aanleer van vaardighede en houdings nie spesifiek aandag geniet het nie.
- 3.4.7 dat Gesinsvoorligting in Suid-Afrika as selfstandige programme binnekurrikulêr aangebied is en dat voorsiening in die skoolrooster na goeëddunke van die skoolhoof ingeruim is.
- 3.4.8 dat Gesinsvoorligting nie verpligtend was in skole nie en dat elke skoolhoof ooreenkomstig faktore soos die goedkeuring van die ouers, die beskikbaarheid van tyd in die skoolrooster, die gewilligheid van onderwysers om die vak aan te bied en selfs die persoonlike voorkeure van die skoolhoof kon besluit of Gesinsvoorligting by 'n skool aangebied gaan word of nie.
- 3.4.9 'n multidissiplinêre benadering wat betref die aanbieding van die program in sommige provinsies gevolg is, byvoorbeeld in Natal en Kaapland. Skole in die Transvaal was nie toegelaat om enige buitepersoon wat nie op die betaalstaat van die Transvaalse Onderwysdepartement was nie vir die aanbieding van lesse in skole te gebruik nie.
- 3.4.10 multidissiplinêre hulp deur die onderskeie onderwysdepartemente verkry kon word in die geval van seksuele molestering of verkragting van 'n kind wat aangemeld is of in die geval van 'n kind wat swanger geraak het.
- 3.4.11 opvoeders nie tydens die inisiële opleiding spesifiek vir die aanbieding van Gesinsvoorligting opgelei was nie. Enkele gevalle van indiensopleiding van opvoeders het wel voorgekom.
- 3.4.12 ouers in sommige gevalle by die Gesinsvoorligtingsprogramme betrek is deur middel van die hou van voorligtings- en verrykingsaande wat deur die skool aangebied is. In sommige onderwysdepartemente was skriftelike ouerlike toestemming noodsaaklik alvorens die kind die Gesinsvoorligtingsprogram kon bywoon.

- 3.4.13 in sommige onderwysdepartemente (byvoorbeeld Transvaalse Onderwysdepartement) daar in die Gesinsopvoedingsprogramme onderskei is tussen 'n algemene en 'n meer sensitiewe deel. Die algemene deel kon deur die opvoeders aangebied word, terwyl die sensitiewe deel deur spesifiek geselekteerde en opgeleide persone (maatskaplike werkers, verpleegsters of in die geval van die Transvaalse Onderwysdepartement, die Adjunk-Superintendente van Onderwys, Gesins- en Geslagsvoorligting), aangebied kon word.
- 3.4.14 skole wat ingestem het om die program aan te bied deur vakadviseurs of Adjunk-Superintendente van Onderwys, Gesins- en Geslagsopvoeding van hulp en raad voorsien kon word.
- 3.4.15 die skoolhoof verantwoordelikheid geneem het vir die Gesinsopvoedingsprogram in sy geheel wat by skole aangebied is.
- 3.4.16 die Interim Kernsillabus vir Voorligting enkele temas gee sonder om die temas te verbesonder en daarop uit te brei en dat dit vir sommige opvoeders problematies is vanweë die gebrek aan 'n toepaslike verwysingsraamwerk.
- 3.4.17 onderwysershandleiding vir die gebruik van die Interim Kernsillabus vir Voorligting nie bestaan nie – 'n feit wat die toeganklikheid van die vakterrein beperk.
- 3.4.18 riglyne vir Uitkomsgebaseerde Onderwys nie in die Interim Kernsillabus verskaf word nie.
- 3.4.19 die Interim Kernsillabus vir Voorligting verpligtend is vir alle grade in skole waar Uitkomsgebaseerde Onderwys nog nie geïmplementeer is nie. Gesinsopvoeding word nie in alle skole aangebied nie.
- 3.5 In Hoofstuk 5 is daar bevind dat
- 3.5.1 Gesinsopvoeding in wese 'n pedagogiese aangeleentheid is wat ook tegelykertyd andragogiese implikasies het.
- 3.5.2 daar duidelike riglyne en voorskrifte deur die Onderwysdepartement, ander onderwysliggame soos die NKR, asook Uitkomsgebaseerde Onderwys neergelê is wat van toepassing is op die kurrikulering en implementering van Gesinsopvoeding.

- 3.5.3 daar 'n duidelike verskil tussen Inhoudsgebaseerde Onderwys en Uitkomsgebaseerde Onderwys is en dat laasgenoemde besondere eise aan die opvoeder stel asook groter eise stel ten aansien van die beskikbaarheid van hulpmiddels.
- 3.5.4 kurrikulering aan wetenskaplike vereistes moet voldoen ten einde te kwalifiseer as 'n verantwoordbare proses waarvan die uitkomste (die leerprogram) in lyn is met die outentieke behoeftes van 'n besondere samelewing.
- 3.5.5 alhoewel Gesinsopvoeding as selfstandige wetensgebied oor 'n eie aard en terminologie beskik, die aanbieding daarvan in die praktyk in geheel volgens Uitkomsgebaseerde Onderwys kan geskied (Gesinsopvoeding en Uitkomsgebaseerde Onderwys is in die praktyk versoenbaar).
- 3.5.6 toepaslike inhoud in lyn met die behoeftes wat bestaan en uit die situasie-analise afgelei is vir die vier fases (Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en Verdere Onderwys- en Opleidingsband) asook uit die universum gereduseer kan word en wel onder die volgende hoofde: die uniekheid van die mens, verhoudings, die huwelik, die gesin en gesinslewe, invloed van maatskaplike druk op die gesin, konflik in die huwelik, kinder-seksuele mishandeling, egskeiding, alkohol- en/of dwelmmisbruik, hantering van trauma en handhawing van 'n gesonde en gebalanseerde lewensstyl.
- 3.5.7 dieselfde temas in elkeen van die vier bogenoemde fases voorkom wat 'n opbou van kennis, kennisverdieping en toename in moeilikheidsgraad veronderstel.
- 3.5.8 leergeleenthede verband moet hou met leerders se waardestelsels, religieuse oortuigings, kulturele verskille en tradisies.
- 3.5.9 die lewenservaring, wordingsvlak, behoeftes en spesiale behoeftes soos visuele en gehoorgestremdheid en leergebreke van die leerders in ag geneem moet word.
- 3.5.10 dit moontlik was om 'n program te ontwerp vir die verskillende fases in die Algemene Onderwys- en Opleidingsband en die Verdere Onderwys- en Opleidingsband.

4. AANBEVELINGS

- 4.1 Op grond van bevindings 3.1.1 tot 3.1.5, 3.2.1 tot 3.2.8 en 3.5.1 word daar aanbeveel dat
- 4.1.1 daar by skole voorsiening gemaak word vir 'n ouerbegeleidingsprogram waardeur die ouers ingelig kan word oor die Gesinsopvoedingsprogram wat vir die leerders aangebied gaan word, opgelei en bemagtig kan word om pro-aktief in die eie gesinslewe te belê ten einde ontaarding en probleme in die eie gesin te voorkom asook reaktief begelei kan word in die hantering en moontlike verwysing van probleme wat reeds in die gesin bestaan.
 - 4.1.2 verdere navorsing met die oog op die ontwerp van 'n ouerprogram onderneem word.
 - 4.1.3 skole verrykingsgeleenthede vir gesinne (ouers en kinders) aanbied, byvoorbeeld in die vorm van seminare, werkswinkels en kampe.
 - 4.1.4 die telefoonnommers en adresse van hulpsentra soos huweliksburo's byvoorbeeld FAMSA aan ouers beskikbaar gestel word wanneer gesinspatologiese verskynsels voorkom wat gespesialiseerde en multidissiplinêre aandag vereis.
- 4.2 Op grond van bevindings 3.1.4, 3.2.8 en 3.3.1 word daar aanbeveel dat Gesinsopvoeding in alle fases (Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en Verdere Onderwys- en Opleidingsband) in skole aangebied moet word.
- 4.3 Op grond van bevindings 3.3.3, 3.5.4 en 3.5.8 word daar aanbeveel dat die behoeftes van die gemeenskap as 'n riglyn sal dien vir die verbesondering van die Gesinsopvoedingsprogram vir 'n bepaalde klasgroep in 'n bepaalde skool.
- 4.4 Op grond van bevinding 3.5.10 (in samehang met bevindings 3.5.1 tot 3.5.9) word daar aanbeveel dat
- 4.4.1 die voorgestelde leerprogram aanvaar word as 'n konsepleerprogram vir skole in Suid-Afrika.

- 4.4.2 die leerprogram voorsiening maak vir die kulturele diversiteit van Suid-Afrika, die spesiale behoeftes soos visuele en gehoorgestremdheid van leerders en om op die wydste moontlike vlak te differensieer en te akkommodeer.
- 4.5 Op grond van bevindings 3.3.9, 3.4.11, 3.4.13, 3.5.3 en 3.5.5 word aanbeveel dat
- 4.5.1 opvoeders voordiens en indiens opgelei word om Gesinsopvoeding aan te bied.
- 4.5.2 opvoeders gereelde verrykingskursusse moet bywoon.
- 4.6 Op grond van bevindings 3.1.1 tot 3.1.7 en 3.2.1 tot 3.2.9 en 3.4.19 word daar aanbeveel dat
- 4.6.1 Gesinsopvoeding 'n verpligte deel uitmaak van Kurrikulum 2005 in die leerarea *Lewensoriëntering* (Leerarea 8).
- 4.6.2 hulp en ondersteuning van die Onderwysdepartement in die vorm van advies en kontrole vir Gesinsopvoeding aan skole beskikbaar gemaak word.
- 4.6.3 fondse beskikbaar gemaak word vir die voorsiening van hulpmiddels met die oog op die Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering.

5. AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

- 5.1 Op grond van bevindings 3.3.1 tot 3.1.5 en 3.2.1 tot 3.2.8 word aanbeveel dat verdere navorsing met betrekking tot effektiewe ouerskap en opvoeding vir gesinslewe onderneem moet word met die oog op die ontwerp van 'n ouerhandleiding en verrykingsprogramme vir ouers.
- 5.2 Op grond van bevindings 3.4.16, 3.4.17, 3.5.3, 3.5.8 en 3.5.9 word daar aanbeveel dat
- 5.2.1 verdere navorsing onderneem word vir die ontwerp van 'n handleiding vir opvoeders met duidelike riglyne vir die aanbieding van die temas in

die voorgestelde leerprogram volgens die Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering.

- 5.2.2 verdere navorsing onderneem word met die oog op die ontwerp van assesseringstrategieë om te voldoen aan die eie aard van gesinsopvoeding met die oog op die bereiking van die Kritieke Uitkomstes en Spesifieke Uitkomstes.

6. LEEMTES IN DIE STUDIE

- 6.1 Die feit dat daar in hierdie studie nie navorsing onderneem is om bogenoemde aspekte aan te spreek nie, kan as 'n leemte beskou word en dit kan aanbeveel word vir verdere navorsing.
- 6.2 Die voorgestelde leerprogram is nie in die praktyk getoets nie. Daar word aanbeveel dat die leerprogram proefondervindelik in geselekteerde skole getoets moet word met die oog op verfyning en aanpassing.

7. GEVOLGTREKKINGS

In 'n terugskou is daar in hierdie hoofstuk besin oor die probleem wat nagevors is in hierdie studie. Oorweging is geskenk aan die verloop van die navorsingsprogram wat deur die doelstellings gerig is. Deur die uitvoering van die navorsing volgens die Historiese Opvoedkundige navorsingsmetode as die primêre metode van die ondersoek, het die rondblik asook terugblik die navorser in staat gestel om met groter begrip en insig oor te gaan tot die ontwerp van 'n leerprogram in Gesinsopvoeding vir skole in Suid-Afrika. Deur die opvoedkundige fundering van Gesinsopvoeding, 'n deurgronde studie na departementele voorskrifte en riglyne en die toepassing daarvan, kon die primêre doelstelling van hierdie studie in vervulling gaan met die ontwerp van die leerprogram.

Wetenskaplike bevindings het as begroning gediens vir die aanbevelings wat gemaak is. Hierdie aanbevelings is, soos alle besinnende onderwysdenke behoort te wees,



gerig op die toerusting, verryking en bemagtiging van die leeders van Suid-Afrika en die versterking van die gesinslewe as hoeksteen van die volk van Suid-Afrika.